# Nie tafel, hond of potlood nie

## STUKKE OOR IDENTITEIT, DIE SELF, EN DIE RESULTAAT VAN ALLES

BRAND SMIT



# Nie tafel, hond of potlood nie

stukke oor identiteit, die self,
en die resultaat van alles

BRAND SMIT

© 2018 Barend J. L. Smit

Alle regte voorbehou
Eerste uitgawe 2018

**INHOUD**


INLEIDING 7

Hoekom is identiteit belangrik? 12
Om deel te wees van iets groter 14
Eindkontemplasie, deel een/Die uiteindelike hoop 21
Wie en wat 24
Drie insidente 29
Geloofwaardige identiteit in 'n nuwe gemeenskap 38
Oor persoonlike lêers 43
Wees jou eie SELF | Slegte akteur 46
Die SELF word gebore (en ander notas van 'n partikulêre dag) 48
Nuwe gesig op die kaarte (en op die telefoon) 53
Is dit ek, of is dit Omgewing Z? 54
Ek besit sewe onderbroeke … 55
Enkele vrae aan die begin van 'n einde 57
Die SELF | Toepassing | Identifiseer 59
Aanvaar jouself – al is dit net om tyd te spaar 64
Klein huis, groot wêreld 65
Oorgelewerde kennis, en ou skroewe 67
Legkaart mense 68
Identiteit, die SELF, en die resultaat van alles 69
Die GEGEWE SELF, en die rol van intellektuele 73
Oor wedergeboorte, en 'n "nuwe" SELF 75
Bewys die SELF | Formule wat lei tot resultaat 78
Wat GEGEE word, en wat jy KIES 80
Hoekom rebelleer 'n tiener? 87
"Ek, nou" en verwante notas 89
Oorsprong van die SELF (en het reptiele siele?) 91
Organe, republieke en ander onderwerpe 98
Die voller betekenis van die "gegewe self/gekose self" idee 100

Is "Brand Smit" 'n werkbare Homo sapiens model? 101
Verskyning | Ken jouself | Gebuigde wêreld 104
Wat sou jy wees as jy nie VERSKYN het nie? 106
Man in die spieël | Groei | Renaissance man 108
Identiteit van God | Ek is wie ek was 110
Gedagte twee + Gedagte een 111
Maatreëls en "werklike" identiteit 113
Identiteit, oorlewing, funksionering 114
Verloor jouself, of wend jouself aan 115
Los fragmente wat aansluit by "Verloor jouself, of wend jouself aan" 118
Verloor jouself, of wees jouself … 120
Wie is ek werklik? 122
Die volle waarheid | Eksistensiële vraag 126
Woestyn of stad, en 'n beginsel 128
VERSKYN of VERDWYN? 129
Oor ape en (sogenaamde) oorspronklikheid 131
Vir as enige iemand vergeet het 134
'n (nuwe) Bestaan in drie noodsaaklike stappe 135
Die sondes van die BRON word besoek … 136
Vrye en onvrye verskynings 137
'n Ietwat slordige proses 138
Insigte op Vrydagoggend 17 Desember 2004, soos hulle gearriveer het 139
Oor prosesse, frases en keuses 143
Die aanhoudende herverskyning van ou materiaal … en natuurlik oor verskyning 144
Om te word wat jou sal bring waar jy moet wees 145
Nog 'n jaar | Bobbejaan spanner 146
Kern van persoonlikheid | Persoonlike woordeskat 149
Bewys jou identiteit | Om niemand te wees 152
Bron en funksie van identiteit 153
Woordelose bewussyn 155
Klem op persoonlike realiteit 157
My persoonlike religie 158

Om goed genoeg te funksioneer | Belangriker as ander 159
Transformasie | Voordele daarvan om nie verskyn nie 161
Ek is sterflik, én onsterflik 163
Wat was jou proses? 165
Stellings en vrae wat definieer 167
Identiteit | Sirkel van lewe 169
Om jou keuses te regverdig 171
Waarheid, identiteit, lewe in die stad, en Meneer S. Gautama 174
"Ek" en die taal wat ons praat 178
'n Paar dae weg van Benewelde Lig 179
Vind eers, definieer dan jouself 183
Heel waarskynlik nie wat jy dink jy is nie 186
Die man sonder identiteit 188
Een of twee punte oor identiteit en geldmaak 189
Identiteit en onbekende situasies 191
Die SELF as miljoene brokkies data 193
'n Naam wat jou sê waar om te soek 194
Jy – is 'n vloeibare konsep 195

# INLEIDING

## Waaroor gaan hierdie bundel?

Enkele grepe uit die teks:

“Stel jouself die volgende situasie voor: Piet X van Bronkhorstspruit ontmoet vir Jan Z by ’n braai. Jan Z stel homself voor as ‘Jan Z van Pretoria’ en steek sy hand uit. Piet X glimlag vriendelik, steek ook sy hand uit, en stel homself voor as ‘Jan Z van Pretoria’.”

“Wanneer dit gebeur, wanneer jy gekonfronteer word met die realiteit dat jy nie meer weet hóé en waar jy inpas in die Groter Landskap nie, sal jy dit moeilik vind om jouself te verbind en toe te wy aan enige iets anders as dit wat aan jou onmiddellike vertroosting bied in die aangesig van ’n wêreld wat jy toenemend antagonisties sal vind.”

“‘Kies ’n naam uit ’n tydskrif,’ het ek voortgegaan, ‘en maak dit jou eie. Dink ’n storie uit oor waar jy vandaan kom … jy kan sê jy’s van die buitenste ruim, maar mense neem dit nie meer ernstig op nie. Sê jy’s van die Balkan,’ was my voorstel, ‘of van Noord-Ierland of Arizona of so ’n plek.’”

“In 2000 is ek weer gekonfronteer, dié keer in Taiwan, met mense aan wie ek myself moes identifiseer, nadat ek weereens ’n jaar in obskure anonimiteit gefunksioneer het – waar net die mees basiese data oor myself goed genoeg was.”

“In sommige gevalle is wie en wat ons veronderstel is om te wees, met hier en daar ’n verfspatsel om onsself tot ’n mate uniek te maak, goed genoeg, en hierdie identiteit word dan aangebied as antwoord op wie ons is.”

"Ons word gebore, raak bewus van die feit dat ons *iets* is tussen ander *ietse* en *iemand* tussen ander *iemande,* en dat daar van ons verwag word om te funksioneer as die *iets* wat ons is (moenie optree asof jy 'n tafel of 'n troeteldier is nie) en ook om te funksioneer as *iemand*."

"Wat is die mens dan, anders as 'n hoogs ontwikkelde soogdier? En hoekom, terloops, is dit so belangrik om meer te wees as net nog 'n soogdier? Ek meen, eerder 'n soogdier as 'n reptiel, reg? Of is ek snobisties?"

"Sommige mense eindig op as karikature van die data wat hulle uit die omgewing kry oor wat hulle moet wees en hoe hulle moet optree. Hierdie legkaart karikature is oënskynlik onbewus van hoe duidelik die nate wys tussen die soms geykte onderdele waaruit hulle sosiaal funksionerende persona's saamgestel is."

"Om gegewenheid te konfronteer, te erken, en te glo aan die asemrowende moontlikhede wat binne die bereik is van 'n redelik intelligente persoon, is onontbeerlike bestanddele van die Proses van Wedergeboorte – en moontlik, maar nie noodwendig nie, die geboorte van die VERLIGTE SELF."

"Is daar 'n kwalitatiewe verskil tussen my '1' en die gemiddelde '1'? Moontlik, en moontlik nie. Wat belangrik is, is dat ek my klassifikasie verander het van 'problematiese funksionering' na 'bevredigende funksionering', nie noodwendig van 'funksioneel' na 'beter' nie."

"Feit is dat mense soms dekades opbrand in 'n poging om uit te sorteer wat hulle *veronderstel* is om te doen. Hulle spandeer jare opsoek na 'regte' antwoorde, hulle 'werklike' self, hulle 'regte' plek, waar hulle 'regtig' behoort … sonder om te besef hulle het basies twee keuses: *aanvaar* hoofsaaklik jou gegewe self en funksioneer as sulks, binne die partikulêre raamwerk

van gegewe tyd en plek, of *kies* wie en wat jy wil wees, en wáár."

"Identiteit wat herken en tot 'n mate goedgekeur word deur die gemeenskap word dus hoofsaaklik benodig vir VERSKYNING. In ag genome hierdie verbintenis tussen identiteit en verskyning op bepaalde tydstip en plek, wat sou die waarde daarvan wees om *nie* te verskyn nie?"

"Dit behoort selfvertroue op te wek om te wéét mens kán van omgewing verander, en ~~steeds dieselfde bly~~ … ~~steeds "ek" wees~~ … ~~steeds dieselfde identiteit behou~~ … voortgaan om te *funksioneer* as iemand wat in wese *verwant* is aan die 'ek' van gister, en tien jaar gelede, op 'n halfdosyn plekke op twee kontinente."

"Miskien is die doel van hierdie lewe nie om te gaan waar die drake lê nie, naamlik, om jouself te 'verloor' nie, maar om betrokke te raak, kant te kies, en jou self as't ware aan te bied vir 'n 'goeie saak'."

"Teen hierdie tyd beskik ek oor genoeg data oor myself om myself te kan herken as ek verby 'n spieël stap, en om (meeste van die tyd) te reageer as die naam geuiter word wat my ouers 33 jaar gelede gekies het om my te noem, en wat ek oor die afgelope 33 jaar aanvaar het as goed genoeg vir alledaagse gebruik."

"Jy raak moeg daarvoor om jouself te verduidelik aan ander mense. Jy raak ook toenemend bewus van jou eie karikatuur in verskyning aan die wêreld. Jy begin toenemend 'n behoefte te ervaar om te onttrek."

"As 'n primêre doel van die BRON is om mense in staat te stel om 'n goeie idee te ontwikkel van wie en wat hulle is en funksionering moontlik te maak, wat is die primêre doel van die mens se bestaan? Om identiteit te bewerkstellig en

suksesvol te funksioneer? Wat is ‘suksesvolle funksionering’? Oorlewing? Ek glo nie.”

“Wanneer jy nie verskyn nie, hoef jy nie verleë te voel, of jouself te verduidelik, of verskoning te maak vir aspekte van jou lewe of die toestand van jou woonruimte nie.”

“Hierdie is maar enkele vrae waarvoor jy ’n uur of wat kan afknyp as dit net jy is – as jy jouself bevind in ’n plek waar jy niemand ken nie, waar bekende stemme vir die oomblik nie jou eie weergalm, of stil praat, of ondersteun nie.”

“As jy nie weet wat jy met jou lewe wil doen nie, wat doen jy met jou lewe? Hoe funksioneer jy? Hoekom leef jy soos jy leef, waar jy leef, en met wie jy leef? Hoekom doen jy die werk wat jy doen? Hoekom dra jy die spesifieke klere wat jy dra?”

“Wat sal ’n mens vind as jy die wildernis betree vir ’n onbepaalde tyd, sonder die gerief van ’n tandarts of ’n dokter, of die luuksheid van lopende water en ’n spoeltoilet en toiletpapier, of die vermaak wat ’n TV, of die internet, of koerante en boeke, of vriende, of filmteaters mens gee. Inderdaad, wat vind ’n mens sonder liefde – as jy ’n vae idee het hoe om te soek wat jy nie noodwendig kan verwoord nie?”

“As jy nie weet wie jy is as geldmaker nie, gaan jy dit moeilik vind om geld te maak. Ook goed om die teenoorgestelde in ag te neem: As jy deur die proses gegaan het om uit te sorteer, te ontdek en te kies hoe jy wil geld maak – en dan op ’n manier, of selfs maniere, wat jou persoonlikheid en talente pas, sal jy heel waarskynlik vind dat jy minder struikelblokke onbewustelik in jou eie pad rol.”

“Hierdie inligting oor my kulturele, etniese en linguistiese herkoms het nie vir my gesê wié om te wees of wát om te doen nie, dit het bloot vir my gesê wáár om te kyk vir idees oor wat

om te doen en wie om te wees. Dit sê dus nie, wéés dit nie. Dit sê: Soek hier.”

**Wie is die skrywer?**

Gebore op 29 Junie 1971 in Pretoria, in die Republiek van Suid-Afrika.

Spandeer twee jaar in Suid-Korea as Engelse onderwyser tussen 1996 en 1998.

Werk in Johannesburg vir ses maande in 1998.

Vertrek na Kaohsiung, in die suide van Taiwan, in Januarie 1999.

* * * * * * * * * * * * * * *

Die notas en essays in hierdie versameling is geskryf tussen 1999 en 2015.

## Hoekom is identiteit belangrik?

Sondag 4 Julie 1999

Hoekom is identiteit so belangrik? Omdat jy ’n individuele entiteit is met ’n afsonderlike bewussyn. En om deel te kan wees van enige gemeenskap moet jy jouself ken. Jy moet voortdurend keuses kan maak in uiteenlopende situasies, en jy moet ten minste ’n goeie idee hê hoekom jy daai spesifieke besluite maak. Hierdie besluitnemingsproses affekteer jou persoonlikheid, en jou persoonlikheid is ’n essensiële bestanddeel van hierdie proses. Die ontwikkeling van ’n patroon word ook geopenbaar. Môre moet jy weer dieselfde tipe besluite neem, of soortgelyke keuses maak. Ten einde jouself nie ten volle te vervreem van ander mense nie, moet daar ’n graad van ooreenkoms wees tussen die jy-van-gister en die jy-van-vandag.

Identiteit is ook ’n handige instrument in die proses van onderskeiding tussen jouself en jou omgewing. Jy is immers nie ’n boom nie, en jy is nie ’n hond of ’n motorkar nie. Jy moet weet hoe en waar jy inpas in jou onmiddellike omgewing, en in die groter werklikheid, anders gaan jy nie weet watter stappe jy moet neem ter wille van selfbehoud en oorlewing nie.

Dink aan die situasie in ’n teater – mense in die gehoor en die akteurs op die verhoog. Die individuele lid van die gehoor ken die reëls van die situasie. Hulle ken die grense, en hulle ken hul plek in die onmiddellike omgewing (die teater waar die stuk opgevoer word). Hulle gaan nie byvoorbeeld hul persoon in gevaar stel, of hulleself in die verleentheid stel, deur op die verhoog te spring en die akteurs en aktrises te begin rondklap nie (tensy dit regtig ’n slegte stuk is).

Om ’n sensasie te ervaar dat jy hoort op ’n sekere plek of tussen ’n sekere groep mense, beteken dat jou identiteit heel waarskynlik aanvaarbaar is vir ander mense in die omgewing.

Om te voel dat jy êrens hoort, laat jou ook veilig voel, en dit gee aan jou ’n sin van eiewaarde.

# Om deel te wees van iets groter

{Agtergrond: Teen September 2003 het ek dit ernstig oorweeg om Taiwan te verlaat vir ’n groterige dorp in Gauteng genaamd, Bronkhorstspruit.}

Dinsdag 2 September 2003

Ek sal hierdie stuk begin met ’n feit: Daar is dinge in hierdie lewe wat groter is as enige enkele individu.

Nou goed, teen hierdie tyd behoort jy reeds te weet dat jou hele bestaan afhanklik is van dinge wat groter is as jy, dat jy inderdaad nie eens ’n mens kon word as dit nie was vir die feit dat daar mense voor jou was nie, wat almal ook afhanklik was van dinge wat groter as húlle was. Almal weet hierdie dinge, reg? Almal weet daar is dinge groter as enige enkele individu!

My oorspronklike stelling, wat steeds uitermatig diepsinnig is ten spyte van die feit dat almal dit weet, moet dus ’n bietjie rooipeper bykry om dit genoeg skop te gee as die fokus van ’n essay.

(Twee weke later. Woensdag 17 September 2003. Klein ure van die oggend.)

Maak nie saak of jy gereeld en bewustelik daaraan dink of nie, almal behoort op een of ander manier aan die Groter Geheel – dit sluit in die sielkundige, die filosoof, die digter, die predikant, die Hells Angel op sy Harley Davidson, die lid van die Mafia, die middestad bendelid, die president van ’n groot maatskappy, die kleinboer in China, die boemelaar in die stegie, en die politikus babbelend agter die mikrofoon. Meeste mense het ’n redelike idee hoe hulle inpas in die Groot Legkaart, ongeag of hulle oor die regte woordeskat beskik om ’n intelligente gedagte te formuleer oor die onderwerp, of nie.

Die manier hoe jy inpas by die Groter Geheel is soos 'n paspoort wat jy sou kon wys aan 'n kosmiese immigrasiebeampte wat wil weet, "Wie is jy?" Hierdie "paspoort" bevat inligting oor die spesie waaraan jy behoort ("Meneer X sorteer onder die spesie *Homo Sapiens* en moet dus nie as 'n makgemaakte sjimpansee beskou word nie"), jou ouderdom, en ook jou naam, of name (die een wat jou ouers jou gegee het, die byname wat jou vriende jou noem, en/of die naam wat jyself gekies het). Dit bevat data oor die plek waar jy gebore is, waar jy op skool was (as jy sover gekom het), en of jy tersiêre opleiding gekry het (en indien wel, waar). Dit bevat ook data oor jou voorkeure en afkeure, jou talente, jou belangstellings, wat jy al gedoen het met jou lewe, wat jy nog wil doen, jou drome, jou ambisies en jou mislukkings. Ander belangrike inligting sluit in of jy jouself ag as lid van een of ander religieuse gemeenskap; indien wel, watter spesifieke religie, en selfs watter denominasie. Waar jy woon, in watter sosio-ekonomiese klas jy geplaas kan word, of jy getroud is of nie, jou seksuele oriëntasie, of jy kinders het, en wat jy doen op 'n daaglikse basis om te oorleef, is alles verdere detail wat jou individuele kosmiese kode bepaal wat jou "wettiglik" deel maak van die Groter Geheel. 'n Verdere bepalende faktor is assosiasies, wat insluit familie, vriende, kennisse, vennote, en selfs vyande ("ABC is die seun van EDF, eggenoot van GHI, pa van JKL en MNO, beste vriend van PQR, besigheidsvennoot van STU, en aartsvyand van XYZ").

Twee laaste gedagtes verdien melding in hierdie verband: Jy moet soveel as moontlik stukkies data oor jouself weet, en jy moet so veel as moontlik die persoon wéés waarna hierdie stukkies data verwys om in eerlikheid teenoor jouself en teenoor ander aanspraak te kan maak op die Unieke Kosmiese Kode wat jou deel maak van die Groter Geheel.

Om nie te weet "wie jy is" nie, en derhalwe hoe jy inpas-en-behoort aan die Groter Geheel, is om vervreemd te voel van die omgewing waarbinne jy jouself bevind. Hierdie gebrek aan lidmaatskap lei sonder veel uitsondering tot een of meer van die volgende toestande: eensaamheid, 'n gevoel van

isolasie, heel moontlik angstigheid, en ’n aggressiewe houding jeens jou omgewing en die mense met wie jy in daaglikse kontak is.

Stel jouself die volgende situasie voor: Piet X van Bronkhorstspruit ontmoet vir Jan Z by ’n braai. Jan Z stel homself voor as “Jan Z van Pretoria” en steek sy hand uit. Piet X glimlag vriendelik, steek ook sy hand uit, en stel homself voor as “Jan Z van Pretoria”. Die werklike Jan Z van Pretoria sal moontlik geïrriteerd glimlag vir wat hy sal glo ’n poging tot humor is, maar hy sal vinnig aanskuif na ’n volgende groep as hy besef dat Piet X heeltemal ernstig is – laasgenoemde is oortuig daarvan dat ook hý “Jan Z van Pretoria” is. Later die aand stel Klara K van Kaapstad haarself aan Piet voor, en weereens antwoord hy in alle erns dat ook hý “Klara K van Kaapstad” is.

Almal, behalwe moontlik Piet X, sal teen die einde van die aand oortuig wees van die feit dat Piet in groot moeilikheid is. Hoekom? Omdat jy moet wéét wie jy is om te kan oorleef, en om te kan funksioneer in ’n omgewing buite inrigtings vir disfunksioneles.

* * *

Wat het hierdie insigte uit te waai daarmee of ek vroeg volgende jaar teruggaan Suid-Afrika toe, en of ek langer in Taiwan sal bly? Alles.

As ek “Piet X van Bronkhorstspruit” is, wil ek myself kan voorstel as “Piet X van Bronkhorstspruit”, en ek wil oortuig wees van wat dit beteken om “Piet X van Bronkhorstspruit” te wees. Verder wil ek weet as “Jan Z van Pretoria” goed voel oor wat dit beteken om “Jan Z van Pretoria” te wees, ek ook goed voel oor wie ék is. En as “Klara K van Kaapstad” haarself aan my voorstel, en ek kom agter in die gesprek wat volg dat sy oortuig is daarvan dat sy nie “Linda Q van Johannesburg” is nie (en ook nie wil wees nie), dan wil ek in

my binneste weet dat ek dieselfde oortuiging van myself manifesteer.

Is ek tans oortuig van wie ek is? Is ek verder oortuig dat "Brand X, voorheen van Taiwan en Korea maar nou van Bronkhorstspruit", sy Kosmiese Kode trots sal kan resiteer by kerkvergaderings en rugbybraaie? Of is dit belangriker om my lidmaatskap te behou, vir eers, van 'n groep mense wat *buite* woon?

(Steeds Woensdag 17 September 2003; laatmiddag.)

Dit blyk dus dat ek tans 'n moerse Bronkhorstspruit backlash ervaar. Goed en wel, ek het nie sewe jaar in die Ooste spandeer om net skielik een dag op 'n sentimentele badkamermat te klim en, terwyl die mat by die deur uitvlie, vir almal te wuif soos een of ander crash course Zen ghoeroe en te sê, "OK julle, ek fokof dan … kom braai saam met ons in Bronkhorstspruit!" nie. Nee, die hele idee moet soos enige ander plan met vrot kool en eiers bestook word. As die plan die volgende oggend kan opstaan, en met 'n koolblaar wat soos 'n ongekamde kuif in sy oë hang op die stoep kan verskyn en kan verklaar, "Ek is orraait! Hoesit?!" dan weet ek, ek het iets beet.

Ek het wel gewonder wat die reaksie teen Bronkhorstspruit veroorsaak het. Soos ek my fiksheidstoerusting afstof en wegpak, gaan ek in my geestesoog deur die lys van dinge wat my lewe sal opvul as "Brand van Bronkhorstspruit": my besigheidsprojekte, besoeke aan die plaaslike Spar, braaivleis en nagereg by die familie, en natuurlik my skryfwerk. Ek dink toe dat ek selfs kan oorweeg om in te skryf vir 'n akademiese kursus of twee in rigtings waarin ek geïnteresseerd is, insluitende Chinees.

Ek vra myself toe wat die groot verskil is tussen dít, en wat ek nou doen. Natuurlik speel omgewing 'n groot rol in mens se daaglikse lewenservaring, en Benewelde Lig Nuwe Dorp in die Berg-van-die-Feniks is beslis 'n interessanter omgewing as Woonstelle-op-die-Rand-van-die-Dorp in

Bronkhorstspruit. Maar hoe belangrik is dit werklik as mens aan die einde jou somme maak?

Helaas, dit was die beeld van my wat sit en skryf in my woonstel, waar ook al in Suid-Afrika, wat toe ’n interne alarm laat afgaan. My identiteit as ’n skrywer is vir my van kardinale belang. Dit is tot ’n groot mate wie ek is. Dis wat ek doen. Dis nie net ’n edel en betekenisvolle beroep om te volg nie; dis ’n lewe wat my inspireer om op te staan in die oggend en die omgewing buite my venster in die gesig te staar – waar in die wêreld hierdie omgewing ook al blyk te wees.

Ek neem toe my plek in by die spieëltafel, gereed om formeel diepsinnig te raak. Toe tref dit my: Meer as 90% van alles wat ek neergevel het op papier die afgelope vyf jaar, het te make met my lewe in selfopgelegde ballingskap! My identiteit as ’n SKRYWER is, ten minste op hierdie stadium van my lewe, ’n onvervangbare aspek van my KOSMIESE KODE, en WIE EK IS AS ’n SKRYWER, IS INEENGESTRENGEL MET MY LEWE OP HIERDIE EILAND!

Wie is ek dus, as ek nie “Skrywer in self-opgelegde ballingskap in Taiwan” is nie?

(’n Grillerige Japannese riller in die plaaslike teater later.)

“Deur briljante speurwerk het die Interne Diens die hoofverdagte gekonfronteer, en met behulp van uitstaande ondervragingstegnieke die verdagte geforseer om skuld te beken. Dit is dus my beskeie eer om aan die Volk bekend te maak dat die skuldige is … die Skrywer! Die Skrywer, dames en edel menere, is die een wat die Volk se moraal en wilskrag binnegesypel en besoedel het met … ANGS!”

Krete van skok word soos gebruiklik sonder beleefdheid verdoof. Die inspekteur gaan voort asof hy net sy keel skoongemaak het.

“Na verdere ondersoek na die motivering van die Skrywer het dit aan die lig gekom dat hy in diepe bepeinsing die afgelope paar weke se onderhandelinge gevolg het. Teen

Maandagaand was hy oortuig van wat hy eers net vermoed het – dat hy sy werk gaan verloor in die Beplande Terugkeer na die Moederland; dat hy afgedank gaan word, ge-fire gaan word, afgeskaal gaan word, sonder enige waardigheid op vroeë aftrede gedwing gaan word. Die Skrywer het besef as hý stof byt, hy nie alleen gaan eet nie.

"Gelukkig is onse Staat hoogs liberaal en linksgesind, so die Hoof-oopkop is ingeroep vir onmiddellike herstelwerk aan die Skrywer se gemoed. En natuurlik, dames en beleefde menere, om hom te verseker dat hy 'n onvervangbare deel is van Onse Edel Staat! Ons sal immers nie 'n behoorlike doel kan formuleer vir ons bestaan sonder die diepsinnige materiaal wat ons sensitiewe en angsgevulde Hooftroep in die Stryd vir die Siel so gereeld in ons gesigte gooi nie!

"Lank lewe die Skrywer, dan! Lank lewe Ons Staat! Voorwaarts Stryders vir Ons Stryd! As ek nou net die vervloekte sleutels kan kry om die Skrywer van sy boeie te bevry …"

* * *

Om deel te wees van iets groter as die enkele JY, is 'n behoefte sentraal aan die mens se ervaring van die lewe. Dis een van die primêre redes hoekom mense so aangetrokke is tot godsdiens, veral die geïnstitusionaliseerde manifestasie daarvan. Dis die rede hoekom mense verkies om deel te wees van 'n groep eerder as om alleen te wees. Dis die rede hoekom mense patrioties is. Dis een van die redes hoekom mense 'n spesifieke sportspan ondersteun. Dis ook een van die redes hoekom 'n nuwe lid van die Hells Angels sal verskyn in bepaalde kleredrag, en 'n ketting rondswaai eerder as om motoriste met droë ertjies deur 'n strooitjie te skiet – laasgenoemde keuse van wapentuig sou hom nie kwalifiseer as deel van die groep waaraan hy wil behoort nie; so ook nie om rond te ry op sy staalperd in 'n pak klere met 'n wit hemp en 'n rooi strikdas nie.

Omdat mense nodig het om deel te wees van iets groter as net die enkeling wat sy in haar vel is of hy in syne, definieer mense hulle identiteit – hulle "kosmiese kode" – tot 'n groot mate volgens groepe waaraan hulle behoort, hetsy dit 'n maatskappy of instelling is waarvoor hulle werk, 'n ondersteunersgroep van een of ander sportspan, nasionaliteit, lidmaatskap van 'n gesin of familie, aktiewe deelname aan een of ander subkultuur, of 'n kombinasie van al voorafgenoemde.

Verhoudings is 'n fundamentele aspek van hierdie stelsel van identiteit-deur-assosiasie, van weet wie jy is deur te weet hoe jy inpas deur middel van lidmaatskap aan iets groters as net jyself. Verhoudings bevestig lidmaatskap: "Jy's een van ons." Verhoudings verminder angs: "Ek is nie die enigste een nie." Verhoudings bevestig identiteit: "Hier's Piet X nou. Hy ken my beter as wat ek myself ken."

Verhoudings hou ook soms die individu gevange deurdat 'n persoon tot konformiteit gemanipuleer word ter wille van lidmaatskap aan die groep. Soms vernietig verhoudings geloof in goeie dinge. Soms lei verhoudings tot vernietiging van wat goed is. Soms lei die hardkoppige handhawing van 'n verhouding – ter wille van die voordele van lidmaatskap, of *veronderstelde* voordele in sommige gevalle – tot die dood van die self, of tot die dood van ander.

Maar verhoudings is meestal goed. Verhoudings lei in baie gevalle tot 'n meer genotvolle ervaring van die lewe. Verhoudings versterk wanneer die enkeling swak is. Verhoudings vertroos. Verhoudings bring nuwe lewe. Verhoudings is onvervangbaar in die strewe daarna om te behoort aan die Groter Geheel.

Daar kan verder gespekuleer word in hierdie stuk dat ek, die Skrywer van Stukke, 'n betekenisvolle gebrek ervaar aan definiërende verhoudings.

## Eindkontemplasie, deel een/Die uiteindelike hoop

Maandag 22 tot Donderdag 25 September 2003

Ek voel asof ek besig is om die einde te bereik van wat ek in retrospek my "boek" kan noem. Ek het nie al die vrae gevra nie (wie kan?), en ek het nie al die antwoorde nie (wie het?). Wat ek wel weet, of in oortuiging glo, is waaroor die lewe buite my kamervenster gaan.

Waaroor gaan die lewe dus, volgens my?

Op die mees elementêre vlak is dit 'n stryd om oorlewing. Van die miserabele boemelaar wat in agterstraatjies deur rommelsakke grawe, tot by Bill en Melinda Gates, die Pous, die Dalai Lama, die President van die Verenigde State, terug tot by die baba wat 'n minuut gelede gebore is in die agterbuurte van Kolkata, almal is altyd, van die oomblik van geboorte tot en met die oomblik van fisiese dood, gewikkel in 'n stryd om oorlewing. Hierdie stryd word gevoer op verskillende vlakke, en ter wille van 'n beperkte aantal behoeftes wat bevredig moet word.

Een van hierdie behoeftes het toenemend my belangstelling geprikkel die afgelope paar jare. Hoe meer ek na my eie lewe kyk, en die wêreld buite my voordeur waarneem, hoe meer word die belangrikheid van die behoefte, die drang om êrens te behoort, bevestig – om te weet hoe jou lewe gekoppel is aan ander vorms van lewe (en selfs lewelose objekte), in terme van die verlede, die hede, en die toekoms. Dit sluit in om te verstaan hoe jy inpas tussen ander spesies op hierdie planeet, en hoe jy inpas tussen die skreeuende massas mense, en tussen teenstrydige godsdienstige tradisies en uiteenlopende geskiedenisse van die mensdom.

Alle soogdiere – om die groep diere te kies waaronder ook die mens sorteer – weet instinktief waar hulle behoort. Dit is, alle soogdiere wie se natuurlike lewens en habitat nie versteur

of verander is tot so ’n mate dat hulle lei aan dieselfde droefenis as soveel mense in die moderne wêreld nie.

Om verward te wees oor jou plek in die wêreld – om nie te weet waar jy hoort nie, word meegebring deur verskeie faktore. Een van hierdie faktore is vervreemding van die omgewing waar jy op ’n sekere stadium van jou lewe geweet het op watter wyses en tot watter mate jy behoort. Hierdie vervreemding word op sy beurt onder andere teweeg gebring deur ontnugtering met dit wat voorheen jou identiteit gedefinieer het, en jou plek in die groter wêreld bepaal het. ’n Voorbeeld van laasgenoemde is die vervreemding wat plaasvind tussen ’n individu en die religieuse gemeenskap waarvan hy of sy voorheen ’n bevestigde lidmaat was – vervreemding veroorsaak deur persoonlike ervarings en/of intellektuele blootstelling wat soms die geloofwaardigheid van oorgelewerde waarheid wegvreet.

Wanneer dit gebeur, wanneer jy gekonfronteer word met die realiteit dat jy nie meer weet hóé en waar jy inpas in die Groter Landskap nie, sal jy dit moeilik vind om jouself te verbind en toe te wy aan enige iets anders as dit wat aan jou onmiddellike vertroosting bied in die aangesig van ’n wêreld wat jy toenemend antagonisties sal vind.

Identiteit – om jou eie naam te ken, jou nasionaliteit, persoonlikheid, voorkeure, talente, belangstellings, vrese, sterkpunte en swakhede, asook jou ambisies en drome – maak dit makliker om ten minste ’n goeie idee te hê waar jy staan met ander mense, en derhalwe om verhoudings te kan aanknoop. Dit is deur hierdie verhoudings wat jy uiteindelik lidmaatskap verkry aan groepe en gemeenskappe; ’n faktor wat ’n betekenisvolle rol sal speel in die vermindering van jou weerloosheid as ’n enkele individu. Lidmaatskap aan groepe en gemeenskappe sal jou in staat stel om minder te vrees, wat jou selfvertroue sal verbeter, wat die waarskynlikheid sal verhoog dat jou fisiese en emosionele behoeftes bevredig sal word. As hierdie gemeenskappe ’n religieuse gemeenskap insluit, mag jy dit selfs makliker vind om aan jouself, en aan

ander te verduidelik hoe jy glo jy deel uitmaak van ’n werklikheid wat tyd en ruimte oortref.

Bogenoemde beskrywing is die ideaal van positiewe en opbouende verhoudings. Negatiewe en destruktiewe verhoudings bevredig óók die behoefte om êrens te behoort, maar op ’n wyse wat nie vrees en angs verminder nie. Sulke verhoudings inhibeer ook soms meer positiewe en opbouende sosiale interaksie. Nietemin, ook “slegte” verhoudings beklemtoon die belangrikheid van die behoefte om deel te wees van iets wat groter is as net die enkele individu.

Om aktief deel te wees van groepe en gemeenskappe het ’n mens nodig om sekere basiese dinge oor jouself te weet en, wanneer nodig, te bevestig (jou naam, jou persoonlikheid, belangstellings, talente, oortuigings, en ander dinge wat reeds genoem is). ’n Mens het ook ’n basiese kennis en begrip nodig van die wêreld waarin jy jouself bevind op ’n daaglikse basis.

Indien jou intellektuele ontwikkeling die grense oorskry van ’n oorgelewerde begrip van “hoe dinge werk” (in die gemeenskap waarbinne jy jouself bevind), of indien hierdie begrip geloofwaardigheid verloor as ’n resultaat van sekere persoonlike ervarings, of na blootstelling aan ’n alternatiewe filosofiese verwysingsraamwerk of omvattende beskouing van bestaan, sal jy noodwendig sekere vrae stel. Beginsels sal ook geïdentifiseer (of geherdefinieer) moet word om jou begrip van menslike bestaan te fasiliteer. Hierdie beginsels, en die begrip wat daarmee saam sal ontwikkel, sal uiters bevorderlik wees vir die proses van identiteitsvorming (of herdefiniëring van identiteit). Hierdie proses sal jou in staat stel om te weet, of opnuut te ontdek, hóé, waar en met wie jy verhoudings behoort te kultiveer.

Uiteindelik sal die hoop wees om ’n beter begrip te hê van hoe jy deel vorm van alles wat is, was, en moontlik nog kan wees, en om voort te kan gaan met jou bestaan, maar as iemand wat nie op ’n daaglikse basis vervreemd voel van alles en almal om jou nie.

## Wie en wat

Woensdag 1 Oktober 2003

Identiteit is soos ’n eksterne kenteken (of versameling kentekens) wat ons ronddra en vertoon om aan ander te wys wie ons is. Identiteit help ons ook om die verhouding te verstaan tussen ons en ons omgewing en alles en almal wat deel is daarvan. Wát ons is, strek egter veel dieper as wié ons is. Ek glo verder dat identiteit ’n oorlewingsmeganisme is wat ons spesie aangeleer het in die proses van ewolusie, omdat vroeër meganismes wat dieselfde funksies gehad het as identiteit vandag, tot ’n groot mate afgestomp geraak het.

Elkeen van ons kan ’n hele lys dinge aframmel, wat almal wat wou weet sou oortuig dat ek nie Ronald Reagan is nie, en jy heel moontlik nie Napoleon Bonaparte nie. Ons het name, nasionaliteite, moontlik beroepe, telefoonnommers, selfoonnommers, identiteitsnommers, paspoortnommers, kredietkaartnommers, adresse, bloedtipes, alma maters, herinneringe van hoërskool, belangstellings, gunsteling vakansieplekke, ambisies en drome … net om ’n paar te noem. Maar nie een van hierdie dinge, of die hele klomp saamgegooi, is meer as net inligting óór ons nie.

’n Plant, hoe diep sy wortels ook al in die grond is, ís nie die grond nie. Die plant bly ’n plant, en die grond bly grond. Ons identiteite is moontlik iets soortgelyks. Die plant het die grond nodig om te oorleef in die tuin. Ons – vlees-en-bloed, verstandelik aktiewe, lewende organismes – het identiteit nodig om te kan *oorleef*, in die eerste plek, en dan verder, om behoorlik te kan *funksioneer* in die omgewing waarbinne ons lewens uitgeleef word. Al die elemente waaruit individuele identiteit saamgestel word, is groter as die individu en sy of haar identiteit: taal, nasionaliteit, voorouers, geskiedenis, en so meer. Die manier hoe ’n individu elemente van identiteit onttrek – by wyse van spreke – uit sy of haar omgewing, is

dus, op ’n manier, soortgelyk aan ’n plant wat voedingstowwe onttrek uit die grond ten einde te kan oorleef.

As die formulering van jou ware identiteit nie die einddoelwit is nie, wat is? ’n Aanvanklike antwoord blyk te wees, “plek in die wêreld”. Geen mens kan sy of haar plek in die wêreld vind of definieer sonder om eers uit te sorteer wie hulle is in verhouding met alles om hulle nie. Identiteit is die middel tot hierdie doel.

Hoekom wil ons weet waar ons “plek in die wêreld” is, waar ons “behoort”?

Alle tekens dui daarop dat ’n spanningslose toestand die primêre strewe is van alle organismes – insluitende die mens. Soos ons almal weet, is daar meer dinge wat spanning veroorsaak in ons lewens as wat ons in een leeftyd kan aftel. Daar is dinge wat ons fisiese bestaan bedreig; dinge wat ons sielkundige welstand bedreig; die oervrees om te verdwyn in die nietigheid die dag wanneer ons sterf. Dan is daar die kakofonie van tale, kulture, subkulture en ander verskille tussen ons dat ’n mens amper wil glo dis ’n wonderwerk dat ons mekaar nie uitmoor ter wille van ons eie kanse op oorlewing nie … of eerder, dat dit nie méér gebeur as wat alreeds die geval is nie. Die primêre strewe van ’n spanningslose toestand manifesteer in die begeerte om veilig te voel, in die sterk drang om onsself te beskerm.

Een relatief effektiewe manier om onsself te beskerm, om ietwat veiliger te voel, en ’n bietjie beter te voel oor die moontlikheid van verdwyning, is om te wees tussen ander “soos ons”. Hierdie beginsel is so oud soos die lewe self, en dit manifesteer in nasionalisme, godsdiens, bloed-is-dikker-as-water, vriendskappe, subkulture, die manier hoe wilde diere van dieselfde spesie saam groepeer, en in die geblaf van honde in die nag.

Die behoefte om veilig te voel stimuleer die behoefte daaraan om êrens te behoort. Ten einde lidmaatskap van een of meer groepe te bewerkstellig, benodig ons inligting oor onsself – daarom die soeke na identiteit.

Die probleem is dat hierdie “soeke na identiteit” in baie gevalle ’n uitgerekte proses is, en die drang na veiligheid – soos die redes om te vrees vir ons lewens – kan nie wag tot jy jou regte naam van die dakke kan uitskree nie.

Wat op aarde kan help om hierdie proses minder traumaties te maak, om jou angs te verlig as jy nog nie mooi weet wie jy is, en waar jy inpas nie? Anders gestel, wat kan jou angs verlig terwyl jy nog “soek” na jouself, en na jou plek in die wêreld? Die antwoord so naby soos die naaste beursie vol banknote: GELD.

Hoekom laat geld – of dan, om oor meer as genoeg geld te beskik – jou beter voel as jy nie seker is van jou identiteit nie? Geld verminder die noodsaaklikheid van (’n goed gedefinieerde) identiteit deurdat dit die oorspronklike behoefte aan ’n bewussyn van persoonlike veiligheid en sekuriteit bevredig. Geld koop kos, klere, ’n dak oor die kop en deure en hekke met grendels en slotte; geld koop ook die dienste van ’n tandarts wanneer jou tande pyn, die hulp van dokters as iets anders verkeerd is, en dit koop medisyne in die geval van siekte en ’n bed in ’n goeie hospitaal in ernstiger gevalle; geld koop vermaak, geselskap, en in meer gevalle as wat meeste sal erken, is geld ook direk of indirek bevorderlik vir die ontwikkeling van vriendskappe. Om op die langtermyn toegang te hê tot voldoende kapitaal, is om te weet dat al bogenoemde beskikbaar is wanneer dit benodig word; om te weet dat al bogenoemde beskikbaar is wanneer dit benodig word, is om veilig te voel.

Beteken dit hoe ryker die ou is, hoe minder hoef hy te weet oor homself? Nie heeltemal nie. Hoe ryker die ou is, hoe beter die kans dat hy gaan voel sy bestaan, vir nou, is beter verskans as dié van die boemelaar in die rioolpyp. En hoe beter hy voel oor sy kanse op oorlewing, hoe minder sy dringende behoefte aan alternatiewe maatreëls om ’n bewussyn van sekuriteit te bewerkstellig – naamlik die oortuiging dat hy êrens behoort, saam met iemand of ’n groep mense. Om te verskyn buite die gemak en beskerming van sy veilige tuiste, mag wel die persoon se sin van persoonlike veiligheid verminder, wat die

behoefte sal stimuleer om te wys waar en hoe hy behoort – dat hy [X] is in ’n omgewing waar meeste mense verstaan wat [X] beteken. Natuurlik sal geld uiters handig te pas kom in die aanskaffing van toepaslike (en in vele gevalle voorafverpakte) Kentekens van Identiteit – vryelik beskikbaar op die Internet, uit bestel-per-pos katalogusse, of ’n wye keuse van poetsblink inkopiesentrums.

Wat ook al die verskil tussen die kind van geld en die res van die samelewing se kinders wanneer dit kom by identiteit, dit verander niks aan die feit dat, selfs al kan jy ’n boek skryf oor jou eie identiteit en oor jou persoonlike agenda in hierdie wêreld, dit steeds nie die volle waarheid omsluit oor wát jy is nie.

In terme van materie is jy soveel pond vleis, soveel liter bloed en soveel meter vel. En het jy regtig wetenskaplikes nodig om aan jou uit te wys tot watter graad jy dieselfde is as ’n hond of ’n bobbejaan?

Die vraag na WIE jy is, is so prakties soos die regte moersleutel in ’n werkswinkel: Dit dien ’n doel, en die doel is ’n bewussyn van persoonlike sekuriteit.

WAT jy is, is egter moeiliker om vas te vat. As ons net soveel pond vleis en bloed en vel en bene minder of meer is as ons troeteldiere, met (meeste van die tyd) ’n brein wat meer ontwikkeld is, dan moet selfs ék wonder of ek my tyd mors deur te doen wat ek doen. Dan maak dit mos ten volle sin om skaamteloos geld na te jaag vir geen ander rede nie as die sekuriteit, en die vermaak en gemak wat dit kan koop.

Wat daarvan, moet mens uiteindelik vra, as ons net soveel pond vleis en been meer of minder is as ’n wilde dier, en niks meer nie? Of is die feit dat ons breine soveel meer ontwikkeld is, so belangrik dat ooreenkomste in organiese samestelling tussen die mens en ander “minder ontwikkelde” lewensvorme regtig nie eintlik saak maak buite die laboratorium nie?

Nog ’n vraag: Hoe affekteer dit ons ambisies, ons beskouing van gemeenskap, ons drome oor die toekoms, ons hoop vir die volgende geslag, as ons glo dat niks buite ons

fisieke bestaan lê nie, as betekenis in die lewe en definisies vir goed en sleg gevind moet word binne dit wat ons kan dink en voel en ervaar – individueel, en as individue in gemeenskap met ander wat soortgelyke ervarings het? En hoe verander dit die onderwerp as dit moet blyk – bo redelike twyfel – dat ons meer ontwikkelde breine ’n aanduiding is dat die mens deel is van iets wat verder strek as dit waarvan kameelperde en kokkerotte en spinnekoppe deel is?

# Drie insidente

Donderdag 2 Oktober 2003

Drie onlangse insidente in my lewe het tot interessante insigte gelei.

Die eerste een het plaasgevind op ’n Donderdagmiddag. Op pad terug van die dorp af het ek vir my ’n boksie gebraaide rys gekoop by een van my gunsteling eetplekke. ’n Kwartier later sit ek toe in my nuwe sitkamer en kyk *Very Bad Things* – met my mengsel van gebraaide rys, groente, garnale en ’n eier wat in tee gekook is, gereed om verorber te word. Dit moet genoem word dat hierdie een van my gunsteling Taiwannese disse is. Siende dat ek honger was van die rondryery die hele oggend, het ek die eerste paar happe met deernis geniet. Al kouend wou ek toe, vir net ’n oomblik, die boksie neersit op die swart skinkbord voor my. Omdat my oë gefokus was op Cameron Diaz – en ek is nie eens ’n fan nie! – het ek nie die riskante posisie van die skinkbord op die rand van die koffietafel opgemerk nie.

Die volgende oomblik gebeur dit. Die skinkbord hel oor, en ek sit skielik met warm, vars gebraaide rys op my plakkies, tussen my tone, en natuurlik, op die vloer. Geskok en verslae het ek my ooglede toegevou, meer in ontkenning van wat gebeur het as vir die gewone kontemplasie.

Vir ’n oomblik het ek myself verbeel dat dit net ’n verwronge nagmerrie was, dat dit nie werklik gebeur het nie, dat ek my oë gaan oopmaak en sal voortgaan om my rys met groente en garnale te geniet soos net ’n honger man kan. Maar ek moes die realiteit in die gesig staar dat my lewe nie ’n fiktiewe verhaal is nie. Ek moes myself forseer om op te staan, die garnale van my plakkies af te skud, en voort te gaan met my lewe.

Na ’n paar minute het ek voldoende herstel van die skok om te besef ek kon myself kompenseer deur by die 7-Eleven ’n boks Garlic Chicken Gratin en ’n halfdosyn

vleiskluitjies te gaan koop. Op pad na die kafee het ek probeer om die legkaart van verkeerde aksies inmekaar te pas wat gelei het tot die rampspoedige Gebraaide Rys Episode. Die koffietafel waarop die skinkbord gerus het was oorlaai met gemors, so die skinkbord kon nie behoorlik inpas nie; die tafel was te ver van my stoel af; ek het nie gekyk wat ek doen nie; en die alomteenwoordige waaier was in die stilte besig om op alles te blaas wat kon oorhel.

Twintig minute later was ek terug in my sitkamer met twee pakke kafeekos (’n jammerlike substituut vir vars gebraaide rys), en ’n waardevolle nuwe insig om die hele insident minder onaangenaam te maak. Ek het gereken dat sommige faktore bevorderlik is vir ’n toestand waar iets *verkeerd* kan loop in jou lewe (in hierdie geval hoofsaaklik die oorvol koffietafel), en aan die ander kant, dat sekere faktore bevorderlik is vir ’n toestand waar dinge *reg* kan verloop (’n skoon koffietafel sou ’n fantastiese voorbeeld gewees het).

Vir die rekord kan ek ook noem dat ek diep beïndruk was – dalk om akademiese redes – deur my opregte afgryse oor die sig van gebraaide rys op my vloer, in stede van op pad na my leë maag.

* * *

Die tweede insident het plaasgevind ’n paar dae later, met die Gebraaide Rys Episode geklassifiseer en weggepak as ’n oorleefbare gebeurtenis.

Soos ek besig was om my nuwe woonstel te verken, ontdek ek ’n stoorplek in die plafon tussen die sitkamer en die badkamer. Hierdie spasie, het ek gevind na verdere ondersoek, kon bereik word vanaf ’n klein, gedeeltelik versteekte deurtjie in die spaarkamer. Ek trek toe ’n plastiekstoeltjie nader, maak die deurtjie oop, en bespied die donker, bedompige ruimte. Ou klere, ’n hoed met ’n veer in, ’n nuwerige swart aktetas, en verskeie ander bewyse van vorige menslike bewoning van die woonstel het die spasie opgevul.

Net toe ek effens teleurgesteld van die stoeltjie wou afklim – behalwe natuurlik vir die aktetas – sien ek ’n liggie wat vaag aan-af, aan-af skyn teen die oorkantse muur. Ek dog toe dit mag dalk ’n juweel wees wat lig weerkaats, en ek steek toe my hand verder die donkerte binne. Die item was egter steeds buite my bereik. Ek trek myself toe halflyf in, en leun op ’n hoop swart sakke om nader te kom. Dié keer kon ek dit net-net raak met die punte van my vingers. Dat ek moontlik op iets van waarde afgekom het was duidelik, en ek besluit toe om myself heeltemal in te trek, met net my voete wat nog by die spasie uithang. Rustend op vele jare se gemors, gryp ek toe na die item.

Die noodlot was egter op my spoor. Soos ek die item – wat teen dié tyd ’n amper demoniese rooi skynsel begin kry het – probeer nader trek, kraak die plafon onder my gewig. Ek onthou dat ek ’n algemene, huishoudelike vloekwoord geuiter het. Ek onthou ’n helder, flitsende lig. Die volgende oomblik trek die swaartekrag my, ’n klomp swart sakke, die aktetas, en ’n portret van twee Chinese minnaars af, na wat ek veronderstel het die kort gang se vloer sal wees.

Ek was steeds aan die skree, met ’n swart sak onder die een arm, en die twee Chinese minnaars onder die ander, toe ek te lande kom op ’n lappie sagte groen gras. ’n Waterval, nie ver van my af nie, het ’n kalm ritme gekabbel oor die rotse. Ek was uit die aard van die saak verbysterd. Vir enkele oomblikke het ek net rondom my gestaar, terwyl ek stof uit my oë probeer knip het. Toe staan ek op, sit die twee minnaars teen ’n boom, en stap af in die rigting van die waterval.

Geen fantasie kon my voorberei vir wat ek die volgende oomblik aanskou het nie. Daar, onder die waterval, met lywe soos mitiese Griekse godinne, was ’n halfdosyn beeldskone jong vrouens! Toe hulle my sien – vanwaar ek agter ’n bos vir hulle gestaan en loer het – wuif hulle vir my terwyl hulle vrolik giggel, sonder om eens vir ’n oomblik hand oor boesem te slaan …

Oukei, nie regtig nie. My tuimeling na benede het geëindig in ’n boom, in wat ek gou genoeg geïdentifiseer het as *Hai Feng Gong Yuan* (Seewind Park), ’n paar blokke van my nuwe woonstel af. Die binnekant van die boom was gevorm soos ’n tregter, wat ’n baie gelukkige toeval was. Ek sit toe vir ’n oomblik in die middel van die boom op ’n plek wat, snaaks genoeg, amper soos ’n troon gelyk het. Nadat ek my gedagtes agtermekaar gekry het, het ek afgespring grond toe.

Ek het die paar omstanders, meestal ou Chinese oorlogsveterane, met groot waardigheid gegroet – ek het ontdek ek het die hoed met die veer op my kop gehad, so ek het dié so effens gelig. Soos ek toe terugstap na my woonstel toe, kom die vreemdste gedagte by my op: Kon dit wees dat die takke van die boom nie gevul was met blare nie, maar met rolletjies NT$1000-note? ’n Terugblik na die Gebraaide Rys Episode herinner my toe daaraan dat my lewe nie ’n fiktiewe verhaal is nie.

Tog, die moontlikheid was genoeg om my in my spoor te stop. Ek haas myself toe terug na die boom en gryp na die naaste tak. Daar, tot my groot konsternasie, sien ek dit: varsgedrukte NT$1000-note!

Natuurlik stop ek toe my sakke vol “blare”, en gelukkig het ek die aktetas ook daar gehad, wat ek toe ook volstop. ’n Bietjie meer agterdogtig oor die ou Chinese here, het ek so ’n vinnige kyk in hulle rigting gewaag. Besig om stukke uit die Anale van Confucius aan mekaar te resiteer, het hulle hul nie aan my gesteur nie. Meer as dit, niemand in die omgewing het geblyk bewus te wees van die spesiale boom nie!

Met note wat uit my sakke peul, onder by my hemp uitval, en nog ’n paar wat onder my hoed uitloer, stap ek toe weer terug huis toe. Halfpad onthou ek dat ek nie my sleutels by my het nie, siende dat ek in die boom geëindig het op die mees onortodokse wyse. Toe ek by my woonstel aankom, het die deur egter vanself oopgegaan, asof dit geaktiveer was deur my naderende voetstappe. Veilig tuis, trek ek toe oombliklik my hemp uit, en stamp in die proses per ongeluk my hoed af.

Die skouspel van geld wat die hele wêreld rondsweef soos skoenlappers in ’n tropiese tuin, het my skoon bewerig gemaak van geluk. Ek het vinnig ’n paar glasies groen tee weggeslaan, en begin toe die note bymekaarmaak. ’n Halfuur later skryf ek die nommer “87,000” op ’n onoopgemaakte telefoonrekening. “Ek moet teruggaan,” sê ek toe hardop, en soek rond na my hemp en my hoed.

Teen die tyd wat die son die vuil water begin trek het uit die slote langs die pad, was ek halfweg tussen een en twee miljoen NT dollar. My dag was definitief besig om ongekende vlakke van vooruitstrewendheid te bereik!

Kort na my laaste lopie na die boom het ek egter ’n onaangename sensasie ervaar. Ek het skielik besef ek ken nie my eie naam nie. Ek wou die unieke aard van die dag amptelik maak met ’n klein toesprakie, maar ek kom toe nie verder nie as, “Wel, uhm … Watsenaam …” Terwyl ek so in my sitkamer staan en name uitprobeer, stimuleer hongerpyne toe ’n ander ontstellende gedagte. Ek het nie ’n idee van watse tipe pizza ek hou nie! ’n Vae bewussyn dat ek al voorheen aan sulke onkunde gely het, was geensins bevorderlik vir ’n goeie gemoed nie. Die situasie het nog erger geraak toe ek skielik besef ek het geen idee waar ek vandaan kom nie – Amerika … Egipte … Swede?! Ek het gestaar na die foto’s teen die muur in die hoop dat dit sentiment sal loswikkel, en miskien ’n idee van my identiteit en waar ek hoort, sal inspireer.

Toe, uit die bloute, tref dit my soos ’n ton vrot kool: Ek het ’n byna onuitputlike voorraad finansiële hulpbronne! Ek kon ’n bietjie pret hê! Wat maak dit saak dat ek onseker was oor ’n paar administratiewe sakies?!

Mense sal soms verwys in hulle staaltjies na “van die beste tye van my lewe”. Oor die volgende paar dae het ek ervaar wat hulle bedoel. Ek het vir myself ’n naam uitgedink, en ’n storie gefabriseer oor ’n jeug in lekker plekke soos New York en Parys. Ek het nuwe klere gekoop. Die paar hare wat ek oor het op my kop, het ek laat opdoen in ’n deftige styl. Ek het selfs

liefdesballades in ’n karaoke bar probeer sing saam met vriendelike en skraps geklede jong dames. Pizza was in oorvloed genuttig, hoewel ek ’n hele paar moes uitprobeer voor ek besef het ek is ’n Super Deluxe-ou.

Na ’n paar dae van ononderbreekte fuiwery en uitspattigheid het ek begin kalmeer. Ek was egter steeds hoogs tevrede met die verhoogde kwaliteit van my nuwe bestaan.

* * *

Dit was tydens hierdie tyd wat die derde insident plaasgevind het.

Ek was besig om uitdrukkingloos te staar na my televisiestel, met die klank afgedraai om nie my gevoel van tevredenheid te versteur nie. So moes ek al ’n geruime tyd gesit het, want die weeklaag van die gebreekte deurklokkie het my verskrik laat opspring. Ek het ’n wit frokkie oor my kaal bolyf getrek, en die deur oopgemaak.

Die man op my deurmat het ek herken as ’n wese van ’n ander planeet nog voor hy sy orale opening oopgemaak het. Oor sy skouers was gedrapeer ’n groen toga met pragtige goue patrone, en sy voete het gelyk soos ysskaatse uit die negentien-twintigs. Hy’t ’n paar deurmekaar klossies hare gehad op wat beskryf kon word as sy bolip, en ’n soortgelyke hoeveelheid hare op sy kop. Hy’t sy poot uitgesteek – dit het nie gelyk soos ’n menslike hand nie, en ek dit geskud. Toe maak hy ’n gebaar asof hy beleefd toestemming vra om my woning te betree; ek wys toe met ’n soortgelyke gebaar vir hom om in te kom.

Na ons ’n bietjie vars groen tee geniet het (natuurlik van ’n baie hoër gehalte as die soort wat ek altyd by die 7-Eleven gekoop het), het ek hom gevra na die rede vir sy besoek aan ons planeet. In perfekte Afrikaans antwoord hy toe dat hy op ’n sending is. Sy opdrag was om menslike lewe te kom ondersoek op die planeet Aarde: hoe ons leef, hoe ons funksioneer, hoe ons oor die weg kom met mekaar, hoe ons daarin slaag om so geordend te bly, en hoe ons daarin slaag

om ons lewens te leef in oënskynlike tevredenheid in ag genome die feite van die kosmos.

Ek het geantwoord dat hy nie bedrieg moet word deur die voorkoms van dinge nie. Baie mense, het ek hom verseker, verkies die lewe minder geordend. Verder het ek hom ingelig dat baie mense nie hulle lewens slyt in tevredenheid nie, maar eerder in angstige verwarring. Dit het my gas ontstel. Ek het vir hom ’n sigaret aangesteek en na hom uitgehou, en toe sy glas opgevul.

Die man het verbasend vinnig klaargespeel met die sigaret, vir ’n paar oomblikke gestaar na die versameling ornamente op my koffietafel, en nadat hy ’n blik gewerp het in die rigting van die foto’s teen my muur, het hy weer begin praat. Hy’t gesê dat hy ’n kursus gedoen het op sy planeet oor Oorlewing in Moderne Aardbeskawings; dat hy selfs ’n handleiding saamgebring het. Hy het ook lesings bygewoon oor meer abstrakte onderwerpe soos “Identiteit”, “Toewyding”, en ’n “Sin vir Plek”.

Hy’t my verder vertel dat die leiers van sy planeet – geleerde wesens het hy my verseker – hom ingelig het dat hy ’n man hier sal ontmoet, kort na hy gearriveer het, wat hom ’n paar instruksies sal gee oor hoe om “in te pas”. Sy tuig het hom blykbaar afgelaai in ’n park nie te ver van hier nie, en ’n paar bejaarde here het in die rigting van my woonstel gewys. Kon ek die akkuraatheid van die dinge bevestig wat hy in sy lesings geleer het, het hy my gevra met diepe erns in sy oë, en kon ek dalk vir hom ’n paar wenke gee.

Ek het nagedink oor my ervaringe van die vorige paar dae, oor die feit dat ek steeds nie geweet het wat my werklike naam is nie, en dat ek steeds nie seker was oor waar ek vandaan kom en waar ek inpas nie. Wat ek wél geweet het, was dat die lewe veel meer genotvol was met ordentlike finansiële hulpbronne! Nie net kon ek al my fisiese behoeftes bevredig op ’n daaglikse basis nie, maar toe ek ’n maagpyn gehad het ’n paar dae vroeër, het ek na die beste hospitaal in die stad gegaan. (Dit is waar dat my vreemde voorkoms aanvanklik die mense effens onrustig gemaak het – ek het op daai stadium vir ’n paar

dae al nie geskeer nie, maar nadat ek vir hulle my aktetas vol varsgeplukte geld gewys het, het hulle baie vriendeliker geraak. Om die waarheid te sê, die verpleegsters het gewikkel geraak in wat maklik beskryf kan word as ’n vuisgeveg met die dokters vir die voorreg om my te versorg.) Ek kyk toe na die vreemde wese in my sitkamer, wat op daai stadium skynbaar diep in gedagte was, en let toe op hoe die buitengewone kurwes van sy oorgewig lyf beklemtoon is deur sy styfpassende helder oranje kostuum – sy toga het teen hierdie tyd agter die deur gehang. Die klossies hare op sy bolip, langs die kant van sy gesig, en op sy onderontwikkelde ken, het my herinner aan my eie voorkoms enkele dae vroeër. Om die waarheid te sê, sy hele voorkoms het bygedra tot my deernisvolle gevoel jeens hom.

Toe kyk ek hom reguit in sy effense hartseer oë, haal diep asem en sê, “Meneer die Wese, ek moet jou teleurstel. Ek weet nie veel van die abstrakte konsep van identiteit, of oor mens se plek in die wêreld nie. Wat ek wel weet, is dat as jy reguit terugloop na daai park toe, jy op ’n boom sal afkom wat lyk soos ’n tregter. Jy mag dalk die meer algemene aardse tipe blaar verwag op die takke, maar hierdie boom is uniek. Dit groei geld! Nou, maak ’n paar sakke vol met van hierdie geld – maak seker jy vat genoeg! Gaan dan na die naaste hotel toe, en kry vir jou ’n kamer. Kyk in jou eie handleiding oor waar om kos en ander items te koop.

“Kies ’n naam uit ’n tydskrif,” het ek voortgegaan, “en maak dit jou eie. Dink ’n storie uit oor waar jy vandaan kom … jy kan sê jy’s van die buitenste ruim, maar mense neem dit nie meer ernstig op nie. Sê jy’s van die Balkan,” was my voorstel, “of van Noord-Ierland of Arizona of so ’n plek.

“Die geld, so’t ek onlangs ontdek Meneer die Wese, sal die sukses van jou sending verseker, maak nie saak wie jy is, waar jy vandaan kom, of wat jy vir ander vertel wie jy is of waar jy vandaan kom nie.”

Ek het geskuif tot op die rand van my stoel, en asof die wese die erns verstaan het van wat ek volgende wou sê, doen hy toe dieselfde. “Onthou!” het ek uitgeroep. Die wese se oë

het verdubbel in grootte. “Maak seker jy’t altyd voldoende kapitaal!” Om die belangrikheid van my advies te beklemtoon, begin ek toe ’n onsigbare plank te hamer met ’n denkbeeldige stuk gereedskap in my gebalde vuis. “Dis die goue reël wat jy nooit mag ignoreer, vergeet of onderskat nie! Maak seker jou sakke is altyd gelaai!”

Die wese het begin rondskuif in sy stoel, en ek reik toe maar na die bottel tee. Ons drink toe nog ’n glasie in stilte, en ek stap toe na die kombuis om ’n paar vullissakke te gaan haal. Toe ek terugkom in die sitkamer het hy reeds opgestaan. Hy neem toe die sakke, en skud my hand. Ek maak toe weer die deur oop, en hy verdwyn by die trappe af. Enkele minute nadat ek weer op my stoel gaan sit het, het ek in ’n diep slaap verval.

Dit dan, was die derde insident wat my huidige gedagtes beïnvloed het oor sekere aangeleenthede.

Dit moet seker ook genoem word dat ek, wat ek gewéét het my regte naam is, gemompel het die oomblik toe ek wakker word. Niks kon my egter voorberei vir die volgende skok nie. Ek het fluit-fluit afgestap Seewind Park toe, met my leë aktetas swaaiend in die lug, en die hoed met die veer in bo-op my kop. Werklike, organiese, vuilgroen blare op die takke van die magiese tregterboom het my lam in die knieë gemaak. ’n Mens kan amper sê dit het my meer ontstel as die skouspel van vars gebraaide rys op my stowwerige vloer.

# Geloofwaardige identiteit in ’n nuwe gemeenskap

[Hierdie stuk is oorspronklik geskryf as kommentaar aan die einde van die chronologiese bundel, *Waar jy niemand is* – ’n versameling teks uit die periode 1994-1999.]

Vrydag 13 Februarie 2004

In 2000 wou ek nie net “Brand” gewees het wat kitaar of klavier kon speel nie – ek wou “Brand die Musikant” wees. ’n Kritieke lae selfbeeld het ’n desperate poging aangevuur om ’n aspek van ’n sosiale identiteit te ontwikkel wat my goed sou laat voel het oor myself.

Helaas, my ambisie was hopeloos onrealisties. Ek wou soos John Williams (die klassieke kitaarspeler, nie die komponis nie) kitaar speel binne enkele maande, en ten minste darem met albei hande klavier binne dieselfde tydperk. Onvermydelike mislukking het my laat verval in die slegste gemoedstoestand wat ek ervaar het tot op daai tydstip in Taiwan. (My werksituasie het petrol by die vuur gegooi. Ek het meeste van my klasse aangebied by ’n laerskool waar die helfte van die sewejariges my geïgnoreer het tydens die klas, ’n kwart opgelet het die helfte van die tyd, en die ander kwart nie kon wag vir my om buite toe te gaan ná die klas sodat hulle grond na my toe kon gooi nie.)

Die musikant issue het natuurlik nie gegaan oor die kitaar of die klavier nie; dit het gegaan oor hoe ek myself gesien het, hoe my sosiale identiteit en status in die gemeenskap gemerk was, en hoe ek dit wou hê.

Na watse gemeenskap verwys ek hier? In 2000 het daar amper oornag ’n vloed ander Suid-Afrikaners in Kaohsiung aangekom. Ek was dus weer uit die bloute gekonfronteer met die vraag na wie ek was – nie net in ’n breë eksistensiële sin nie, maar tussen mense van my eie ouderdom, van my eie land, wat my taal gepraat het.

My liefde vir musiek, en die agting en respek wat ek altyd gehad het vir mense wat musiekinstrumente kon bespeel, het die idee teen die middel van daai jaar by my laat posvat dat die etiket van die "Musikant" verreweg die mees ideale een was vir my behoefte. 'n Enkele snit op die Pearl Jam album *No Code* het nie gehelp om hierdie beskouing te verhinder nie. Ek was so gehipnotiseer dat ek enkele dae na ek die CD gekoop het, uitgegaan het en vir myself 'n elektriese kitaar aangeskaf het.

* * *

As ek nooit Korea toe gegaan het nie, en derhalwe ook nie Taiwan toe gekom het nie … as ek in Pretoria moes bly vanaf April 1996 (hopelik nie vir langer as drie maande in my suster se sitkamer nie), sou ek genoodsaak gewees het om my identiteit as 'n volwassene te definieer in die meer bekende habitat van my eie land, tussen mense van my eie kultuur, wat my moedertaal gepraat het. Dit sou heel moontlik faktore soos my ongunstige sosio-ekonomiese status moes insluit, en ek sou dalk ander maatreëls moes tref om beter te voel oor myself.

Wat egter gebeur het, was dat ek in die dubbel vervreemding van Korea beland het – as Westerling in 'n stad van 800 000 Koreane, en enigste Suid-Afrikaner en Afrikaansprekende in die gemeenskap van buitelanders. My proses van identiteitsvorming het weereens 'n skoktydperk binnegegaan – soos die sosio-ekonomiese skok van "middelklas" na "armblank" in 1985.

Sou ek 'n "ander mens" gewees het as ek teen Junie 1996 'n werk gekry het in Pretoria? Natuurlik, maar ek glo ook dat die kern van die mens se persoonlikheid tot 'n groot mate gevestig is en bloot reageer op verskillende omgewingsfaktore. "Korea Brand" was die resultaat van 22 maande in daai land en die dubbel vervreemding wat ek ervaar het. "Pretoria Brand" het nooit ontwikkel verder as die aanvanklike drie maande nie.

Sou "Pretoria Brand" steeds 'n "skrywer" geword het? Moontlik. Die kreatiewe aspek van my identiteit het immers reeds teen 1994 begin ontwikkel in Stellenbosch, en dit was verbind aan vorige tye wat die potensiaal vir hierdie bousteen van identiteit gemanifesteer het.

Wat belangrik is hier, is geloofwaardige identiteit. Ek was nooit 'n geloofwaardige "Brand, die Musikant" nie. Ek het dit geweet, en het desperaat probeer om geloofwaardigheid op te bou in 'n belaglike kort periode.

Is "Brand, die Skrywer" 'n geloofwaardige identiteit? Ja, en nie omdat ek dink my teks is dit werd om gepubliseer of gelees te word nie. Wat belangrik is – en ek het dit al vele kere genoteer, is dat ek skryf, dat ek genoeg skryf, en dat ek al genoeg geskryf het teen hierdie tyd om in my eie oë geloofwaardigheid te hê as 'n skrywer.

* * *

Ek was in Korea gekonfronteer met 'n omgewing waar, anders as 1995 en vroeg '96, ek myself gereeld aan 'n groot groep van my tydgenote moes kon identifiseer. Ek was onseker hoe om dit te doen. Ek was onseker oor wie "Brand Smit" was, en oor wat dit beteken het om "Brand Smit" te wees. Ek het gesoek na leidrade, antwoorde … en waar gaan soek mens anders as die grond waar jou naelstring lê, by wyse van spreke?

In my geval het ek middelklas suburbia geïdentifiseer as "ground zero". Wat my in die gesig gestaar het, was egter die mislukking, persoonlik en dié van my familie, om in te pas en aanvaar te word deur die plek wat die leidrade moes oplewer oor wie en wat ek was. Die beskouing van myself as afstammeling van 'n bron wat altyd gedreig het om mens te aborteer, het my die bron in uiters negatiewe lig laat sien, om dit sagkens te stel.

Die mees ideale alternatief vir "middelklas suburbia" in die ontwikkeling van my identiteit kon gewees het die Christelike religie. Mens kon selfs sê dat my hele

identiteitskrisis daar en dan beslis kon word. Probleem was, sedert 1993 het ek nie meer die Kerk, soos ek dit geken en gerespekteer het van kindsbeen af, beskou as ’n geloofwaardige instelling nie. Die noue verbintenis tussen die Afrikaner middelklas en die spesifieke vertakking van die Christelike religie waarmee ek ten nouste vertroud was, het my verder vervreem van beide.

Om op te som:

1. Ek was in Korea gekonfronteer met die noodsaaklikheid om myself te identifiseer aan dosyne van my tydgenote; veel meer mense, en op persoonliker vlak, as in 1995 en vroeg ‘96.
2. Ek het gesoek na antwoorde en leidrade in die plek waar my wortels gelê het. Hierdie plek het ek geïdentifiseer as “middelklas suburbia”. Ek was egter bewus van die feit dat hierdie plek (omgewing en gemeenskap, in die breë sin van die woord) nie my en my familie se wortels wou aanvaar nie – of kón aanvaar nie, volgens kwalifikasies wat sekerlik enige gemeenskap se reg is om aan potensiële lede te stel. Wat hier ter sprake is, is nie soseer middelklas suburbia se standaarde rakende finansiële welstand en stabiliteit nie, maar dat hierdie spesifieke omgewing, met sy spesifieke kultuur, waardes en idees, nie vir my kon dien as ’n geloofwaardige bron van identiteit nie.
3. Die mees ideale alternatief kón gewees het die Christelike religie, maar ook dit was vanaf 1993 nie meer vir my ’n geloofwaardige bron nie, vanweë my toenemende gebrek aan geloof in die Oorgelewerde Tradisies van die Gevestigde Kerk.
4. Konklusie? Ek was in die moeilikheid. Ek moes baie dieper gaan grawe vir leidrade en idees oor wie en wat ek was, en wou wees, en ook in watter omgewing ek hierdie persoon wou wees.

* * *

In 2000 is ek weer gekonfronteer, dié keer in Taiwan, met mense aan wie ek myself moes identifiseer, nadat ek weereens ’n jaar in obskure anonimiteit gefunksioneer het – waar net die mees basiese data oor myself goed genoeg was.

Soos ek reeds genoem het, was die “Musikant”, in my opinie, die mees ideale vooraf verpakte, en vooraf goedgekeurde identiteit waaraan ek in my onsekerheid en angs oor my eie waarde kon dink, maar een waarvoor ek nie geloofwaardigheid kon opbou in die kort tyd wat ek nodig gehad het om dit te doen nie.

Dit wil dus voorkom asof deelname en lidmaatskap aan ’n nuwe gemeenskap – waar jy jouself in redelike groot kleur en detail moet identifiseer, lei tot verskerpte selfondersoek en hernude definiëring van identiteit, of die ontwikkeling van nuwe aspekte van identiteit, *indien* jy ontevrede is met wie en wat jy is binne daardie gemeenskap.

Dit volg ook dat die identiteit of aspekte van identiteit wat jy sal probeer ontwikkel, sal korrespondeer met wat goed en aanvaarbaar is vir hierdie gemeenskap waarvan jy deel wil wees.

Die alternatief vir aanvaarding en lidmaatskap in ’n gemeenskap is obskure anonimiteit – waar wie en wat jy is nie noodwendig aanvaar hoef te word deur ander mense in jou gemeenskap nie, solank jy jouself op jou eie besig hou, en nie moeilikheid maak nie.

# Oor persoonlike lêers

Dinsdag 2 Maart 2004

Ons almal het “files” oor mekaar. My file oor “Yolanda Y” sal byvoorbeeld sê sy’s dit en dat, sus en so, tree so op in hierdie en daardie situasie. “Sy’t hierdie sterkpunte, en hierdie swakhede. Pasop vir dit of dat …”

Ons almal verwag dat die mense wat ons ken en wat ons vriende noem (en oor wie ons derhalwe “files” het) die persone sal wéés wat ons dink hulle is om ons vertroue in hulle te fasiliteer.

Soms neig ons “file” weergawes van mense egter na simplistiese karikature, met sekere aspekte van die persoon beklemtoon vir die eenvoudige rede dat dit *ons* beter pas as wat die geval is met ander aspekte.

Waak daarteen – niemand hou daarvan om tot ’n karikatuur gereduseer te word nie.

Dit is wel so dat ons soms hierdie proses van vereenvoudiging van onsself onbewustelik aanmoedig. As ’n persoon onseker is oor sy of haar identiteit, is dit gewoonlik gerusstellend as mense sê, “Jy sê mos altyd (X, Y of Z),” of “Jy raak mos altyd kwaad as iemand so iets doen,” of selfs, “Ek het geweet jy gaan dit sê (want jy sê dit altyd).”

Vir my irriteer dit as mense ’n eenvoudige karikatuur van my skets. Ek weet ek doen dit soms van myself (moontlik om wie ek is meer draaglik te maak vir my geselskap?), so ek kan dus nie altyd mense kwalik neem as hulle saamspeel nie. Die waarheid is egter dat ek die reg voorbehou om anders te voel as gister, anders op te tree as eergister, en ander belangstellings te hê, of te fokus op ander dinge as wat ander se “files” oor my dikteer.

Natuurlik moet daar ’n graad van ooreenkoms wees tussen wie jy vandag is, wat jy sê, wat jy doen en hoe jy optree, en wat gister die geval was. Maar hierdie dinge is ook vloeibaar, en verander met tyd.

’n Meer ideale situasie sal wees een waar ons ons “files” oor mekaar oophou, met breë kantlyne vir nuwe inligting en geestesoog foto’s wat tred hou met die tyd. Die alternatief is dat ons “vriende” is met karikature wat hoofsaaklik ons eie handewerk is, en wat ons met die verloop van tyd mag vind nie meer “betroubaar” is nie, omdat hulle “skielik” nie meer sus of so lyk, of dit en dat sê of op bepaalde wyses optree of reageer in hierdie of daardie situasie nie.

* * * * * * * * * * * * * * *

“What do we mean by saying that existence precedes essence? We mean that man first of all exists, encounters himself, surges up in the world – and defines himself afterwards.”

Jean-Paul Sartre, *Existentialism Is a Humanism* (1946)

* * * * * * * * * * * * * * *

# Wees jou eie SELF | Slegte akteur

Donderdag 1 April 2004

**Wees jou eie SELF**

Die eerste dekade of twee van ons lewens spandeer ons vasgevang in omgewings waar ons grotendeels ís wat ons veronderstel is om te wees (of waar die verwagting is dat ons sal wéés wat ons veronderstel is om te wees). Die idee is, wanneer ons die pad vat weg van hierdie omgewings af, dat ons dan sekere vrae sal vra. In die proses van antwoord formulering sal ons dan vind, of definieer, wie ons "werklik" is, of wil wees – hoewel realisties gesproke is wie en wat ons moontlik kán wees reeds sterk beïnvloed deur wie ons veronderstel is om te wees en wat van ons verwag word.

In sommige gevalle is wie en wat ons veronderstel is om te wees, met hier en daar 'n verfspatsel om onsself tot 'n mate uniek te maak, goed genoeg, en hierdie identiteit word dan aangebied as antwoord op wie ons is.

In ander gevalle bereik individue 'n tyd van persoonlike krisis, wanneer hulle besef dit wat hulle veronderstel is om te wees strook nie met wat hulle ontdek het oor hulleself nie, of dit strook nie met wie of wat hulle wíl wees nie. Veranderinge moet dan gemaak word, al vereis dit soms jare se onsekerheid en intense selfondersoek. In die ideale scenario sal hierdie individue na 'n periode van sogenaamde identiteitskrisis weer aan die wêreld kan verskyn, maar dié keer in 'n "nuwe gedaante".

Hierdie "nuwe" persoon sal altyd gebou wees op die fondasie van die "ou" persoon – vroeë ervarings, beide positief en negatief, is gewoonlik reeds te verweef met die psige van die persoon om dit te verwerp as "nie langer van toepassing nie". Sekere karaktereienskappe van die "ou" persoon mag ook steeds in takt wees; maar selfs as sekere karaktereienskappe behou word, sal die "eienaar" van hierdie

eienskappe dit nou tot ’n groter mate as sy of haar eie kan bestempel, en nie (net) as die resultaat van druk wat op hulle geplaas was in hul vormingsjare om hulle te manipuleer tot dit wat hulle veronderstel was om te wees nie.

Dit word dan ook gesê dat die persoon wat sy of haar “eie self” gevind of gedefinieer het, hulle “eie mens” geword het. Hoeveel van hierdie “self” werklik jou eie is, bly natuurlik ’n ope vraag.

Saterdag 3 April 2004

**Wees nou ’n slegte akteur, toe …**

Dis waarlik indrukwekkend hoe ons soms karikature maak van mense met wie ons gereeld ons lewens deel sodat hulle marionette kan wees in ons eie wêreld. Nou ja, ons almal doen dit, so niemand kla te veel daaroor nie. (Weereens ’n kwessie van wedersydse ooreenkoms: “Ek sal jou nie daarop wys as jy my nie daarop wys nie.”)

Net soms irriteer dit wel, wanneer ons kan sien iemand verwag ’n sekere “act” van ons, of verwag van ons om een of ander karakter te wees, en dit strook nie met hoe ons voel op daai oomblik, of met hoe ons in werklikheid gesien wil word nie. Of daar word van ons verwag om sekere aspekte van ons karakter te onderdruk, ter wille daarvan om te wees wat ons veronderstel is om te wees in die ander persoon se beskouing van ons – soos in, “Wees nou ’n goeie vriend en speel jouself reg, toe?”

Die vraag kan natuurlik ook gevra word hoeveel mense werklik hul eie nuanses ken. En hoeveel mense is nie afhanklik van hulle vriende se karakterisering van hulle ten einde te weet wie hulle is en hoe hulle moet optree nie?

# Die SELF word gebore (en ander notas van ’n partikulêre dag)

Donderdag 8 April 2004

Ons fisiese geboorte arriveer maande na ’n mikroskopiese begin. Kort na ons geboorte raak ons bewus van dinge om ons. Ons raak bewus van die verskillendheid van objekte, en van die onderskeid tussen lewende en nie-lewende dinge. Nog later raak ons bewus van die kategorie “mens” – en dat hierdie etiket ook, by wyse van spreke, teen ons voorkoppe geplak word.

Enkele ander insigte penetreer ook ons bewussyn: elke mens is fisies verwyderbaar van sy omgewing, en ook van ander mense (dus, ’n vrye entiteit, nie verbind aan iets soos wat ’n tafelpoot verbind is aan ’n tafel nie); sommige objekte is belangriker as ander (’n TV is belangriker as ’n teelepel); en daar is ’n hiërargie tussen verskillende lewende wesens (’n mens is belangriker as ’n hond), en ook onderling tussen mense (’n sterk man word met meer agting behandel as ’n klein dogtertjie, en almal is belangriker as ’n boemelaar).

Met die verloop van tyd intensiveer ons bewussyn van onsself. Ons besef dat ons soos ander mense beskik oor spesifieke gelaatstrekke en karaktereienskappe, en ook oor die vermoë om keuses uit te oefen in ons spraak, voorkoms en gedrag. Ons leer ook dat al hierdie dinge beïnvloed hoe ander mense in die omgewing reageer op ons teenwoordigheid. Ons leer verder dat name belangrik is, en dat ons onsself voortdurend moet *identifiseer* aan ander.

Dit raak ook weldra duidelik dat ons onsself moet kan identifiseer áán onsself: “Ek bestaan, maar ek bestaan nie as die grassnyer nie; ek is ’n mens, maar ek is nie die buurman nie.” Omdat hierdie stellings nooit voldoende is nie, moet die partikulariteite verduidelik word, by wyse van spreke, in fyner detail.

Ons leer ook om ons eie identiteit te *definieer* (of te omskryf), om sodoende die proses waardeur ons onsself *identifiseer* aan ander, te vergemaklik. Laasgenoemde moet gedoen word met twee oorwegings in gedagte: 1) ons behoefte om ons eie partikulariteit te bevestig, en 2) ons moet terselfdertyd seker maak ons is nie té uniek nie, want dan ondermyn dit dalk die bevrediging van 'n ander diepliggende behoefte, naamlik die een aan samesyn en lidmaatskap.

Jy het nodig om oortuig te wees van jou eie naam en persoonlike identiteit sodat jy kan *funksioneer* as die aparte entiteit wat jy is. Tog het ons ook nodig om "een" te wees met ander "soos ons", wat weer die definieer-en-identifiseer-proses beïnvloed.

Dus, ten einde te kan *funksioneer* as die aparte entiteit waarvan jy bewus is jy is, het jy nodig om jouself te *definieer* in terme van jou omgewing – tot 'n groot mate in negatiewe terme: "Ek is nie 'n tafel nie, ek is nie 'n hond nie, ek is nie 'n boemelaar nie." Jy't ook nodig om jouself te *identifiseer* aan ander en ook aan jouself – weereens is daar beide positiewe en negatiewe elemente van identifikasie: "Ek is vet, nie maer nie; ek is 'akademies', nie 'sportief' nie, ek hou van harde rock, nie ligte pop nie."

Uiteindelik, na jare van funksioneer en definieer en identifikasie van ons persoon aan ander en aan onsself, bly net die resultate agter van wat en wie ons was – ons handewerk, by wyse van spreke, nadat ons weer een vir een deel geword het van die Groot Onsigbaarheid.

Ek het 45 minute gelede opgestaan met die gedagte dat ons uit *niks* verskyn, bewus raak van die feit dat ons *iets* is tussen ander *ietse* en dat ons onsself mettertyd moet definieer as 'n spesifieke *iemand* sodat ons, soos ek tussen swart koffie en ontbytpap deur geskryf het, kan funksioneer as 'n afsonderlike iets-en-iemand.

[En net om seker te maak ek verstaan dit reg, hier kom dit weer.]

Ons word gebore, raak bewus van die feit dat ons *iets* is tussen ander *ietse* en *iemand* tussen ander *iemande*, en dat daar van ons verwag word om te funksioneer as die *iets* wat ons is (moenie optree asof jy ’n tafel of ’n troeteldier is nie) en ook om te funksioneer as *iemand*.

Oppervlakkig beskou, is dit moeiliker om te definieer wié ons is as om te definieer wát ons is, en die proses neem heelwat langer. Uiteindelik moet ons ’n aparte *iemand* wees net soos ons ’n aparte *iets* is, en omdat ons nie elke dag ’n ander *iemand* kan wees nie, het ons redelike konstante *identiteit* nodig.

Dis nou 10:56. Ek kan nou met my dag begin. Heelwat van hierdie dinge was reeds vroeër gesê, maar dat dit op hierdie manier gesê is, vandag, gee aan vandag ’n partikulêre kwaliteit. Dit gee ook aan my nog ’n bietjie resultaat om agter te laat …

* * *

Terloops, resultaat is baie belangrik vir “evangeliese” Christene. Hulle verwag om beloon te word vir hulle “geloof” in die lewe wat volg ná hierdie aardse bestaan.

Ek wonder hoeveel mense sal steeds elke week kerk toe gaan en die dinge sê wat hulle sê, as hulle moet verneem van ’n bron wat húlle as geloofwaardig ag, dat die resultate van hulle lewens agterbly in *hierdie* wêreld, dat hulle dit nie kan saamvat as getuigskrifte vir ’n wêreld en ’n lewe wat kom ná hierdie een nie.

“Evangeliese” Christene is eintlik goeie besigheidsmense (daar is, terloops, ’n interessante historiese verbintenis tussen kapitalisme en Protestantisme). Hulle sê, “Ek gee dit, glo dat, doen hierdie, en kry dan daai, reg?” en die dominees en pastore knik gretig hulle koppe (nog meer “gelowiges”). As die potensiële “Christen” dan tevrede is hy of sy verstaan die saak reg, dan eers sê hulle, “’raait, count me in. Waar moet ek teken? Wat moet ek doen of sê?”

Dit sal interessant wees om te weet hoeveel mense se houding teenoor hulle religie sal verander as hulle van ’n betroubare bron moet hoor dat hulle dit al die tyd verkeerd verstaan het: dat ’n aardse lewe wat God verheerlik die begin en die einde is; dat dit doodgewoon *beter* is as ’n aardse bestaan wat God nié verheerlik nie; dat dit aan jou ’n meer vervullende lewe gee *terwyl* jy op hierdie kosmiese stofspikkel is; dat as jy fisies tot afsterwe kom, jy dood is, en dat daar geen verdere beloning op jou wag nie.

Self kan ek nie vaste stellings maak dié kant toe of daai kant toe oor wat gebeur na jou fisiese dood nie. Ek wonder maar net oor die motiverings van sekere mense, en hulle moontlike reaksies as dit sou blyk dat dinge anders is as wat hulle nog altyd vermoed, of geglo het.

* * *

Een laaste opmerking: jy moet funksioneer as die *iets* wat jy is – dit gaan nie werk as jy probeer funksioneer as ’n broodrooster of ’n yskas nie. Jy moet ook funksioneer as die *iemand* wat jy is … maar hier raak dit kompleks, want *wie* is jy? Jy moet dus aanvanklik nié probeer om te funksioneer as iemand wat jy nié is nie. In die vroegste fase van jou lewe weet jy net jy’s nie jou pa of jou ouma of jou suster nie, so jy weet dit sal nie werk om een van hierdie ander *iemande* te probeer wees nie (al probeer jy dalk om hulle gedrag of hulle manier van praat of hulle manier om dinge te doen, na te aap).

Anders gestel, aanvanklik weet jy net jy’s nie iemand anders nie. Jy weet miskien jy verkies honde bo katte of dat jy hou van sjokolade geur ontbytpap, maar ons soek voortdurend meer inligting oor onsself, om onsself beter te kan identifiseer, en dan verkieslik in die positiewe sin, “Ek is …” eerder as die negatiewe, “Ek is nie …”

Baie keer sê mens dinge oor en oor, en jy besoek weer en weer sekere temas. Aan die einde is dit nie net wát gesê of geskryf word nie, maar hóé. Baie van die dinge wat ek vanoggend

geskryf het, het ek vroeër al aangeraak, maar vanoggend se formulering het ’n besonderse eenvoud.

Twee punte in ons lewens: Wat-Voor-Ons-Was, en Wat-Na-Ons-Sal-Wees, en dan’s daar natuurlik die tussen in Wat-En-Wie-Ons-Is. Wat agterbly is die resultate van laasgenoemde.

Is hierdie resultate goed, of is dit sleg? Hoekom is dit belangrik?

## Nuwe gesig op die kaarte (en op die telefoon)

Vrydag 9 April 2004

Ek voel baie keer vals as ek op die telefoon is. Ek is bewus van die feit dat ek hard probeer om vriendelik en aangenaam te wees, en om nie die ander persoon aanstoot te gee nie – tensy dit natuurlik lighartig en vermaaklik is.

Dit is nie wie ek is nie. Hoe weet ek dit? Want ek leef met myself tussen telefoongesprekke, en ek weet die toneel wat ek speel op die telefoon, is net omdat ek eensaam is en nie op die oomblik mense wil vervreem nie.

Die waarheid is dat dit teen-produktief is. As jy vriendelik en aangenaam was op die telefoon, verwag mense dat jy in gesig-verskynings ook so moet wees, en as jy nie is nie, dan vervreem jy hulle tog aan die einde.

Ek haat hierdie leuenagtige toneelspel. As jou sosiale gesig meer strook met jou soms onaangename privaat gesig, sal mense jou in elk geval respekteer vir jou eerlikheid, al is dit soms ’n bietjie stomp. Meer algehele respek vir jou as persoon is gewoonlik die resultaat.

Elkeen van ons het ’n privaat gesig en ’n sosiale gesig. Dit is ons eie verantwoordelikheid om te verseker die privaat gesig kyk nie na ’n gesprek met iemand anders die sosiale gesig in die … wel, in die gesig, en vra “Wie de hel was dit?” nie.

Hierdie inskrywing verteenwoordig die noodwendige ewolusie van identiteit wat altyd op die kaarte is.

# Is dit ek, of is dit Omgewing Z?

Woensdag 14 April 2004

Sosiale identiteit is belangriker as wat ek soms wil toegee. In die lig hiervan is dit toepaslik om te noem dat ek nie te gemaklik is in tipiese “male bonding” scenario’s nie; ek is nie veel van ’n “man’s man” nie

Pla dit my? Nee, ek noem dit maar net omdat ek daaraan gedink het, en ek wou dit net erken.

Ook belangrik is dat as mens hierdie tipe situasie nie reg hanteer nie, dit kan lei tot ’n gebrek aan selfvertroue en ’n verlaagde selfbeeld in die tipe omgewing waar dit wel die norm, of die hoof kriterium vir agting en respek is.

* * *

Dit kan ook op ’n breër terrein toegepas word. Persoonlikheidsaspek X is dalk nie een wat jou definieer nie, of waarmee jy jouself kan assosieer nie, maar hierdie einste persoonlikheidsaspek is dalk ’n belangrike norm vir respek in Omgewing Z. Omdat jy nie beskik oor ’n voldoende graad van X nie, word jy nie noodwendig gerespekteer in daardie omgewing nie. Dit word dan deel van jou gewaarwording van jouself in Omgewing Z, en mag moontlik lei tot verlaagde selfrespek.

Die geheim? In Omgewing Q word jy dalk gerespekteer vir presies die afwesigheid van Persoonlikheidsaspek X. Daar is dus heel moontlik nie inherent iets verkeerd met jou nie, net met jou in ’n bepaalde omgewing.

## Ek besit sewe onderbroeke …

Sondag 25 April 2004

Stelling: Ek het ’n plek, ’n huis nodig gehad ten einde te kon weet wie ek is.

Vermoede: Miskien het mens ook besittings nodig om te kan sê wie jy is – soos ’n versameling van amper 200 flieks wat sê, “Ek hou van movies,” of wat bevestig wat jy beweer jy is, of waarvan jy hou.

Vraag: Is die ideaal om sonder plek, en sonder besittings te kan sê, en te weet wie jy is?

Opvolgvraag: Wat anders definieer identiteit? Verhoudings, waarmee jy jou tyd verwyl elke dag, wat jy doen vir geld, waaraan jy glo, waaroor jy meeste van die tyd gesprekke voer …

Bogenoemde lei tot ’n interessante vraag: As jy geen tuiste het nie, geen besittings nie, geen vriende of familie nie, as jy nie veel doen terwyl jy wakker is nie, niks doen om geld te maak nie, jy’t geen godsdienstige oortuigings nie, as jy nooit enige gesprekke voer of reageer op iemand anders se spraak nie, wie is jy dan? Wat is jy?

As jy jouself bevind in ’n stedelike omgewing, jy oor geen kapitaal beskik nie, geen huisvesting van jou eie het nie, geen inkomste verdien nie, en daagliks net genoeg doen om fisies aan die lewe te bly, kom dit in die praktyk daarop neer dat jy uit asdromme eet (wat beteken jy’s ’n “boemelaar”), of kos bedel (’n “bedelaar”), en dat jy elke nag slaap waar jy naastenby beskerm is teen die elemente (weereens ’n “boemelaar”).

Dus, as jy nie ’n tuiste het nie, geen besittings het nie, geen verhoudings met enige iemand het nie, aan niks glo nie, as jy

slegs ’n bietjie moeite doen een of twee keer per dag om ’n paar eetbare stukkies oorskiet en ’n bietjie vloeistof te vind voor jy weer gaan lê op enige plek waar jy jou lyf kan uitstrek, niks doen vir geld nie, en nooit praat of reageer as iemand met jou praat nie, word jou identiteit noodwendig gedefinieer deur al bogenoemde, en die gemeenskap neem dit dan op hulself om jou te definieer as sulks.

In meeste gevalle sal die eindresultaat wees dat jy ’n “boemelaar” genoem sal word, en so aanvaar sal word in en deur die gemeenskap. Omdat jy dus misluk het daarin om *jouself* op ’n soortgelyke wyse te definieer as hoe meeste ander mense hulself definieer – naamlik, om jouself in bekende kategorieë te plaas en deur elemente van identiteit te gebruik wat bekend is aan meeste mense in die gemeenskap, sal jy geplaas word op die laagste trappie van die sosiale hiërargie.

Kan mens dan anders as om af te lei dat woning, besittings, verhoudings, oortuigings, aktiwiteite (kreatief en andersins), en woorde en reaksies *noodsaaklik* is vir ons om te kan wéét wie en wat ons is, en om onsself op verstaanbare wyse te kan “aanbied” aan die Gemeenskap?

Wie is ek dan? Kom ons kyk: In terme van aardse besittings, is ek die trotse eienaar van sewe onderbroeke, twee langbroeke, ’n paar hemde en ’n paar tekkies, ’n paar meubelstukke, ’n rekenaar, ’n notaboek en vyf penne (twee bloues, twee rooies en ’n swarte); ek woon in my sitkamer; ek droom van ’n verhouding met Marilyn Monroe se Taiwannese niggie; ek koester geen geloof in dogmatiese religie nie; ek skryf boeke wat nooit geld sal maak nie; ek reageer net as iemand nonsens praat, en sê andersins nie veel nie …

# Enkele vrae aan die begin van ’n einde

[Oorspronklik deel van die begin van “Slothoofstuk”]

Maandag 26 April 2004

[…]

Ek sit wel aan die einde met nuwe vrae, wat ek [aanvanklik] gereken het ek nie gaan vermeld in hierdie laaste hoofstuk nie [maar wat sover reeds genoem is in enkele aantekeninge]. Die vrae sluit aan by van die vraagstukke wat ek gedink het ek vir myself opgelos het deur die jare, maar wat teruggesluip het in die middel van die nag met skrikwekkende nuwe formulerings.

Hoe, om een voorbeeld te noem, definieer ’n mens die “self”? “Vind” jy jouself, of besluit jy wie jy wil wees, en word dit dan?

Hoe definieer ek konsepte soos “huis” en “plek” wat so gereeld gebruik is in hierdie bladsye, en wat mens altyd veronderstel almal op dieselfde wyse verstaan?

En nou dat ons op hierdie punt is, wat moet mens maak met die idee dat die raamwerk en beperkinge van taal van allergrootste belang is in filosofiese vraagstukke? Beteken dit “ek” is veel meer ’n produk van my kulturele herkoms, en veel meer afhanklik van veral die Afrikaanse en Engelse taalgemeenskappe as wat ek voorheen vermoed het? Sekerlik kan mens ’n bewussyn hê van die “self” sonder taal, dan nie? Maar kan ’n mens uitdrukking gee aan jou selfbewussyn as jy nooit ’n taal bemeester het nie, as jy nooit deel was van ’n gemeenskap wat ooreenkom oor die betekenis van die klanke waaruit ’n taal bestaan nie?

Wat is die mens dan, anders as ’n hoogs ontwikkelde soogdier?

En hoekom, terloops, is dit so belangrik om meer te wees as net nog ’n soogdier? Ek meen, eerder ’n soogdier as ’n reptiel, reg? Of is ek snobisties?

# Die SELF | Toepassing | Identifiseer

Dinsdag 18 Mei 2004

**Die SELF.**

“Wat is ’n huis – die plek waar jy voel jy behoort, anders as ’n plek waar jy wéét wie jy is?”

Dit was gisteraand. Vandag vra ek, wat beteken dit om te “weet wie jy is”? Dit beteken jy weet wat jou plek is tussen ander mense met wie jy op ’n spesifieke tydstip ’n spesifieke omgewing deel. Dit beteken jy is bewus van jou eie waarde in hierdie omgewing. Jy weet ook naastenby hoe jy beskou word deur ander in die omgewing.

Interessant vir bogenoemde definisie van “huis” is dat ek nie vyf jaar gelede geweet het wie ek-in-konteks was nie (siende dat ek pas in Taiwan gearriveer het). Ek kan verder sê dat dit my omtrent vyf jaar gevat het om te weet wie ek-in-konteks is (veral tussen “ander soos ek”, naamlik ander Suid-Afrikaners in Taiwan); ook dat ek wou “huis” toe gaan kort nadat ek meer sekerheid ontwikkel het oor wie ek-in-konteks is. Dit kan verder geargumenteer word dat ek ook kan weet wie ek-in-konteks is op ’n ander plek, hoewel dit weereens tyd sal vat.

In een woord, wat definieer wie jy is? Ek sou sê meer as enige iets, verhoudings met ander mense.

* * *

Terloops, Nietzsche het nie geglo dat daar ’n “fixed self” is wat “ontdek” kan word nie. Hy’t gereken, “WILL a self and thou shalt BECOME a self.” [Eie beklemtoning]

Woensdag 19 Mei 2004

Is daar iets soos 'n "kern-self" wat ontdek kan word, waarop die persoon ontwikkel word wat jy graag wil wees? Kan hierdie kern-self in sy vroegste vorm beskou word as rein en onbesmet, iets wat dan deur blootstelling aan omgewing buite die baarmoeder gekorrupteer word? Of is die kern-self iets wat vanweë genetiese samestelling in die wortel reeds gekompromitteer kan wees, iets wat dan deur vroeë ervarings verder beskadig en gekorrupteer kan word, jare voor dit deur die persoon "ontdek" word?

* * *

Nietzsche reken dus dat die self nie *gevind* kan word nie, maar dat dit *gedefinieer*, en ge-*word* moet word. (Wat sou hy sê oor die idee van 'n "kern-self" wat ontdek kan word?)

Dit wil amper voorkom asof ek weer by die begin is: Wie is ek, en waar is my plek? Die interessante ding is nou, die Nietzsche beskouing wil 'n mens amper dwing om eerder te vra: Wie *wil* ek wees? En, watter plek *wil* ek toeëien as my eie?

Hoe definieer mens die "self" (wie jy is/wil wees)? En hoe definieer jy "plek" (jou huis/waar jy hoort)?

(Ek moet myself verwyder van die res van die mensdom en hulle soms tragiese lewens, en slegs selektief betrokke raak.)

As omgewing so 'n belangrike faktor is in kennis oor die SELF (om te weet wie jy is, of wat dit beteken om "jy" te wees), is dit moontlik om 'n universele "ek" te hê? As "ek, in Fengshan City, Taiwan" nie heeltemal dieselfde is as wat "ek" in, sê Bronkhorstspruit sal wees nie, wie is "ek" dan? En as dit verander, dan is dit mos onmoontlik om 'n universele "ek" te ken, of te kan wees! Dan is om 'n funksionerende,

partikulêre “ek” te wees in die omgewing waar jy jouself op die huidige oomblik bevind, en om ’n *soortgelyke* persoon te wees in enige ander omgewing, die beste waarvoor jy ooit kan hoop!

Dit volg dus dat selfkennis relatief is tot jou omgewing. Wat mens wél het as jy radikaal van omgewing verander (Fengshan, Taiwan na Riyadh, Saoedi-Arabië), of as jou omstandighede radikale verandering ondergaan, is verwysingspunte. Jy weet hoe jy opgetree het in die ander omgewing, of toe jou situasie anders was, of jy reken jy weet hoe jy sou optree. Hierdie kennis voorsien jou dan van ’n verwysingsraamwerk waarbinne jy kan uitwerk hoe jy in die nuwe omgewing of veranderde omstandigheid moet optree om steeds naastenby “dieselfde persoon” te wees, indien dit enigsins van toepassing is dat daar ooreenkoms moet wees.

Kan jy jouself ooit ten volle ken? En in ag genome die kardinale rol wat omgewing speel in die “kennis” van wie jy is, WIE IS JY WERKLIK?

Donderdag 20 Mei 2004

**Toepassing van ’n teorie/Die SELF en omgewing**

So ek wil nie hier weggaan nie, want ek weet wie ek is hier. Wat ook beteken as ek hier weggaan om te woon in ’n plek soos Pretoria of Bronkhorstspruit en ek definieer wie ek is dáár, ek ook nie dáár sal wil weggaan nie, om dieselfde rede.

Jy sal nie wil weggaan van ’n plek nie, tensy jy ontevrede is met wie jy is op daai plek. Ontevredenheid van hierdie aard sal lei daartoe dat jy sal aanhou weggaan van plekke tót jy ’n plek vind waar jy nie net wéét wie jy wil wees nie, maar waar jy kan wéés wie jy wil wees.

[Die beginsel: As jy weet wie jy is op ’n bepaalde plek, en tevrede is met wie jy is op daai plek, as ekonomiese en ander faktore in daai plek verder van so ’n aard is dat jou kanse op oorlewing beter is as op ’n ander plek waar jy jouself in teorie

ook kan vestig, is dit verstaanbaar en redelik dat jy sal wil bly net waar jy is.]

Dinsdag 25 Mei 2004

**Identifiseer jou SELF – en hoe dit aan jou geïdentifiseer word**

Die SELF, hoe die persoon sy eie SELF áán hom- of haarself identifiseer, en ook hoe die persoon sy of haar SELF aan die gemeenskap identifiseer. Laasgenoemde is egter nie ’n eenrigting gesprek nie – die taal waarin die individu sy of haar SELF aan die gemeenskap identifiseer, is nie deur die individu bedink nie, maar word benut met die komplimente, as’t ware, van die gemeenskap waarvan die individu deel is. (Voorbeelde van taalkonsepte wat benut word sluit in “man”, “vrou”, “sterk”, “slim”, “leier”, “skrywer”, “ryk”, “arm”, “intellektueel”, “ateïs” en “Christen”, om net ’n paar te noem.)

In my geval het ’n gemeenskap wat hoofsaaklik uit blanke Afrikaansprekendes bestaan, my SELF áán myself geïdentifiseer. Tans identifiseer ek myself as volwassene aan ’n ander gemeenskap – Oosters, Chinees – met behulp van taal wat ek besig is om te bemeester en ander data waarvan ek bewus geraak het deur persoonlike ervaring.

* * * * * * * * * * * * * * *

Dinsdag 1 Junie 2004

Die "huidige" Dalai Lama was gebore as Tenzin Gyatso. Ses dekades gelede was hy driftig besig om net 'n gewone laitie te wees toe 'n paar monnike eendag opdaag en hom te vertelle het hy's nie wie hy dink hy is nie, maar eerder die soveelste inkarnasie van iemand anders. Imagine dit.

* * * * * * * * * * * * * * *

Sondag 6 Junie 2004

Vertrou in jouself
Ek het myself gevind
Wees jouself
Jy moet jou naaste liefhê soos jouself
Ken jouself
Onseker oor jouself
Ek lag vir myself

"Ky-malixino-wo."
"Huh?"
"Ky-malixino-wo. Jy meen jy weet nie wat dit is nie?"
"Geen idee nie."
"Dis 'n sentrale konsep in die begrip van wat die mens is!"
"Nog nooit daarvan gehoor nie."
"Jy maak 'n grap, reg? Hoe op aarde kan jy funksioneer as 'n intelligente aardbewoner sonder om te weet wat die ky-malixino-wo is?"
"Wel, ek weet nie. En tog funksioneer ek …"
"Dit is Afrikaans, jy weet? Dis nie Russies of Spaans of Japannees nie!"
"Kan ons oor iets anders praat?"

* * * * * * * * * * * * * * *

## Aanvaar jouself – al is dit net om tyd te spaar

Dinsdag 8 Junie 2004

Ek aanvaar die partikulariteit van my agtergrond. Ek dink en skryf meeste van die tyd in Afrikaans, my vel is "wit", my gelaatstrekke gedikteer deur die gene afkomstig van my hoofsaaklik Germaanse voorouers.

Ek kan verander hoe ek lyk. Ek kan ook moeilik wees en my taalagtergrond verwerp – omdat ek dit nie *gekies* het nie, en myself dwing om net in Engels te dink en te skryf. Ek kan selfs meer radikaal wees en 'n ander taal (as Engels) kies, die taal bemeester, en uiteindelik net in daai taal dink en skryf. Aan die einde van so 'n proses – wat jare se harde werk sal verg – sal ek 'n pragtige illustrasie wees van 'n "self-made man".

Ek is egter bereid om so 'n radikale illustrasie te laat vaar ter wille van tyd en energie, en bloot die partikulariteit van my fisiese voorkoms, en my moedertaal en kulturele agtergrond merendeels te aanvaar soos dit is, en as goed genoeg te ag as instrumente wat die proses van self-ontdekking en self-formulering fasiliteer.

## Klein huis, groot wêreld

Dinsdag 8 Junie 2004

Wat relevant is, en wat nie relevant is vir die "eienaar" van die SELF, is een van die belangrikste oorwegings om in ag te neem in die SELF-definiëringsproses.

'n Voorbeeld hiervan is opinies. Watter aangeleenthede relevant genoeg is vir 'n persoon om 'n opinie oor te formuleer en watter nie, vereis kennis oor die SELF.

Dit volg dus dat hoe kleiner die omgewing waarvan jy bewus is, hoe minder die data wat jy ontvang, en hoe makliker dit derhalwe is om jou SELF te vind/te definieer.

As ek byvoorbeeld in 'n groot stad woon en gereeld omgaan met 'n wye verskeidenheid mense, en bewus is van politieke vraagstukke strekkend van Noordoos-Asië tot die Midde-Ooste tot Sentraal Afrika, Europa en Noord-Amerika, en van omgewingsvraagstukke, etiese vraagstukke, godsdienskwessies en vele ander onderwerpe waaroor mens 'n opinie kan hê, sal my proses van identiteitsdefiniëring aansienlik langer neem as wat die geval sal wees met 'n ou wat grootgeword het in 'n klein dorpie, daar woon as 'n volwassene, en uiteindelik daar sal sterf as 'n bejaarde.

Mens sou graag wou sê – want woon meeste van ons nie maar in die "groter" wêreld nie? – dat dit beter is om bewus te wees van meer, en dat dit vervelig is om jou hele lewe binne 'n beperkte omgewing te slyt. Argumente kan ook gemaak word oor "kennis is mag", oor gebrek aan meer of beter inligting wat lei tot vrees vir dit waarvan sommige mense moontlik net vaagweg bewus is, en gebrekkige kennis wat lei tot misverstand en diskriminasie teenoor dié wat nie "soos ons" is nie.

Die onderwerp van groot wêreld versus klein dorpie is nie wat my op die oomblik interesseer nie; my huidige verhouding met die "groter" wêreld is ook van so 'n aard dat

ek geen motivering het om ’n saak uit te maak vir deelname daaraan, al dan nie.

Die interessante vraag vir my op hierdie stadium is, kan jy jou SELF ooit volledig definieer in ’n “groot” omgewing waar nuwe verhoudings gereeld aangeknoop word, waar vraagstukke kom en gaan, en waar nuwe data invloei op ’n daaglikse basis terwyl jy nog nie eens *verlede* maand se koerante of *Time* magazines klaar gelees het nie? Ek glo nie.

Natuurlik is vraagstukke waaroor jy posisie moet inneem as deel van jou identiteit minder belangrik as verhoudings. Die waarde van minder, maar meer betekenisvolle verhoudings, insluitende positiewe familiebande, word dus weereens beklemtoon. (Ek het nie probeer om dit in te werk nie, dit het net as ’n voor die hand liggende antwoord na vore getree op wat vastigheid gee vir die SELF in ’n immerveranderende wêreld. Dit wil dus blyk dat ek weereens na ’n rondte van intellektuele bepeinsing op ’n brokkie insig afgekom het wat “almal weet”.)

’n Balans kan derhalwe voorgestel word tussen “klein” wêreld by die huis, en “groot” wêreld buite die tuinhekkie; voorkeur in prioriteit ten gunste van eersgenoemde gee aan die einde van die dag aan mense ’n duideliker definisie en sterker oortuiging van die SELF.

Maar nou dat ek daaraan dink … is dit nie wat meeste mense reeds doen nie? Natuurlik! Mense is briljant! (Net jammer hulle weet dit nie.)

## Oorgelewerde kennis, en ou skroewe

Dinsdag 15 Junie 2004

Baie mense doen die “regte ding” sonder om te veel daaroor te besin. Vir my het dit lank gevat om sekere dinge te leer – die tipe dinge wat, as ek vir mense sal sê, “Hierdie is die gevolgtrekkings waartoe ek gekom het na jare se bepeinsing,” hulle sal reageer met, “Ons weet klaar hierdie dinge. Ons pas dit al vir jare in ons eie lewens toe. Het jy regtig nodig gehad om te sit en dink daaroor?”

Wat is verkeerd met my? Het ’n skroef jare gelede al losgegaan in my kop? Is ek onnosel? Nee (moes ek baie vinnig skryf voor ek die moontlikheid kon oorweeg).

Wat gebeur het was dat ek geloof verloor het in dit wat aangebied was as “die waarheid” en “die manier hoe dinge werk”. Ek het alles bevraagteken, en moes derhalwe van vooraf my eie wêreldbeeld en verwysingsraamwerk konstrueer, met behulp waarvan ek kon funksioneer as ’n volwassene buite die malhuis.

Uiteindelik het ek wel sommige “ou” waarhede opnuut aanvaar – die verskil is dat ek wéét hoekom. En om te verstaan hoekom ek glo waarin ek glo, moet jare se lewe aan die “buitekant” die moeite werd maak.

# Legkaart mense

Donderdag 17 Junie 2004

Sommige mense eindig op as karikature van die data wat hulle uit die omgewing kry oor wat hulle moet wees en hoe hulle moet optree. Hierdie legkaart karikature is oënskynlik onbewus van hoe duidelik die nate wys tussen die soms geykte onderdele waaruit hulle sosiaal funksionerende persona's saamgestel is.

Ek? Ek is bewus van die legkaartstukke waaruit my eie sosiaal funksionerende persona saamgestel is. Ek weet ook dat ek kan kies om vele van hierdie brokkies data oor myself enige tyd te verwerp (of indien ek dan nie so radikaal wil wees nie, dit ten minste te verander).

As ek byvoorbeeld praat en skryf in Taal A, is dit nie omdat ek glo Taal A is 'n beter kommunikasiemedium as Taal B nie, dis omdat ek meer gemaklik is daarmee vanweë my agtergrond, en as gevolg van 'n leeftyd se blootstelling daaraan wat my meer bekwaam gelaat het om myself uit te druk in hierdie taal. My voorkeur vir Taal A is 'n keuse ter wille van effektiwiteit en tydsbesparing, met sentiment – wat 'n algemene gevoel is wanneer dit kom by die taal waarmee 'n mens grootgeword het – van sekondêre belang.

Is ons almal nie aan die einde tot 'n betekenisvolle graad legkaart karikature vir so lank as wat dit effektief is nie? Indien ons in 'n meer self-kritiese fase van ons lewens een stel legkaartstukke vervang met 'n ander stel wat beter pas, of beter lyk, is ons dalk nie meer karikature nie, maar bestaan ons nie steeds uit stukkies wat gesny en gevorm is deur mense wat voor ons hier was nie?

## Identiteit, die SELF, en die resultaat van alles

Woensdag 23 Junie 2004

Vier jaar gelede het ek ook aan myself gedink as ’n skrywer, maar op ’n daaglikse basis, van opstaan tot slaap, was ek vir alle praktiese doeleindes my inkomste genererende professie. Wat was hierdie inkomste genererende professie? Ek was ’n Engelse onderwyser wat, in alle eerlikheid, meestal misluk het in die taak wat ek gehuur was om te doen, vyf dae uit elke week. Ek het aan myself gedink as ’n skrywer, en ek hét geskryf (die hele “Persoonlike Agenda: Boek EEN” is ’n bewys daarvan), maar ek het nie die oortuiging gehad oor myself en my identiteit wat ek nou het nie. Ek was, tot ’n groot mate, ’n onvervulde, gefrustreerde persoon omdat ek onvervuld en gefrustreerd was in my beroep.

Vyf honderd jaar gelede in Europa – tydens die pre-industriële era – was die posisie van die familie in die feodale hiërargie een van die belangrikste bepalers van persoonlike identiteit, ten minste sover dit die gemeenskap aangegaan het in wie se midde die persoon hom- of haarself bevind het. Die *arbeidsrol* wat ’n persoon vervul het (indien dit enigsins nodig was dat hy of sy enige arbeid moes verrig), was ook gekoppel, tot ’n betekenisvolle graad, aan geboorte.

Dit kan dus gesê word dat identiteit, in die Europa van 500 jaar gelede, hoofsaaklik gedikteer is deur *noodlot* – waar die persoon gebore is, en die posisie wat sy of haar familie beklee het in die feodale hiërargie, en ook deur die *behoeftes van die gemeenskap* – wat tesame met noodlotsdata, die persoon se arbeidsrol bepaal het.

Sedert die ontdekkingsreise, en die gevolglike ekonomiese, politieke, wetenskaplike en industriële rewolusies, het *professie* ingetree as ’n addisionele, en kardinale bepaler van identiteit. Die mens wat sy of haar bestaan slyt in die geïndustrialiseerde wêreld het tot ’n mate ’n keuse van *watter rol* hulle wil speel in die gemeenskap, *watter*

*spesifieke behoeftes* van die gemeenskap hulle wil vervul, en selfs *waar* hierdie rol gespeel en die behoeftes vervul sal word, of dan in *watter gemeenskap*. Finansiële mag kan genoem word as ’n verdere faktor wat mense se beskouing van hulself affekteer, asook hoe hulle hul identiteit definieer. Geld is ook ’n groot gelykmaker – verhale van mense wat in slote gebore was en in paleise opeindig is wel steeds raar, maar dit gebeur.

As dit kom by die vraag na *wie jy is*, kyk meeste mense dus steeds na die kaarte wat aan hulle uitgedeel is – plek van geboorte, geslag, voorkoms en talente, sosio-ekonomiese status van familie, en spesifiek in die geval van volwassenes, ook na professie – wat status en rol in die gemeenskap definieer.

Meeste van bogenoemde gedagtes was voorheen genoteer in hierdie literêre projek, so wat is die punt daarvan om dit weer te noem?

Dit was tot onlangs vir my ’n private plesier om te glo ek wys die “waarheid” uit aan mense wat miskien geglo het ’n goeie werk en baie geld is die beste waarna hulle kan strewe in die lewe. Ek wou sulke mense nader roep, ’n antieke trommeltjie oopsluit, en binne in sou hulle dan ’n Groter Waarheid sien: “Jy ken nie jou WERKLIKE self nie! Wat jy op hierdie stadium van jou lewe is, is net ’n resultaat van noodlot, omgewing, en gebeure wat jóú lewe onderskei van die volgende persoon s’n. Jy leef onder die *illusie* dat jy weet wie jy is; ’n illusie wat jou nietemin in staat stel om te funksioneer as ’n Mens-in-Hierdie-Tyd-en-Plek.”

Die bedoeling was dat eers wanneer ’n mens in jou eie siel terugkyk en jou “ware self” identifiseer, kan jy aanspraak maak op volle mensheid, op die feit dat jy (uiteindelik) weet wie jy “werklik” is. Ek het gereken dat om jou “ware self” te ontdek – of dan te definieer – die Groot Prys is aan die einde van ’n lang, en baie persoonlike reis.

Nuwe insigte het egter bogenoemde beskouing begin ondermyn. (Ook hierdie vars insigte is reeds genoem, maar

siende dat dit immers die onderwerp aanspreek van die waarde van ’n enkele menslike lewe, reken ek dis in die haak om weer die saak aan te raak.) Wat, sou ek dan reken, is belangriker as die ontdekking en definiëring van die “ware self”? Die antwoord: RESULTATE VAN JOU LEWE.

Ons almal arriveer as klein bondels vlees en bloed op hierdie planeet, ons gil ons mensheid uit aan almal wat wil hoor, raak ouer en groter, en uiteindelik breek die dag aan wat ons weer die toneel verlaat. Die vraag, aan die einde, behoort nie te wees of jy bestaan en gefunksioneer het as jou Eie Ware Self nie, maar watse resultate jy agterlaat van jou tyd op aarde.

Het jou lewe meer positiewe as negatiewe resultate opgelewer? Sal die wêreld ’n sug van verligting slaak wanneer jy jou laaste woorde uiter? Het jy net daarna gestreef om jou eie behoeftes te vervul, en so lank as moontlik so gelukkig as moontlik te wees? Is dit belangrik vir jou om positiewe resultate van jou bestaan agter te laat? Wat ís positiewe resultate? Hierdie is vrae wat elke persoon vir hom- of haarself kan, en behoort te beantwoord.

Ek het ’n paar beginsels ontdek en ’n paar maatreëls geïmplementeer wat dit vir my moontlik maak om as ’n redelik normale volwassene te kan funksioneer in die tyd en wêreld waarin ek gebore is. Ek het ook ontdek dat die lewe buite my woonsteldeur tot ’n groot mate ’n spel is, en dat as jy die reëls kan ontsyfer en jouself tot ’n bevredigende graad kan versoen daarmee, jy moontlik ’n gelukkige lewe kan lei, en aan die einde sal kan verklaar dat jou lewe die moeite werd was.

Tog, as ek kan kies, sal ek my lewe wil leef as ’n bewustelike poging om meer positiewe resultate as negatiewe resultate te bewerkstellig wat ek kan agterlaat, eerder as net om te weet ek was gelukkig en my lewe was die moeite werd, of selfs dat ek geslaag het daarin om my “ware self” te vind. (Wat is die waarde van ’n hoogs ontwikkelde bewussyn van jou eie self, as dit nie uiteindelik positiewe resultate oplewer van jou tyd op hierdie planeet nie?)

Kan ’n mens verder gaan en vra na die resultate van elke *dag*? Elke *week*? Goed dan, die gemiddelde resultate van elke *jaar*? Kan ’n mens “positiewe resultate” koop kort voor die einde van jou lewe? Wie bereken die kwaliteit van die resultate? En wat is die moontlikheid dat die mooiheid van ’n enkele dag of selfs ’n enkele oomblik verlore kan gaan in die gejaag om ’n positiewe erfenis agter te laat van jou bestaan?

Ongeag wat jy glo oor die waarde en betekenis van jou eie lewe, of oor wat die lewe vir jou die moeite werd maak, ongeag die belangrikheid wat jy heg aan resultate van jou lewe, bly een ding aan die einde staan: JOU LEWE SAL UITEINDELIK RESULTATE OPLEWER. Of hierdie resultate meer positief as negatief gaan wees, hang tot ’n baie groot mate af van jouself, en van die keuses wat jy maak op ’n daaglikse basis.

# Die GEGEWE SELF, en die rol van intellektuele

Vrydag 25 Junie 2004

(Hoe min kan mens van jouself weet, en nog steeds funksioneer, as ’n volwasse mens, binne die grense van wat as “normaal” gereken word deur die gemeenskap?)

Sonder mense kan geen gemeenskap staande bly nie. Sonder voldoende getalle mans en vrouens, en mense met verskillende talente en vermoëns, kan geen gemeenskap gesond bly en vooruitgaan nie.

Die Gemeenskap – die liggaam van mense wat ’n stel kulturele, linguistiese en ander waardes deel op ’n partikulêre plek – verskaf aan die individu ’n soms voorlopige maar nietemin werkbare identiteitsmodel/self-model wat saamgestel is uit noodlotsdata, kulturele data, en soos die jare aanstap, behoeftes van daai partikulêre gemeenskap in daai partikulêre tyd. Meeste mense aanvaar hierdie GEGEWE model van wie en wat hulle is – tot verskillende grade, maar die vereiste minimum kwota word behaal onder die bevolking vir die gemeenskap om ten minste staande te bly.

Wat dan gemaak met mense wat skepties is, en krities, wat alewig rondkrap vir antwoorde op wat vele reken onnodige vrae is; mense vir wie dit oënskynlik ’n lewenslange strewe is om die formules te ontdek van hoe dinge werk, mense wat nie dinge wil aanvaar soos dit tans is nie? Die Gemeenskap kan uiteindelik nie staande bly sonder ook die bydrae van hierdie mense nie – insluitende sommige wetenskaplikes, sielkundiges, sosioloë, historici, filosowe en akademici uit ander velde, skrywers, digters, kunstenaars en musikante.

Die primêre bydrae van hierdie individue is om voortdurend aan mense idees te bied waardeur hulle moontlik ’n beter begrip kan ontwikkel oor hul eie bestaan. Hierdie individue moet ook dien as teenwig vir irrasionele

groepspolitiek, en verwante destruktiewe bewegings wat in onseker tye aan mense ’n vaster begrip gee van wie en wat hulle is, van wat hulle rolle in die gemeenskap behoort te wees, en van die waarde en betekenis van hulle lewens. Natuurlik is daar intellektuele wat juis sulke destruktiewe idees die wêreld injaag. Vir presies hierdie rede is dit belangrik om *konstruktiewe* idees te bevorder, en die advokate van hierdie idees aan te moedig.

Intellektuele neem dit dan op hulleself om die lede van die breë gemeenskap bewus te maak van die destruktiewe aard van sekere opvattings, ideologieë en verwante bewegings. Hulle speel ook ’n leidende rol in die voortdurende proses waardeur onderskeid getref word tussen dit wat Beskaafde Gemeenskap staande hou in grond vrugbaar vir groei en vooruitgang, en wat dit by die nate laat lostrek.

--------------------

[Hoeveel verstaan die “gewone” man of vrou op straat reeds van wat hulle gemeenskap by die nate sal laat lostrek, en op watter punt moet die Intellektuele Voorhoede in die Stryd vir Gesonde Gemeenskap op die seepkassies spring?

Ek glo dat as meeste werkende volwassenes te besig is om sogenaamd meer akademiese vraagstukke soos byvoorbeeld die verhouding tussen taal en “waarheid” te bepeins, hulle heel moontlik ook te besig sal wees om Rome om hulle te sien val – wat soos meeste mense weet, nooit in een dag gebeur nie.

Intelligensie is nie wat hier ter sprake is nie – ’n mediese dokter is nie noodwendig slimmer as ’n chemiese ingenieur net omdat hy verstaan hoekom laasgenoemde se maag aanhou pyn nie. So ook met die Intellektuele Voorhoede, wie se belangstellings, en passie vir sekere sake hulle oë beter instel daarop om dinge raak te sien voor dit pynlik sigbaar is vir almal, en moontlik te laat is.]

## Oor wedergeboorte, en ’n “nuwe” SELF

[’n Term het teen hierdie tyd my bewussyn binnegedring wat my so opgewonde gehad het dat ek amper een middag vriendelik was met ’n taxibestuurder. Voor ek egter voortgaan om dit te gebruik, laat my toe om weereens die betekenis toe te lig.

Die “gegewe self” is ’n handige term om die betekenisvolle invloed te beskryf van sekere faktore – soos genetika, kulturele agtergrond, taal, en tyd en plek van geboorte – op wie en wat ’n individu is, lank voor hy of sy groot woorde leer soos “identiteit”, “selfbewussyn”, of “doel van my bestaan”. Die “gegewe self” is dus ’n persoonlike realiteit jare voor die individu kritiese vrae begin vra soos “Wie is ek?” en “Wie wil ek wees?”]

Vrydag 25 Junie 2004

Om ’n vlak van persoonlike ontwikkeling te bereik wat ek noem VERLIGTING, moet die gegewe aspekte van wie en wat jy is eers gekonfronteer en tot ’n groot mate aanvaar word. Die GEGEWE SELF kan egter nooit ten volle vervang word met die VERLIGTE SELF, of enige ander vorm van die self wat beskou kan word as meer “eie” en derhalwe meer “eg” nie. Die GEGEWE SELF – of dan aspekte daarvan – bestaan tot die oomblik van fisiese dood.

* * *

Die Gegewe Self – die produk van onder andere noodlotsfaktore soos geslag en tyd en plek van geboorte, en sterk beïnvloed deur die persoonsmodel wat voorgehou word as die mees toepaslike in ag genome noodlotsfaktore en kulturele waardes en behoeftes van die gemeenskap – kan gemanipuleer word volgens alternatiewe persoonsmodelle.

Een voorbeeld wat genoem kan word is die jong vrou van ’n konserwatiewe familie, wat in haar vroeë twintigs haar huis op ’n klein plattelandse dorpie verlaat vir die groot stad waar sy haarself na ’n paar jare transformeer in ’n flambojante aktrise. ’n Meer radikale voorbeeld sal wees die persoon wat gebore is as ’n man, ’n geslagsoperasie ondergaan, trou, en die res van sy/haar lewe slyt as ’n vrou. ’n Minder dramatiese voorbeeld is die geval van ’n man, afkomstig uit ’n Calvinistiese familie, wat op ’n stadium gereken is as iemand wat die spirituele behoeftes van sy gemeenskap sal dien as ’n prediker, wat as ’n volwassene sy geboortegrond verlaat om heil (en verbeterde identiteit) te vind op ’n ander kontinent, met beelde van ou filosowe en afgestorwe skrywers wat dien as sy alternatiewe self-modelle.

Wat gebeur is dat die individu die *gegewenheid* van wie en wat sy is, konfronteer. As hierdie eksistensiële oomblik bereik word, kan die persoon weereens kyk na die wêreld om haar, en haarself (weereens) twee vrae vra, “Wie is ek?” en “Wie wil ek wees?” Fisiese beperkinge van die Oorspronklike, of dan Gegewe Self wat nie verander kan word nie, asook partikulariteit van ontstaan (tyd en plek van geboorte, asook sosio-ekonomiese agtergrond, en so meer), moet noodwendig aanvaar word.

Die oomblik wat die persoon die punt bereik wanneer sy verklaar dat sy haar gegewenheid sien, wanneer sy aanvaar waaroor sy nooit ’n keuse gehad het nie en wat sy (werklik) nie kan verander nie (ongeag of sy wil of nie), kom sy te staan voor ’n nuwe waardering van haarself in haar partikulêre omgewing – MITS sy glo aan die potensiaal om haarself te kan transformeer, al is dit steeds binne die raamwerk van werklike gegewe beperkinge.

* * *

Om gegewenheid te konfronteer, te erken, en te glo aan die asemrowende moontlikhede wat binne die bereik is van ’n redelik intelligente persoon, is onontbeerlike bestanddele van

die Proses van Wedergeboorte – en moontlik, maar nie noodwendig nie, die geboorte van die VERLIGTE SELF.

* * *

Terloops, wat beteken dit as iemand sê hy's 'n "wedergebore Christen"? Dit beteken dat hy sy "ou self" "gekruisig" het, met 'n "nuwe self" wat die plek van die oue inneem. Dit word uit die aard van die saak veronderstel dat die "nuwe self" beter is, skoon van die "sonde" van die "ou self". Die geloofsgemeenskap verwag ook dat hierdie persoon – die nuwe bekeerde – sy "nuwe self" moet wéés, om geloofwaardigheid te verleen aan sy aanspraak op "wedergeboorte". Filosofies, en literêr, is dit briljant, en kleurvol …

# Bewys die SELF | Formule wat lei tot resultaat

Sondag 27 Junie 2004

**Bewys jou … nee, bewys die SELF**

Twee dosyn uitlanders sit om tafels vol bier en kos, oë gefokus op ’n groot skerm met lewendige rugby-aksie. Die uwe sit so te sê met sy neus teen die skerm, sy mond vol vars pizza toe hy reken: “Dis goed om weer tussen mense te wees. The proof of the pudding is, after all … nee wag, the proof of self is, after all, in the eating … ook nie, *the proof of self is in appearing*!”

**Die formule wat lei tot resultaat**

Wat is die verskil tussen my en Josef Stalin, of tussen my en Bill Gates? Die verskil is resultate van ons lewens.

Ek, Josef Stalin, en Bill Gates was al drie gebore in partikulêre plekke, op partikulêre tye, in gemeenskappe met partikulêre behoeftes. As Stalin in 1979 gebore was in plaas van 1879, in dieselfde dorp in Georgië, met ’n relatief soortgelyke huislike agtergrond (aangepas vir 1979 werklikheid), sou sy lewe ander resultate opgelewer het. Dieselfde kan gesê word as ek in 1771 gebore was, en nie in 1971 nie. Die belangrikheid van noodlotsdata – waar jy gebore is, wanneer, en as wie se kind, asook gebeure later in jou lewe waaroor jy geen beheer het, of gehad het nie – asook die behoeftes van die gemeenskap kan NOOIT onderskat word as bydraende faktore tot die eindresultate van ’n partikulêre mens se lewe nie.

Die enigste ander faktor wat ’n betekenisvolle rol speel, is keuses. Stalin het gekies *teen* die pad wat sou gelei het daartoe dat hy ’n priester sou word, en gekies *ten gunste van* aansluiting by Lenin en die Bolsjewiste. So ook het ek

byvoorbeeld gekies *teen* watse betrekking ek ook al in Suid-Afrika kon losslaan, en gekies *ten gunste van* English teaching in Taiwan om myself aan die lewe te hou. Die keuses wat Josef Stalin gemaak het, het 'n dramatiese invloed gehad op wie en wat hy geword het, en op die resultate wat hy bewerkstellig het van sy bestaan. Die keuses wat ek sover in my lewe gemaak het, het ook 'n dramatiese invloed gehad op wie ek is op die huidige oomblik, en op die resultate wat ek sover bewerkstellig het van my bestaan.

Die volgende formule kan dus voorgestel word: RESULTAAT VAN JOU LEWE = NOODLOT + BEHOEFTES VAN DIE GEMEENSKAP + PERSOONLIKE KEUSES.

## Wat GEGEE word, en wat jy KIES

Dinsdag 29 Junie 2004

Dis my verjaarsdag vir nog 29 minute, so ek glo dis toelaatbaar om ’n handige, dog onverifieerbare statistiek die lug in te stuur: 99% van die wêreldbevolking funksioneer omdat hulle hul Gegewe Selwe meestal onkrities aanvaar, en slegs onderskeidende identiteit ontwikkel uit die gegewe moontlikhede, en volgens keuses wat direk verband hou met ’n spesifieke tyd en plek. Aan die ander kant, konfronteer 1% van die wêreldbevolking hulle Gegewe Selwe, aanvaar dit wat hulle nie kan verander nie (soos dat die persoon gebore was in Pretoria, in die Republiek van Suid-Afrika op Dinsdag 29 Junie 1971) ongeag of hulle dit anders sou verkies het of nie, en fokus verder op ’n proses van selfdefiniëring, wat altyd binne ’n partikulêre raamwerk sal bly (ek kan nie ’n hond word nie, selfs al wil ek), maar wat nietemin die resultaat tot gevolg sal hê dat die persoon kan verklaar dat hulle hul “eie” mens geword het – ’n poëtiese konsep meer as wat dit tegnies waar is.

*Wat* is ek dus?

Die begin: Ek is ’n man, gebore in Suid-Afrika, seun van Afrikaanssprekende ouers wat die afstammelinge is van meestal Europese kleinboere, soldate, diensknegte en ambagsmanne wat in Suid-Afrika gearriveer het ’n paar eeue gelede. Ek het grootgeword binne ’n partikulêre kulturele omgewing, met partikulêre opvattings oor goed en sleg, en met partikulêre idees oor wat mens behoort te doen met jou lewe, hoe mens behoort te leef, waar, en met wie. Dit is my **GEGEWE** Self.

Die storie gaan voort: Op 33-jarige ouderdom het ek myself tuis gemaak in Kaohsiung, ’n stad op die suidwestelike kus van Taiwan. Ek verdien ’n inkomste en hou myself derhalwe aan die lewe deur Engelse klasse aan te bied by ’n

paar plaaslike skole. Ek woon alleen in ’n drie slaapkamer woonstel, in ’n buurt vol Chinese burgeroorlog veterane en hulle afstammelinge. Ek praat soms op enige dag ewe veel Chinees as Afrikaans; ek gebruik ’n fiets as my primêre vervoermedium; en ek spandeer meeste van my tyd deur te skryf. Hierdie dinge is alles verteenwoordigend van my **GEKOSE** Self – gebou op die fondasie van my Gegewe Self, en binne die beperkte moontlikhede van tyd en plek.

Dit is ek, om 23:47 op die aand van Dinsdag 29 Junie 2004.

Woensdag 30 Junie 2004

00:11

Hierdie aangeleentheid van GEKOSE versus GEGEWE self sal belangstelling prikkel by die 1% wat reeds deur ’n bewustelike en aktiewe proses van selfkonfrontasie en selfdefiniëring gegaan het, en by nog ’n fraksie van mense wat “dink oor hierdie dinge” maar by wie die proses nog in ’n elementêre fase is.

(Hierdie proses van selfkonfrontasie en selfdefiniëring vind plaas op meer as een vlak. Die verskil in my eie geval is dat ék konstant notas maak daaroor; derhalwe is ek baie bewus van die proses; ek kan ook die spore wat ek getrap het, terug volg, en sodoende vir ander wys hoe een persoon – ek – by ’n sekere punt gearriveer het.)

11:05

As Absolute Gegewe Self – kom ons definieer dit as iemand wat onkrities die bron van sy of haar self, naamlik die omgewing waarin hulle gebore en gevorm is, huldig as voortrefliker as enige ander bron – aan die een uiterste van die spektrum is, wat is op die ander ent? Is dit om uit jou gegewenheid te groei en sover as moontlik die produk te word

van jou eie proses van selfdefiniëring? Is dit waarna ons almal moet streef?

Belangrik soos dit mag wees, glo ek nie dit behoort die hoogste strewe te wees vir enige mens nie. Wat belangriker is – en ek het vroeër ook hierdie opinie uitgespreek, is die resultate van jou lewe. Beide (Hoofsaaklik) Gegewe Self en (Tot 'n Groot Mate) Gekose Self is *middels tot hierdie doel*.

In sommige gevalle is die persoonsmodel wat aan 'n individu "gegee" word, voldoende om positiewe resultate te kan bewerkstellig. In ander gevalle moet die persoon verder gaan as die gegewe model. Hoekom so? Moontlik vir geen ander rede nie as dat die persoon NIE GELUKKIG OF TEVREDE IS (OF WAS) MET SY GEGEWE SELF NIE!

Beide self-modelle het egter ten doel om die persoon in staat te stel om in die eerste plek te kan funksioneer, en in die tweede plek (hopelik positiewe) resultate van hulle lewens te bewerkstellig.

* * *

VRAAG: Wat is die verskil tussen dié wat onseker is oor hulleself, en dié wat (oënskynlik) nie met hierdie tipe persoonlike dilemma opgeskeep sit nie?

ANTWOORD: In albei gevalle kyk die persoon na wie hulle is as *gegewe* – geslag, voorkoms, sosio-ekonomiese agtergrond, aanlegte, intelligensie en ander genetiese faktore, asook partikulêre verhoudings wat bepaal wie en wat hulle is sonder dat hulle 'n keuse daaroor gehad het; dit wil sê al die faktore wat deur die noodlot aan hulle *gegee* is sonder dat hulle 'n keuse gehad het daaroor. Keuses oor die jare dra wel, uit die aard van die saak, by tot die wie-en-wat waarmee die persoon gekonfronteer word in hul Groot Eksistensiële Oomblik, maar ook dit is altyd relatief tot die gegewe faktore. (Dit is belangrik om te noteer dat positiewe keuses in 'n konteks waar negatiewe keuses ook maklik genoeg gemaak kan word, tot die krediet is van die persoon wat dit gemaak

het, ongeag gunstige gegewe faktore wat bevorderlik was tot die positiewe keuse.)

’n Persoon wat haarself bevind in die “seker oor haarself” kategorie, is tot ’n betekenisvolle graad tevrede met wie en wat sy is, en wil heel moontlik voortgaan om te wees wie en wat sy is. Hierdie persoon se konfrontasie met haarself was, en is steeds, ’n oorwegend positiewe ervaring. Hierdie persoon kan voortgaan om te funksioneer as ’n relatief tevrede wie-en-wat.

Iemand in die “onseker oor homself” kategorie, gaan deur ’n periode wat gekenmerk word deur ’n sogenaamde identiteitskrisis – onsekerheid oor wie en wat hy is, onsekerheid oor sy plek in die wêreld, en onsekerheid oor die waarde van sy partikulêre lewe. Gevoelens van vervreemding van sy omgewing, onvergenoegdheid en selfminagting is in vele gevalle ineengestrengel met hierdie onsekerheid oor homself. Hierdie persoon konfronteer sy “gegewe self” en ag dit as NIE GOED GENOEG NIE.

In beter gevalle is hierdie tipe selfkonfrontasie die begin van ’n soektog na ’n meer bevredigende identiteit, vir wat uiteindelik ’n meer bevredigende bewussyn van die self sal bewerkstellig. Vele ervaar egter dié tipe selfkonfrontasie as pynlik en traumaties. Hierdie individue begryp nie altyd die redes vir hulle gevoelens van vervreemding nie. Hulle diagnoseer te maklik hul onvergenoegdheid verkeerdelik as die resultaat van persoonlikheidsgebreke: “Ek weet nie hoekom ek altyd so negatief is oor alles nie. Daar moet iets verkeerd wees met my.” Uiteindelik intensiveer selfminagting onvergenoegdheid net soveel as wat dit ’n resultaat is daarvan. Verdere vervreemding tussen die individu en betekenisvolle ander – familie, selfs vriende – is ’n byna onvermydelike resultaat.

Duisende, selfs miljoene lewens word elke dag versuur deur wanbegrip aangaande hierdie verskynsels. Talle lewens word ook veels te vroeg, en onnodiglik beëindig deur negatiewe emosies wat die persoon tot so ’n mate oorweldig dat hy of sy voel dit nie langer uitstaanbaar is nie.

EKSTRA NOTAS:

1. ’n Verdere moontlikheid is dat jy dalk relatief tevrede is met jou gegewe self, en tevrede is met jou gegewe omgewing, maar méér wil hê van die goeie waaroor jy reeds beskik. Die redes hiervoor kan te make hê met persoonlike ervarings wat jou steeds, ten spyte van jou relatiewe tevredenheid, honger laat vir bevestiging van jou eiewaarde, of dit kan doodgewoon aangevuur word deur avontuurlus.

2. Daar is sekerlik ook die moontlikheid dat jy nie eens oortuig is van jou *gegewe* self nie, waar selfs die data wat aan jou ’n aanduiding behoort te gee, so gefragmenteerd en teenstrydig is, dat selfs ’n soeke na wie jy *veronderstel* is om te wees, jare mag vat.

* * *

Oorwegend Gegewe Self en Tot ’n Groot Mate Gekose Self is albei self-modelle wat die persoon in staat stel om te funksioneer as ’n Individuele Entiteit. Albei self-modelle stel die persoon in staat om keuses te maak en oor te gaan tot sekere aksies wat uiteindelik lei tot sekere resultate. ’n Verskil kan gevind word tussen individuele manifestasies van hierdie twee tipes in die graad van tevredenheid met betrekking tot selffunksionering, asook in die kwaliteit van die resultate wat bewerkstellig word.

Enkele dae gelede het ek myself geag as ’n “1” en iemand wat funksioneer as oorwegend gegewe self, steeds ’n “0”. Nou verklaar ek egter dat ek uiteindelik ook weer ’n “1” is – *dieselfde* as die persoon wat as oorwegend gegewe self funksioneer.

Wat was ek dan voorheen – of dan in wisselende grade vandat ek hoërskool verlaat het tot op ’n punt in die onlangse verlede? Ek was meestal ’n “0”, vir die eenvoudige rede dat ek soveel van my gegewe self verwerp het, dat ek dit moeilik

gevind het om te funksioneer in die tyd en wêreld waarin ek gebore was.

Ek kan dus weer my plek inneem in die "ordinary current of life" [soos Dostojefski skryf in *Crime and Punishment*], omdat my GEKOSE SELF (die resultaat van aanvaarding van gegewe aspekte wat nie verander kan word nie, plus selfdefiniëring, plus keuses) 'n werkbare alternatief is vir wat goed genoeg is vir 'n groot persentasie van die wêreldbevolking (naamlik OORWEGEND GEGEWE SELF).

Ek weet nou wie ek is, omdat ek dit self gedefinieer het. Ek weet wát ek is, omdat ek dit self uitgesorteer het. En ek weet waar my plek in die wêreld is, want ek het dit besluit.

(Is daar 'n kwalitatiewe verskil tussen my "1" en die gemiddelde "1"? Moontlik, en moontlik nie. Wat belangrik is, is dat ek my klassifikasie verander het van "problematiese funksionering" na "bevredigende funksionering", nie noodwendig van "funksioneel" na "beter" nie.

Was die hele proses die moeite werd as ek nie *beter* is as die gemiddelde nie? Natuurlik, want ek leef.)

* * *

[Hoogs tevrede met hierdie nuwe insig het ek voortgegaan met die toepassing daarvan op my eie lewe. Verskoon dus asseblief enige herhaling.]

Beginnende plus-minus 1994 het ek nie 'n funksionerende self gehad nie; of, ek het 'n funksionerende self gehad, maar ek was so gevul met onsekerheid (en angs as resultaat daarvan) dat ek nie 'n *volhoubare* funksionerende self gehad het nie. Die verskil, in my geval, tussen *wie-en-wat-1994* en *wie-en-wat-2004* is dus tussen "funksionerende self, maar gevul met angs en onsekerheid wat beteken voortgesette funksionering kan nie as vanselfsprekend aanvaar word nie" en

“funksionerende self met oortuiging wat beteken voortgesette funksionering is hoogs waarskynlik”.

Is my aantekeninge oor hierdie proses werklik relevant vir enige iemand anders – in ag genome die noue verband met my eie partikulêre lewe, en die faktore wat dit gemaak het wat dit is?

Deels omdat niemand daarvan hou om tyd te mors nie, sal ek noodwendig positief wil antwoord. Maar ek kan verder gaan en sê dat ek nie die enigste individu is wat sekere aspekte van my gegewe self nie wou (of wil) aanvaar nie. Ek glo dus dat my noukeurige aantekeninge, oor ’n proses wat my jare geneem het om te identifiseer, waarde het vir meer mense as net myself. Plus, as ek eendag my kop stamp en ek van vooraf moet begin om myself te leer ken, sal dit uit die aard van die saak weereens vir myself ook van waarde wees.

# Hoekom rebelleer ’n tiener?

Saterdag 3 Julie 2004

Ek reken ’n tiener wat volgens algemene standaarde in ’n fase van rebellie verkeer, reageer teen sy eie self, teen die mense wat hy verantwoordelik hou vir wat hy sien as sy *onbevredigende* gegewe self, en moontlik ook teen die omgewing waarbinne hierdie gegewe self gebore en getoë is.

Dit kan dalk toegeskryf word aan die feit dat ek meer blootgestel word aan tieners in ’n sekere stratum van die samelewing, maar dit wil tog voorkom asof die “rebelse tiener” ’n meer algemene verskynsel is in ontwikkelde, geïndustrialiseerde lande, waar gefragmenteerde gemeenskappe ’n enkele stedelike landskap deel, en rykes en armes soms op ’n daaglikse basis skouer skuur, teenoor gemeenskappe waar ’n bestaansekonomie die norm is, met nouer, meer tradisionele verbintenisse tussen individuele lede van die gemeenskap, en ’n nouer kulturele en sosio-ekonomiese verband tussen verskillende plaaslike gemeenskappe.

Mens kan dalk die mening uitspreek dat tieners in stedelike areas in geïndustrialiseerde lande meer rede het om swak toegerus te voel vir die lewens wat hulle wil leef, of selfs vir wat van hulle verwag word. Tieners in hierdie omgewings is immers meer bewus van ander individue in dieselfde gemeenskap, of in ander gemeenskappe – beide plaaslik, of in ander areas – wat ten minste blyk veel beter toegerus is as hulle.

Ek glo ook – hoewel ek net ’n beskeie opinie hieroor kan waag – dat die spesifieke *ekonomiese* omgewing waarin tieners hulself indirek bevind, of waarin hulle weet hulle hulself gaan bevind as volwassenes, bevorderlik is vir gevoelens van ontoereikendheid. Sosio-ekonomiese status – waarin die tiener homself bevind volgens sy ouers se ekonomiese aktiwiteite, en ook wat hy reken moontlik sy

voorland gaan wees as volwassene, asook kompetisie met tydgenote wat betref materiële besittings, verskerp ook innerlike konflik by die tiener tussen sy beskouing van dit wat hy is op daai oomblik, en dit wat aan hom *voorgehou word* as die ideaal.

Laastens glo ek dat te veel volwassenes, of dan in hierdie geval spesifiek dié volwassenes wat in ontwikkelde lande die rol moet vervul van ouers van tieners, nie die vaagste begrip het van die prosesse van identiteitsvorming nie, en ook geen idee het van die mees elementêre filosofiese vraagstukke waarmee tieners gekonfronteer word nie. Hierdie *gebrek* aan die kant van die ouers dra by daartoe dat tieners antwoorde op die vrae na WIE, WAT en PLEK op hulle eie maniere probeer formuleer, en soms op *enige* manier wat naastenby bevredigend is. Onkunde is weereens die sondebok. Verligting is weereens verlossing …

## “Ek, nou” en verwante notas

Sondag 4 Julie 2004

Is “Persoon A” dieselfde mens as wat sy was vyf jaar gelede? Ten spyte van veroudering, en in ag genome die effek van leefstyl op haar voorkoms en fisiese welstand, is sy heel moontlik steeds herkenbaar as dieselfde persoon. Psigies is sy egter bloot verwant. Om te beweer dat sy psigies dieselfde mens is, is nie te verskillend as om te beweer dat ek en een van my twee susters dieselfde mens is nie, net omdat ons van dieselfde baarmoeder afkomstig is.

Volgens wet is hierdie persoon steeds “Persoon A”. Sy is steeds verantwoordelik vir kontrakte wat sy vyf jaar gelede aangegaan het. Sy kan ook steeds verantwoordelik gehou word vir kriminele dade wat sy moontlik gepleeg het vyf of tien jaar gelede.

Sy dra ook steeds die vreugdes en die las van keuses wat sy gemaak het, of insidente waarby sy betrokke was enige tyd gedurende haar verlede.

Die SELF bly egter nie konstant nie. “SELF-2004 van Persoon A” is psigies slegs verwant aan “SELF-1999 van Persoon A”.

Dit kan verder gevra word of “SELF, Mei 2004 van Persoon X” dieselfde is as “SELF, Julie 2004 van Persoon X”, of slegs verwant. Die antwoord is weereens dat die twee slegs verwant is, maar heel waarskynlik nader verwant as “SELF, 1995 van Persoon X” en “SELF, 2003 van Persoon X” (’n partikulêre waarheid vir Persoon X, wat nie noodwendig toegepas kan word op Persoon A nie).

Mens kan selfs meer tegnies raak en vra na die verhouding van “SELF, 4 Julie 2004 om 16:34 van Persoon X” tot “SELF, 4 Julie 2004 om 16:33 van Persoon X”. Die antwoord is dieselfde: steeds slegs verwant, maar die graad van verwantskap is heel waarskynlik nouer as in die geval van byvoorbeeld “Mei-SELF” en “Julie-SELF”. (Weereens is

enige sprake van verwantskap in die geval van Persoon X nie noodwendig geldig vir Persoon A nie, omdat vyf minute – selfs een minuut – ’n dramatiese verskil kan maak in een mens se lewe, terwyl relatief min dalk verander oor die verloop van ’n maand in ’n ander persoon se lewe.)

# Oorsprong van die SELF (en het reptiele siele?)

Maandag 5 Julie 2004

’n Kort dialoog

“Het jy al ooit gewonder oor die ontstaan van die self? Wat kan moontlik die oorsprong wees van die self?”

“Wel, geboorte is seker ’n redelike antwoord.”

“Definieer ‘geboorte’.”

“Biologiese skeiding van moeder en kind. Ek sou sê die spesifieke oomblik is die knip van die naelstring. Ek reken dis die mees dramatiese oomblik van skeiding tussen die twee fisiese entiteite.”

“So die oomblik wat die naelstring geknip word, is die oomblik van geboorte van die self, die oomblik wat die nuwe mens bewus is van sy eie, afsonderlike bestaan?”

“Dit klink sinvol genoeg, dan nie?”

“Sou jy sê net die mens – lid van die spesie *Homo sapiens* – het ’n bewussyn van ’n eie unieke bestaan? Sou jy sê diere het ’n soortgelyke bewussyn?”

“Watse diere?”

“Baie mense sou seker eerste dink aan honde en katte.”

“Troeteldiere, maar dan sekerlik ook bobbejane, sjimpansees, gorillas …”

“Goed, kom ons sê dan alle soogdiere.”

“Of dan alle soogdiere wat naelstringe het.”

“Rotte?”

“Wel, rotte is soogdiere … en muise.”

“En walvisse. Maar as ’n rot beskik oor ’n bewussyn van ’n eie unieke bestaan, wat van ’n volstruis? En as jy reken dat ’n volstruis nié ’n bewussyn het van ’n eie unieke bestaan nie, hoekom nie?”

“Volgens ons redenasie is dit omdat ’n volstruis nie ’n soogdier is nie. Omdat volstruise eiers lê, is daar geen dramatiese oomblik van skeiding nie.”

“Dit klink nie reg dat ’n gewone huismuis ’n bewussyn het van ’n eie unieke bestaan, maar nie so ’n groot … kreatuur soos ’n volstruis nie, net omdat hy *uitbroei*. Dit sal beteken dat ’n reusagtige kreatuur soos ’n dinosourus ook nie ’n bewussyn gehad het van ’n eie unieke bestaan nie, net omdat daar nie ’n naelstring oomblik is, of was nie. En wat van eierlêende soogdiere?”

“Wel, ’n eierlêende soogdier lê ’n eier, so daar’s in elk geval nie ’n naelstring nie. Kom ons sê dan vir die oomblik dat volstruise, en ander groot eierlêende kreature ook beskik oor ’n bewussyn van eie bestaan.”

“Wat van insekte? Wat van kleiner organismes?

“Amebes?”

“En parasiete, en bakterieë. Hoe pas hulle in by die hele ding?”

“Dis moeilik om te sê. Kom ons hou vir die oomblik by soogdiere en die groot eierlêers.”

“Reptiele? As ’n volstruis kwalifiseer, moet ’n krokodil kwalifiseer. En as die grootste slang kwalifiseer, moet die kleinste slang kwalifiseer …”

“Kom ons gaan net eers terug na die vraag oor die ontstaan … maar wag ’n bietjie, waarvan praat ons nou eintlik? Wat presies ís die ‘self’?”

“Ons het ’n paar minute gelede verwys na die bewussyn van ’n eie afsonderlike bestaan. Kom ons kyk wat sê ’n woordeboek …”

[Die volgende terme en definisies kom uit *Psigologie-Woordeboek,* deur Gouws, Louw, Meyer & Plug (1979)]

**self**

’n Term met ’n verskeidenheid van betekenisse, waarvan die volgende die belangrikste is:

1. Die persoon se siening van homself, dit wil sê ’n sinoniem vir SELFKONSEP.
2. Al die persoon se eienskappe, dit wil sê die PERSOONLIKHEID.
3. Die kern van die persoonlikheid, dit wil sê ’n sinoniem vir PROPRIUM.
4. Die agent of uitvoerder van gedrag, dit wil sê die “ek”.
5. Die substraat van gedrag, dit wil sê ’n sinoniem vir PSIGE.
6. (W. James) Enigeen van ’n reeks aspekte van ’n persoon soos dit in verskillende lewensituasies of -areas na vore tree, bv. die sosiale self, die religieuse self en die beroepself.

**selfkonsep**
’n Persoon se siening en evaluasie van homself. Dit sluit kognitiewe, emosionele en evaluatiewe elemente in. Sinonieme: SELFBEGRIP, SELFBEELD en SELF. Vergelyk. IDEALE SELF en LIGGAAMSBEELD.

**ideale self**
(C. R. Rogers) Die totaliteit van eienskappe waaroor die individu graag sou wil beskik. Die veronderstelling is dat die persoon sodanige wense koester om aan voorwaardes vir aanvaarding te voldoen.

**liggaamsbeeld**
’n Persoon se subjektiewe voorstelling van sy eie liggaam. Dit kan een of meer van die volgende aspekte insluit: die subjektiewe en min of meer bewuste idee wat ’n persoon op elke oomblik van die posisie, houding en beweging van sy liggaam het; ’n persoon se kenmerkende ervaring van sy eie liggaam; en ’n persoon se evaluasie van sy liggaam of dele daarvan in terme van aspekte soos aantreklikheid, manlikheid, vroulikheid of gesondheid.

**persoonlikheid**
’n Term wat in sy wydste betekenis dui op die geïntegreerde en dinamiese organisasie van ’n individu se psigiese, sosiale,

morele en fisiese eienskappe, soos dit in sy wisselwerking met sy omgewing, en veral met ander persone, tot uiting kom, en soos bepaal deur die interaksie tussen konstitusionele en omgewingsfaktore. Aangesien die persoonlikheid geleidelik ontwikkel gedurende die individu se lewensloop en dus nooit staties is nie, dui die term gewoonlik op die patroon van eienskappe op ’n gegewe tydstip gedurende die individu se lewe.

**proprium**
(G. W. Allport) Die kern van die persoonlikheid. Dit behels daardie aspekte van die persoon waarby hy hom nóú en intiem betrokke voel, byvoorbeeld sy belangrikste waardes en doelstellings.

**psige**
Die hipotetiese substraat of draer van alle belewenis en gedrag. […] ’n Verskeidenheid terme word naas psige gebruik om te verwys na die hipotetiese substraat van gedrag, bv. gees, persoon, persoonlikheid, individu, en organisme. Sinonieme: SIEL en SELF.

**siel**
1. (Teologie) Die onsterflike (en nie-materiële) aspek van die mens. […]

“Ek hou van die dele oor liggaamsbeeld en psige. Wat sê hulle oor die ideale self?”

“Hulle veronderstel ’n mens koester die beeld van ’n ideale self omdat hy of sy aanvaar wil word.”

“Aanvaar wil word? Ek het ’n ideale beeld van myself, maar as meer mense as die huidige handvol my aanvaar sal ek beslis op my senuwees raak!”

“Ek weet nie of jy dit opgetel het nie, maar nie een van die outeurs van daai definisies slaag regtig daarin om ’n vinger te lê op hulle teiken nie. Dis asof almal probeer om ’n redelike glibberige koekie seep vas te vat.”

“Kom ons kyk: persoon se siening van homself … al die persoon se eienskappe … die kern van die persoonlikheid … die agent of uitvoerder van gedrag … enigeen van ’n reeks aspekte van ’n persoon soos dit in verskillende lewensituasies na vore tree … ’n persoon se evaluasie van homself … die geïntegreerde en dinamiese organisasie van eienskappe … die draer van alle belewenis en gedrag … die onsterflike en nie-materiële aspek van die mens …”

“Soos ek sê, ’n glibberige koekie seep. Kom ons konsentreer eers op die mens se bewussyn van ’n eie self.”

“Bewussyn van ’n eie self? Onthou net, as die self ‘X’ is, kan die self nie ook ‘bewussyn van X’ wees nie.”

“Dalk is die self nie ’n ‘X’ nie, dalk is die self bewussyn … van … iets, of alles. Tog kan ‘self’ nie gelyk gestel word aan bewussyn nie … Kry jy ooit die gevoel dat jy iets probeer verwoord waarvoor jou woordeskat heeltemal te primitief is?”

“Gereeld.”

“Nietemin, die bewussyn van … eie lewende, liggaamlike, afsonderlike bestaan moet tog êrens ontstaan, op een of ander punt moet dit gaan van ‘niks’ na ‘iets’, van ‘0’ na ‘1’. As hierdie punt nié lê by die knip van die naelstring nie, na watter ander moontlikhede kyk ons?”

“Konsepsie?”

“Kan nie wees nie … kan jy jouself voorstel ’n bevrugte eiersel met ’n bewussyn, wat nog te sê van ’n gesofistikeerde bewussyn van eie bestaan?”

“Kan dit gesê word dat die self nie van een oomblik na ’n volgende *ontstaan* nie, dat dit eerder stadig *ontwikkel*?”

“Kan dit gesê word dat die liggaam nie van een oomblik na ’n volgende ontstaan het nie, *omdat* dit stadig ontwikkel?”

“Laat ek sien of ek dit reg verstaan. Die mens se fisiese liggaam ontstaan uit die moeder – en vir deeglikheid moet dit genoem word, nadat die moeder se eiersel bevrug was met ’n fisiese bydrae van die vader. Volgens die naelstring-teorie kan dit dus gesê word dat die pasgebore mens se bewussyn van hom- of haarself ook ontstaan uit die moeder, in die sin dat

daar aanvanklik net een bewussyn was – dié van die moeder, dan na tien of twintig of dertig weke kan breinaktiwiteit by die fetus bespeur word, maar sekerlik niks wat genoem kan word ’n bewussyn van eie unieke bestaan nie – daar’s geen persoonlikheid nie, geen siening van homself nie, geen evaluasie van homself nie, en dan, die oomblik as die naelstring geknip word, is daar ongetwyfeld meer as een geval van bewussyn – die moeder se bewussyn, en die geboorteling se bewussyn.”

“Bewussyn van eie, afsonderlike bestaan miskien, maar steeds geen persoonlikheid nie. Ek meen, geen pasgebore baba het enige siening van homself nie, geen self-evaluasie nie …”

“Nog nie, maar jy kan nie ontken dat iets dramaties gebeur het van die een oomblik na die volgende nie.”

“Laat dit mens nie dink aan Frankenstein wat sy projek animeer, en ’n bewussyn gee van homself, met ’n elektriese skok nie? Behalwe in die geval van die pasgebore mens is die elektriese skok die knip van die naelstring.”

“Maar in die storie het die elektriese skok ook breinaktiwiteit gestimuleer. Uit die breinaktiwiteit het bewussyn ontstaan. In die geval van werklike mense, is die fetale brein reeds aktief weke voor geboorte, weke voor die knip van die naelstring. Of die fetus bewus is van enige iets, en indien wél, van wát, is natuurlik ’n ander vraag.”

“Laat ek ’n stelling maak: Ek is nou, op hierdie punt, Maandag 5 Julie 2004 om 12:48 in die middag bewus van myself as ’n afsonderlike entiteit, verwyderd van lewelose objekte in my omgewing (behalwe vir die stoel waarop ek al vir ure sit), en fisies verwyderd ook van alle ander lewende kreature. As ek nou moet sterf van skok of iets, gaan net ék dood. As iemand anders in die omgewing op hierdie oomblik sterf aan byvoorbeeld ’n hartaanval, sterf net daai persoon – ék gaan voort. Ek is bewus van hierdie afsonderlikheid. Ek is ook bewus van ’n ander tipe verbintenis, wat in alledaagse spraak genoem word ’n emosionele verbintenis, met mense wat ek al ken vandat ek … wel, vandat ek kan onthou. Ek is

verder bewus daarvan dat ek ’n redelik eiesoortige persoonlikheid het, dat ek ’n bepaalde beskouing het van myself, en dat sekere aspekte van my persoon na vore tree in verskillende situasies. Ek is *bewus* van al hierdie dinge. My vraag is nou, op *watter punt* het ek die eerste keer bewus geraak – van myself, van my afsonderlikheid, van my bestaan as ’n afsonderlike entiteit? En indien hierdie punt nie die ontstaan is van dit waarna uiteindelik verwys kan word as die self nie, wat is dan?”

“Dis moeilik om ’n vinger te druk op een enkele punt. Mens moet jouself ook herinner daaraan dat ‘self’ nie gelyk gestel kan word aan breinaktiwiteit nie, en ook nie noodwendig gelyk gestel kan word aan bewussyn nie.”

“En breinaktiwiteit beteken ook nie noodwendig dat daar bewussyn is nie.”

“Nietemin, selfs as die ‘self’, of ’n bewussyn van eie unieke bestaan verstaan word as resultaat van ’n stadige proses wat in klein inkremente gebeur, moet daar steeds ’n punt van ontstaan wees. Daar móét, noodwendig, ’n punt van ontstaan wees! Waar hierdie punt lê, wanneer hierdie oomblik plaasvind van meer-word-as-net-vlees-en-bloed, hoe elementêr ook al, raak die kern van die mens se eksistensie.”

“Dan spekuleer ons nie eens oor die moontlike ooreenkoms tussen die mens se bewussyn en waardering van sy eie bestaan, en wat ander soogdiere ervaar nie.”

“En voëls, reptiele, visse, insekte … bome?”

## Organe, republieke en ander onderwerpe

Sondag 11 Julie 2004

Koma, geheueverlies, en bewussyn van die self – verhouding van die liggaam met die "psige"

My selfbewussyn en my vermoë om kritiese denke óór die self te hê terwyl my eie self geensins ongemaklik raak nie, word direk geaffekteer deur die behoorlike funksionering van my belangrikste organe.

Die details van my partikulêre selfbewussyn – taal, kultuur, etnisiteit – hou direk verband met die opgang van die Hollandse Republiek tot vooraanstaande seemoondheid asook gepaardgaande ekonomiese groei en selfs vooruitstrewendheid op die gebied van kuns gedurende die sewentiende eeu.

* * *

Both "sense of self" and "identity" are essential for something to function. What is this *something*?

* * *

Familie en vriende is belangrik, selfs noodsaaklik vir ons bestaan, omdat ons reken hulle ken ons. Hulle – "weet wie ek is".

* * *

Dit voel asof ek in die regte boord op en af hardloop, maar nog nie by die regte boom op blaf nie.

* * *

Johnny Clegg sê, “Spirit is the journey, body is the bus.”

Miskien moet ’n mens meer spesifiek wees en sê: The body is the bus, sense of self and particular identity is the driver, and the “spirit” is the passenger that needs both the body, and the self-identity to get where it needs to go. But, go where?

## Die voller betekenis van die "gegewe self/gekose self" idee

Woensdag 14 Julie 2004

Ek gaan myself begin irriteer as ek aanhou om dit te sê, maar ek dink nie ek is bewus van die volle betekenis en implikasie van die gegewe self/gekose self idee nie.

Feit is dat mense soms dekades opbrand in 'n poging om uit te sorteer wat hulle *veronderstel* is om te doen. Hulle spandeer jare opsoek na "regte" antwoorde, hulle "werklike" self, hulle "regte" plek, waar hulle "regtig" behoort … sonder om te besef hulle het basies twee keuses: *aanvaar* hoofsaaklik jou gegewe self en funksioneer as sulks, binne die partikulêre raamwerk van gegewe tyd en plek, of *kies* wie en wat jy wil wees, en wáár.

Soos ek voorheen ook vermeld het, sal laasgenoemde keuses altyd ingeperk word deur gegewe self, noodlotsdata en behoeftes van die gemeenskap, en tot veral gegewe tyd. Tog, OPSIES BESTAAN.

Sommige mense sal moontlik altyd slagoffers bly van gegewe tyd en plek, maar vra jouself 'n belangrike vraag: Is ek 'n verslane slagoffer van gegewe tyd en plek, of is daar ruimte vir my om keuses te maak?

# Is “Brand Smit” ’n werkbare Homo sapiens model?

Vrydag 16 Julie 2004

Vraag vir bepeinsing: Ons is wat ons is (spesifieke “ek”) ten einde ons behoeftes te kan vervul. Indien ons behoeftes nie vervul word nie, kan dit gesê word dat wie en wat ons is, *verkeerd* is?

Hoekom is “ek” spesifiek tot omgewing? Indien die Homo sapiens in harmonie is met sy omgewing, as hy naastenby dieselfde lyk en klink as meeste ander Homo sapiens in die omgewing, en indien hy funksioneer binne die grense van aanvaarbare gedrag, sal hy ’n redelike kans geniet om sy behoeftes te kan bevrediging.

Wat beteken dit dan dat Homo sapiens “Brand Smit” migreer het vanaf Habitat Suid-Afrika na Habitat Taiwan? Dit beteken dat sy behoeftes nie bevredig was in eersgenoemde habitat nie; en selfs al het hy tot en met sy migrasie oorleef op ’n daaglikse basis, het hy die rooi lig van naderende vernietiging van sy persoonlike bestaan gesien flikker (ek praat geensins hier politiek nie – ek praat spesifiek van myself as individu).

Wat beteken dit dat Homo sapiens “Brand Smit” in Habitat Taiwan wil aanbly? Dit beteken hy ag hierdie spesifieke habitat as meer gunstig vir langtermyn behoefte bevrediging.

“Maar,” sal ’n mens sê, “van sy belangrikste behoeftes word nie tans bevredig nie, en as geluk hoofsaaklik ’n sintuiglike aangeleentheid is, is hy hoofsaaklik nie gelukkig nie.”

Wat staan ’n mens te doen?

“Brand Smit” het geword iemand wat kan oorleef in die spesifieke habitat waar hy homself tans bevind. Hy reken verder die identiteit wat hy vir homself geprakseer het, sal dit

moontlik maak vir hom om ook sy behoeftes te kan bevredig in ander omgewings. Maar onrus broei … sy identiteit is net oënskynlik ’n werkende model!

Is my Homo sapiens model goed genoeg om my behoeftes te kan bevredig op hierdie spesifieke plek en in hierdie tyd? Indien nie, wat doen ’n mens? En wat beteken dit?

Saterdag 17 Julie 2004

Gister se punt was, as ’n moderne Homo sapiens se behoeftes nie bevredig word nie, dan is sy identiteit – hoe hy homself verbind met die wêreld om hom, wat as primêre funksie het om die persoon in staat te stel om sy behoeftes te bevredig – nie voldoende nie, of verkeerd.

[Nog ’n moontlikheid is dat daar doodgewoon nie genoeg kos en water vir almal in die omgewing is om hulle dors te les en te eet tot hulle versadig is nie.]

* * *

Die primêre doel van identiteit is om die Homo sapiens in staat te stel om sy behoeftes te bevredig in die spesifieke tyd en plek waar hy óf gebore was, óf waar hy homself bevind op ’n latere stadium van sy lewe.

’n Vraag kan dan gevra word: Werk my identiteit, of werk dit nie? Is wie en wat ek is (gegewe, of self-gedefinieerd na kritiese proses) ’n werkbare Homo sapiens model wat my in staat stel om my behoeftes te bevredig? Indien nie, wat is die probleem? Is wie en wat ek is die probleem – met ander woorde, ly ek aan een of ander ongesteldheid of afwyking wat my verhinder om my behoeftes te bevredig? Of is wie en wat ek is spesifiek in hierdie omgewing die probleem? Indien laasgenoemde, het ek twee opsies: ek moet my identiteit aanpas volgens die norms en waardes van die omgewing waarin ek myself bevind ten einde my kanse op oorlewing te versterk, of ek moet migreer na ’n ander omgewing waar wie

en wat ek is ten minste nie my kanse op oorlewing te veel sal ondermyn nie.

# Verskyning | Ken jouself | Gebuigde wêreld

Woensdag 21 Julie 2004

**Verskyning is die probleem**

Insigte en frustrasies van die afgelope week of so, aangehelp deur die feit dat ek skryfmateriaal van so vier jaar gelede hersien op die oomblik, het ’n patroon gevorm van onvergenoegdheid met hoe ek *verskyn* aan die wêreld op die oomblik – dieselfde probleem as vier jaar gelede, maar grootliks afwesig toe ek in Taiwan gearriveer het en nie nodig gehad het om betekenisvolle sosiale verskynings te maak nie.[1] Hierdie verskyningsprobleem hou direk verband met behoeftes (veral aan intieme kontak) wat nie tans bevredig word nie.

Voorheen – soos vier jaar gelede – sou ek dit nie behoorlik verstaan het nie. Ek sou net geweet het “Ek is nie gelukkig nie” of “Ek is gefrustreerd,” en ek sou gewens het ek het meer geld gehad om beter klere en miskien ’n beter ryding te kon koop, en ek sou lyste gemaak het vol items wat sou dui op ’n meer ideale self.

Nou weet ek die probleem is nie noodwendig wie en wat ek is, of die betrokke omgewing nie, maar spesifiek hoe ek *verskyn* aan die wêreld – hoewel dit nie geïsoleer kan word van ander dinge nie. Ek is dus relatief gelukkig met myself, op my eie, in my eie privaat herberg in Benewelde Lig, maar wat my pla is hoe ek verskyn. VERSKYNING is die probleem.

Dat ek die probleem nou beter kan identifiseer en duideliker kan verwoord is ’n aanduiding van die

[1] Vir die leser wat nie die depressiewe prosa van die tweede helfte van 2000 te siene gekry het nie, of wat dit oorgeslaan of geïgnoreer het, kortliks: ek moes in 2000 skielik weer sosiale verskynings maak, wat in 1999 grootliks onnodig was omdat daar feitlik geen ander Suid-Afrikaners in Kaohsiung was nie.

ontwikkeling van my begrip van dinge gedurende die afgelope vier jaar.

### Net toe jy reken jy ken jouself

Vra vir iemand, “Wie is jy?” Verskerp die druk miskien effens deur by te voeg, “Ek vermoed jy weet nie regtig wie jy is nie.”

Die reaksie van menige persoon op so ’n ongeskikte stelling illustreer die uitdaging waarvoor elkeen van ons staan: Kan jy *verwoord* wie jy dink jy is? Kan jy *uitdrukking gee* daaraan?

Woensdag 28 Julie 2004

### Die gebuigde wêreld

Gedagte by Gebuigde Dorp stasie: Ek het nie ’n probleem met die “mooi wêreld” nie; ek het ’n probleem met die prys waarteen mense lidmaatskap aan hierdie wêreld aanskaf.

In die verbruikersamelewing offer vele mense daagliks kreatiwiteit en ure op – verloën hul ware natuur, as’t ware – ten einde krediet te bewerkstellig waarmee hulle lidmaatskap aan die sogenaamde mooi wêreld kan koop.

Dit was my posisie ’n paar jaar gelede[2]; dit is my posisie nou.

Skoonheid sonder substansie is, in die finale telling, net ’n mooi dop.

---

[2] Soos vervat in die stukkie teks, “Die mooi wêreld,” in “Persoonlike Agenda, Boek Een”

## Wat sou jy wees as jy nie VERSKYN het nie?

Woensdag 4 Augustus 2004

As jy nie nodig gehad het om te verskyn nie, sou jy nie veel van ’n sogenaamde identiteit nodig gehad het nie. Of miskien moet ek eerder sê, die manier hoe jy wel aan jouself sou dink as jy nie nodig gehad het om te verskyn nie, sou nie die goedkeuring van die gemeenskap nodig gehad het nie – menende in daaglikse gesig-tot-gesig verskynings.

Identiteit wat herken en tot ’n mate goedgekeur word deur die gemeenskap word dus hoofsaaklik benodig vir VERSKYNING. In ag genome hierdie verbintenis tussen identiteit en verskyning op bepaalde tydstip en plek, wat sou die waarde daarvan wees om *nie* te verskyn nie?

[Nota op 10 Augustus 2007: Identiteit word hoofsaaklik benodig vir verskyning? Ek sit nou alleen agter my rekenaar, en ek het op hierdie oomblik nodig om te weet wie ek is.]

[Nota op 23 Mei 2012: Ek sit nou alleen agter my rekenaar en ek dink aan myself op ’n spesifieke wyse, wat vir alle praktiese doeleindes daarop neerkom dat ek identiteit het. Hoekom? Omdat ek daagliks verskyn aan mense, en dan tussen verskynings inskuif agter die rekenaar … waar ek nie ’n knoppie kan afskakel na iets wat laat flikker wie ek is nie. Plus, dalk vereis die werk wat ek doen, soos hierdie skryfmateriaal, dat ek identiteit moet hê. Hoekom? Want wat ek skryf, is verteenwoordigend van my, en sal absoluut betekenisloos wees as “ek” nie verskyn aan die leser as mens-met-identiteit nie. Die leser sal nie kan vereenselwig met wat ek skryf nie, en sal derhalwe niks ernstig opneem wat ek sê nie. Dus, hoewel ek nie tans verskyn aan enige iemand nie, het ek steeds identiteit want ek onthou wie ek was tydens my mees onlangse verskyning, en ek het nodig om oor identiteit te beskik op kort kennisgewing – as iemand byvoorbeeld aan

die deur klop. En selfs as jy alleen is, doen jy dalk werk wat identiteit vereis.]

# Man in die spieël | Groei | Renaissance man

Sondag 1 Augustus 2004

**Wie is daai man in die spieël? (En hoekom kyk hy so na my?)**

Die uitdaging, soos ek reeds teen dié tyd al soveel keer geresiteer het dat sommige lesers se kop seker wil draai by die blote sig van die woorde, is … om te verskyn as wie en wat jy werklik is. (Daar, dit was nie so erg nie, was dit?)

My punt op hierdie oomblik is egter dat ’n mens soms terugval op ou verskynings wat nie meer werklik geldig is nie, maar wat vertrou kan word vir goeie reaksie. Hierdie tipe situasie los homself weldra op, op ’n natuurlike wyse – of dan hopelik so, anders sal die selfverloëning ’n oop, brandende sweer word.

Dit is egter belangrik om, as ’n mens miskien in ’n spesifieke situasie anders verskyn het as hoe jy jouself sien, jy nie sonder versuim ’n badkamerspieël moet gaan soek om paniekerig vir jouself te gil, “Wie is ek … of wie is jy?!” nie. Weet, en verstaan dat selfs al verander jou beeld van jouself met die verloop van tyd, jy moontlik steeds soms as jou “ou self” sal verskyn ter wille van veiligheid, of positiewe reaksie, of positiewe resultaat in ’n spesifieke situasie.

Die ideaal is uit die aard van die saak dat jou huidige, en hopelik geloofwaardige self voldoende vertroue sal opbou sodat jy kan verskyn as wie en wat jy is, op enige spesifieke tydstip van jou lewe.

Maandag 2 Augustus 2004

**Om te groei en te ontwikkel en uitdrukking te gee – of om te kies om dit nie te doen nie**

Jy ervaar die werklikheid. Dit is moontlik om uitdrukking te gee aan hierdie partikulêre ervaring.

Jy het ook ’n identiteit. Dit is moontlik om jou begrip te verbeter van wie jy is, wat jy is, en wat jy met jou lewe wil doen.

Jou keuse, op hierdie oomblik, is of jy hierdie dinge wil erken, hierdie moontlikhede, en om voort te gaan met die proses van persoonlike groei en ontwikkeling, of nie.

Woensdag 4 Augustus 2004

In **“Renaissance Man”** verander Danny De Vito se karakter die omgewing waar hy woon en werk van ’n kantoor in die middestad en ’n huis in ’n middelklasvoorstad na ’n militêre opleidingkamp. Hy vind dat hy in werklikheid nie ’n advertising ou is nie maar ’n “teacher”. Hy raak skielik toegewyd aan wat hy doen, en hy voel vir die eerste keer in jare dat hy êrens behoort. En, siende dat die formule altyd reg werk in movies, vind hy natuurlik ook die liefde van sy lewe.

# Identiteit van God | Ek is wie ek was

Woensdag 4 Augustus 2004

**Identiteit, en die identiteit van God**

Vir vele mense wat hul eie identiteit wil uitsorteer, is dit ’n voorvereiste om eers die identiteit van God uit te sorteer. God is die “hoof” van hulle godsdiens; godsdiens is ’n primêre instrument waardeur hulle beantwoord wie en wat hulle is, en wat hulle met hul lewens moet of wil doen. As hulle nie seker is oor die identiteit van God nie, kan hulle nie seker wees van hulle eie identiteit nie. Ook, as hulle seker kan wees oor wie en wat God is, kan hulle sekerheid vind oor wie en wat húlle is, of moet wees.

Vrydag 6 Augustus 2004

**Ek-is-wie-ek-was (al is ons net verwant)**

Notas uit Stellenbosch 1994, Korea 1996 tot ‘98, Johannesburg ‘98, en Taiwan 1999 tot 2004 dui aan dat ek steeds dieselfde persoon is, maar dit wys ook hoe hierdie “persoon” verander het. Dit behoort selfvertroue op te wek om te wéét mens kán van omgewing verander, en ~~steeds dieselfde bly~~ … ~~steeds “ek” wees~~ … ~~steeds dieselfde identiteit behou~~ … voortgaan om te *funksioneer* as iemand wat in wese *verwant* is aan die “ek” van gister, en tien jaar gelede, op ’n halfdosyn plekke op twee kontinente.

## Gedagte twee + Gedagte een

Saterdag 7 Augustus 2004

**Gedagte twee**: Identiteit het te make met die vraag na wie ons is. Begrip oor wat gebeur tydens die proses van identiteitsvorming kan help om die vraag te beantwoord hoekom ’n individu is soos hy is, hoekom hy doen wat hy doen, leef waar hy leef, saam met wie hy dit doen, hoe hy verskyn aan die wêreld, hoe hy geld verdien, en hoekom hierdie spesifieke detail en nie ander nie.

**Gedagte een**: Dis Saterdag 7 Augustus 2004. Dis 13:10 in die middag. Ek sit op ’n vliegtuig oor die … Indiese Oseaan.

Op 3 Mei hierdie jaar het ek vir ure gestaan en skryf in my notaboek. Wat ek geskryf het daai dag het uiteindelik daarop neergekom dat ek ’n self gedefinieer het *in Taiwan* waarmee ek gelukkig is. Dit was ook duidelik dat ek moeg was daarvoor om te sê, “Ek is op pad … hierdie is nie my werklike lewe nie … ek werk aan ’n paar planne … moontlik oor ses maande sal ook ek ’n lewe hê wat ek met trots my eie sal kan noem …”

Ek het op daai Maandag verklaar: Ek hét ’n lewe. Hierdie lewe is *in Taiwan*. Dis nie ’n volmaakte lewe nie, maar dis ’n goeie lewe. En dis *my* lewe.

Ek het ’n identiteit vir myself uitgesorteer waarmee ek gemaklik is, en op ’n plek waar ek hierdie partikulêre “Ek is” kan wees.

Wie is ek dan? Ek is ’n man in sy vroeë dertigs wat woon in Taiwan, wat skryf, Engelse klasse gee, Chinees studeer, en wat werk aan langtermyn-besigheidsprojekte. Ses maande gelede sou ek spesifieke etikette gehang het om hierdie dinge wat ek doen, etikette partikulêr aan die tyd en groter omgewing wat ek bewoon soos “skrywer”, “onderwyser” of “student”. Ek het niemand anders nie as Karl Marx te danke vir die idee dat jy jouself eerder net moet bepaal tot wat jy

dóén, en die etikette laat vir dié wat dit om verskeie redes nodig het.

-----------------

“For as soon as the distribution of labour comes into being, each man has a particular, exclusive sphere of activity, which is forced upon him and from which he cannot escape. He is a hunter, a fisherman, a herdsman, or a critical critic, and must remain so if he does not want to lose his means of livelihood; while in communist society, where nobody has one exclusive sphere of activity but each can become accomplished in any branch he wishes, society regulates the general production and thus makes it possible for me to do one thing today and another tomorrow, to hunt in the morning, fish in the afternoon, rear cattle in the evening, criticise after dinner, just as I have a mind, without ever becoming hunter, fisherman, herdsman or critic.”

~ Karl Marx, *The German Ideology* (1845)

## Maatreëls en "werklike" identiteit

Vrydag 13 Augustus 2004

Ons tref maatreëls om ongerieflikhede soos eensaamheid te verlig, en hierdie maatreëls raak verweef met hoe ons onsself sien, en hoe ons verskyn aan die wêreld. Tot watter mate is "ek-as-resultaat-van-maatreëls" die "ware ek", en tot watter mate is die maatreëls amper 'n hindernis tot wie jy "werklik" is? Of moet maatreëls eenvoudig aanvaar word as een van die boustene van identiteit op dieselfde wyse as wat 'n mens die erflike inligting in DNS aanvaar as boustene van identiteit? Tog, maatreëls verander maklik met omgewing … wat jou terugbring by die glibberigheid van "werklike" identiteit.

# Identiteit, oorlewing, funksionering

Maandag 23 Augustus 2004

[’n Herhaling van vorige gedagtes, noodsaaklik om die betekenis van sekere begrippe duideliker te maak.]

Identiteit dien ’n DOEL; die doel is OORLEWING.

Om te kan oorleef, moet die persoon kan FUNKSIONEER.

Om te kan funksioneer, het die persoon IDENTITEIT nodig.

Hoekom? Sodat hy onder meer homself kan identifiseer aan ander in die gemeenskap en sodoende die waarskynlikheid kan versterk dat sy behoeftes bevredig sal word.

Identiteit word saamgestel uit inligting wat voorsien word deur ’n partikulêre omgewing, op ’n partikulêre historiese tyd.

# Verloor jouself, of wend jouself aan

Vrydag 3 September 2004

(Johannesburg)

Dis eenvoudig, dis voor die hand liggend, en almal weet dit, maar dis nogmaals handig om te noem: ten einde te oorleef, het jy nodig om te funksioneer. Identiteit (al die antwoorde op die “Wie is ek?” vraag) dien ’n doel, en hierdie doel is om jou in staat te stel om te funksioneer in ’n partikulêre omgewing, op ’n partikulêre tyd.

Die vraag is dan: Is dit wie jy werklik is?

Dit wil voorkom asof daar voorgestel word dat ten einde jouself *werklik* te kan vind, jy jouself moet verloor. Dit is ’n risiko in die partikulêre omgewings en tyd waarin ons leef. Ten einde te kan oorleef, moet ons kan funksioneer, en ten einde te kan funksioneer, het ons nodig om onsself te kan voorstel aan ander in ons omgewing (ons moet onsself *identifiseer*, en het derhalwe nodig wat genoem word “identiteit”).

Dit kan verder gesê word dat die omgewing (of omgewings) waarin van ons verwag word om te funksioneer – en dan binne sekere neergelegde grense van aanvaarbaarheid, nie bevorderlik is daarvoor om sulke reuse stappe te neem soos om jouself te “verloor” nie. (As daar ’n Kaart van die Psige was, sou so ’n plek waar jy jouself kon verloor, gemerk gewees het met die waarskuwing, “Hier lê drake!”)

Die enigste manier hoe ’n mens dus jou “ware self” kan ontdek in hierdie lewe, is om te onttrek na ’n plek waar jy steeds kan oorleef, maar sonder om te funksioneer in gemeenskap met ander mense (waarvoor jy sogenaamde identiteit benodig).

Interessant om te kyk wat twee spesifieke godsdienste te sê het op hierdie gebied.

Tot ’n mate is dit wat Boeddhisme voorstel – onttrek van die wêreld, moenie geheg raak aan aardshede nie, en spits jouself toe daarop om voor te berei vir die uiteindelike vrylating van die onsterflike element van jou persoon uit die oënskynlik eindelose siklus van lewe en dood.

Die Christelike geloof vertel weer van Jesus wat ’n partikulêre identiteit gehad het, en relatief goed gefunksioneer het in die tyd en omgewing waarin hy gebore was, as beide timmerman en prediker – laasgenoemde was relatief suksesvol tot en met sy dood. Hy het geleef volgens sy oortuigings, en uiteindelik gesterf vir dit waarin hy geglo het; anders gestel, toe die keuse aan hom gestel was om sy oortuigings af te water of te sterf daarvoor, het hy geweier om homself, of sy oortuigings te verloën. Jesus het homself – wie en wat hy was as *mens* – opgeoffer; hy’t gesterf in, en volgens die Christelike geloof, *vir* hierdie wêreld, en uiteindelik geword, volgens Christelike dogma, wie hy *werklik* is – God. Volgens Christelike leerstellings het hy derhalwe gesterf as ’n partikulêre mens … en Universele God geword.

[Sekere teoloë, en slim dominees, sal moontlik daarop wys dat Christus *reeds* as Partikulêre Mens ook Universele God was. Hoewel dié punt van allergrootste teologiese belang is, is hierdie teks nie die korrekte platform om meer aandag te gee aan hierdie onderwerp nie.]

* * *

Miskien is die doel van hierdie lewe nie om te gaan waar die drake lê nie, naamlik, om jouself te “verloor” nie, maar om betrokke te raak, kant te kies, en jou self as’t ware aan te bied vir ’n “goeie saak”.

Wend jouself dus reeds in hierdie lewe aan vir die verwesenliking van goeie dinge, en berei jouself daardeur

voor vir wat ook al wag na jou aardse bestaan. (Ek is bewus van die dramaties nuwe rigting waarin ek my kompas draai.)

* * *

"I've converted to a new faith."

"Oh? What's it called?"

"It's called … oh heck, I don't know what it's called. Does it matter?"

* * *

Ek herhaal wat ek reeds geskryf het in 'n vorige nota: Miskien is die doel van hierdie lewe nie om jouself te verloor ten einde jou ware, reiner self te vind nie, maar om jouself, wie en wat jy nou is, aan te wend tot 'n goeie saak.

[Hoekom nie net jouself "aanwend" tot jou eie geluk nie?

Ek ken my eie redes, my eie motiverings, wat vir my goed genoeg is en wat nie. Ek kan derhalwe nie hierdie vraag vir enige iemand anders as myself antwoord nie … vir nou.]

## Los fragmente wat aansluit by “Verloor jouself, of wend jouself aan”

Maandag 6 September 2004

Vrees is die Fondasie waarop die Huis van Lewe en Funksionerende Identiteit gebou is. Die vraag is, wat lê begrawe onder die huis?

* * *

Die opsies: Onttrek of Raak Betrokke

* * *

“Vervul jou doel op aarde deur betrokkenheid met die wêreld.”

Serve your purpose and leave … or stay and enjoy the show for as long as your ticket is valid?

* * *

As onttrekking die antwoord is, wat is dan die sin van die manier hoe geboorte plaasvind?

* * *

Die Boeddha het sy vrou en pasgebore kind verlaat, en die wildernis binnegestap.

Jesus het betrokke geraak. Hy’t vertroosting gegee, pyn verlig waar hy kon, en homself – sy fisiese self – opgeoffer vir ’n “goeie saak”.

Mohammed het ook betrokke geraak. Hy’t oorlog gemaak om die wêreld te transformeer sodat mense hul lewens op “korrekte” wyse kan leef (volgens sy oortuigings).

* * *

Siddhartha Gautama (die Boeddha) het onttrek die wildernis in. Mohammed het ook aanvanklik onttrek – na ’n grot. Jesus het veertig dae en nagte in die woestyn gespandeer.

Beide Jesus en Mohammed het onttrek … en toe betrokke geraak.

Selfs Nietzsche se held – die uiteindelike “superman” – het vir tien jaar onttrek, en toe begin met ’n poging om mense uit onkunde te verlos.

* * *

Dus: Onttrek … en herverskyn as ’n getransformeerde mens – een met ’n agenda, ’n saak waarvoor jy bereid is om te sterf?

## Verloor jouself, of wees jouself …

Dinsdag 7 September 2004

00:40

As iemand my moet vra wat die eindresultaat is van tien jaar se dink en skryf oor "dinge", sal ek aanvanklik etlike temas wil noem. In praktiese terme kom dit egter daarop neer dat ek toenemend voel ek verstaan hoe dinge werk, dat ek gereed is om aan te beweeg. Ook dat die dag tot dag stryd om oorlewing, om behoeftevervulling, 'n spel is waaraan ek nie werklik meer wil deelneem nie. Wat amper blyk 'n selfmoordwens te wees, is eerder wat ek nou onttrekking noem – om te "sterf" as deelnemer in hierdie wêreld. Hoewel die idee, oppervlakkig gesien, aanloklik is – geen lang argumente of verduidelikings meer nie, geen konvensies of reëls nie, huiwer ek steeds by die kruispad: onttrek, of raak betrokke?

(En dan is daar die moontlikheid dat die afgelope vyf of tien jaar – my laaste jaar op Stellenbosch, twee jaar in Korea en sover amper ses jaar in Taiwan, wel gesien kan word as my onttrekking van die wêreld.)

'n Paar maande gelede het ek gesê: Vind jouself.

Nou sê ek: Verloor jouself, of wéés jouself vir 'n goeie doel.

08:19

Hoe sou jou persoonlikheid, jou identiteit, wie en wat jy is, gelyk het as dit nie gebou was op vrees nie – vrees vir honger, vir armoede, vir pyn, vir die dood, of vir eensaamheid?

14:16

Weereens, as jy uiteindelik op die punt kom waar jy verklaar dat jy weet wie jy is, en jy weet ook *hoekom* jy *dit* is en nie

iets of iemand anders nie, dan besef jy moontlik dat die soeke na jou “ware, naamlose self” maar nog net begin het.

Jy staan dan voor ’n keuse: verminder die noodsaaklikheid om te wees wie jy nou is – ter wille van funksionering in ’n partikulêre omgewing – deur jouself te onttrek van die wêreld (relatief gesproke); óf, kies ’n rol en begin om die rol te vervul (wetende dat dit ’n rol is), en pas jou kennis, jou ervaring, jou vaardighede en jou persoonlikheid toe op ’n wyse wat jou lewe waarde gee in ’n partikulêre omgewing, en op ’n bepaalde tydstip van die wêreldgeskiedenis.

In ander woorde: Wees wie jy (nou) is, ter wille van ’n goeie saak.

## Wie is ek werklik?

Sondag 12 September 2004

Teen hierdie tyd beskik ek oor genoeg data oor myself om myself te kan herken as ek verby ’n spieël stap, en om (meeste van die tyd) te reageer as die naam geuiter word wat my ouers 33 jaar gelede gekies het om my te noem, en wat ek oor die afgelope 33 jaar aanvaar het as goed genoeg vir alledaagse gebruik. Ek het ook onlangs ’n plato bereik in my religieus-filosofiese soeke na wat dit beteken om mens te wees. Ek het ’n redelike goeie idee wat my gelukkig maak. Ek kan met ’n aanvaarbare graad van selfvertroue optree in ’n verskeidenheid situasies. En ek kan sonder te veel gebabbelry verduidelik wát ek met my lewe wil doen, wáár, en met wie.

So trap ek laat vanmiddag op my fiets verby ’n kwekery. Die vreemdste gedagte dring homself toe by my op. As ek regtig baie geld het – nie noodwendig biljoene nie, maar veel, veel meer as wat ek nodig het om myself bloot te onderhou, sal ek vir my potplante koop. Nie net een nie, dosyne. Ek sal my hele sitkamer herrangskik; portrette wat op boekrakke staan gemaak is, sal opgehang word; kitare sal geskuif word na ’n ander plek toe, meubelstukke sal stoorkamer toe geskuif word; alles om plek te maak vir al die potplante.

Die data waaroor ek beskik oor die onderwerp van Brand Smit as Persoon sluit die volgende in: “Brand Smit hou van plante, want hy hou van die natuur. Ten spyte daarvan hou hy tans geen potplante aan in sy woonstel nie, omdat al die plante wat hy in die verlede aangehou het, gevrek het vanweë ’n gebrek aan versorging. Die redelike gevolgtrekking kan dus gemaak word dat Brand Smit nie werklik ’n plant persoon is nie.”

Dit daar gelaat.

Ek sit nou al vir ’n geruime tyd met ’n probleem. My emosionele landskap word weer genadeloos geteister deur ’n Storm van Skeptisisme. Tot my eie verleentheid (siende dat

ek gereken het dat ek sulke amateuragtige lewenskwessies agtergelaat het in … Julie?) wonder ek weer wat die punt van alles is. Waarvoor lewe ons?!

Freneties slaan my vingers dus op ’n daaglikse basis weer deur die staalkabinet vol antwoorde: Bevrediging van Behoeftes, Wiskunde en Wetenskap, Vind/Definieer en Wees Jouself, Liggaamlike Bestaan as Deel van ’n Baie Lang Proses, Liefde en Samesyn … en voort skiet die een lêer na die ander verby.

Dit is wel so dat ek pas teruggekeer het na Taiwan na vier weke in Bronkhorstspruit. Dit is ook so dat ek net weer gewoond geraak het aan die steenkoollug van die Hoëveld in die laat winter, en aan pekanneut terte vir R27 by die groentewinkel, en aan die mooi vrou wat die til slaan by die Spar. En, goed, ek het my ouers, my jonger suster, en vir die laaste twee weke ook my ouer suster (en haar eersgeborene) elke oggend gesien in my rondtes deur die huis tussen *Huisgenoot* lees en smoke breaks onder die boom in die hoek van die tuin.

Hierdie is nie Augustus 2003 nie. Dis nie Februarie 2004 nie. Dis nie 2002, 2001, 2000, ’99, of enige ander periode van my lewe nie. Dis September 2004. Ek reageer steeds op dieselfde klanke wat geuiter word as iemand my aandag wil trek, en (behalwe vir die snor wat ek môre gaan afskeer) lyk ek nog steeds dieselfde. Maar my grysstof dikteer deesdae ander ambisies en visioene as “repatriasie na die land van my geboorte, trou en kinders”, ensovoorts. Ek weet dus dit is nie die feit dat ek terug is in Taiwan wat my strot weer verstop met ongeloof nie. Die ongeloof was daar terwyl ek *Huisgenoot* gelees het in die laatwinterson op die plot buite Bronkhorstspruit. Ek het die irriterende gekrap aan die hol kant van my siel gevoel terwyl ek die waarde van die Hoëveldse wye oop spasies oorweeg het in die dink van diep gedagtes.

Aangenaam was die verrassing dus toe ek vanmiddag verby die kwekery rol oor ’n natgereënde pad, en ek boul my

sinisme vir die oomblik plat met so ’n ou grap soos wat ek sal doen met meer geld.

Wetenskaplik soos ek hierdie aangeleenthede gewoonlik benader, het dit my ’n goeie kwartier gevat voor ek die vraag voldoende gekwalifiseer het om te kon antwoord. “Ek sal vir my ’n helse klomp plante koop,” het ek hardop gedink. “Ek sal ook vir my ouers elke maand geld stuur, of hulle dit nodig het of nie. Dan sal ek weer in Desember op vakansie gaan … en vir my 20 VCD’s koop, op één slag … én die Alphaville *Greatest Hits* CD.” Later die aand (voelende ietwat goed oor my boekrakke wat weer ’n slag reggepak is) gooi ek toe sommer by dat ek ook ten minste een keer per week by ’n deftige restaurant sal gaan eet. (“Omdat ek nog altyd gehou het van goeie kos,” het ek gereken.) Ek sal ook heelwat kapitaal belê in nuwe tegnologie. Ek sal vir my ’n nuwe rekenaar koop, ’n digitale video kamera, en die nuutste tipe selfoon op die mark. Ek sal ook vir my ’n nuwe klanksisteem aanskaf – my getroue Aiwa Discman laat my nie toe om Metallica teen ’n volume te luister wat nie my korttermyngeheue verwoes nie … wat was ek besig om te sê?

Die welbekende frase, “Ek is …”, word gewoonlik voltooi met allerhande brokkies data, wat tradisioneel insluit ’n naam, geboortedatum, familie en vriendskaplike verbintenisse, hoe jy geld maak, waar jy woon en ander inligting wat in die eerste plek vir jouself sê wie jy is, en daarna ook die proses fasiliteer waarmee jy jouself voorstel aan ander mense.

Wat myself aanbetref kan ek noem dat ek, Brand Smit … wag, laat ek dit op ’n ander manier doen:

Ek, Brand Smit … is ’n man … is 188 sentimeter lank, weeg meer as 90 kilogram, wykende haarlyn op die voorkop, hare op my bolip … wil minder as 90 kilogram weeg, sal nie omgee as my hare teruggroei nie … is Suid-Afrikaans … het geen sterk begeerte om ’n burger te wees van ’n ander staat nie … het tot lewe gespring in die etniese groep wat histories geklassifiseer is as óf “Boer” óf “Afrikaner” … is tans

woonagtig in woonstel nommer 4~2, Laan 2, Ci Hui Xin Cun, in die stad Fengshan, in die Kaohsiung Distrik van Taiwan … wil hier woon, of in Hong Kong, Guangzhou, Shanghai, Beijing, Londen of miskien Parys, en ek sal nie omgee om ’n tuinwoonstel in Bronkhorstspruit te besit nie … is geleer as kind dat geloof in die leerstellings van hoofsaaklik die Protestantse Kerke die enigste manier is om na fisiese dood voort te bestaan in die “Hemel” … is tevrede met my huidige, vae oortuigings oor God, Jesus, die Onsterflikheid van die Siel, en Lewe na Fisiese Dood … verdien geld as ’n Engelse onderwyser … sal eerder geld wil verdien as ’n entrepreneur in samewerking met ander mense wat ook ’n profyt maak uit my projekte, sodat ek nie die heeltyd betrokke hoef te wees met bemarking en verspreiding nie … is iemand wat tans nie TV kan kyk selfs as ek wil nie … wil wees iemand wat die opsie het om TV te kyk eerder as om stukke soos hierdie op ’n Maandagaand te skryf … is iemand wat nie baie geld spandeer nie, anders as op die nodigste kruideniersware, flieks, sigarette, en goedkoop video CD’s … wil wees iemand wat meer geld het om te spandeer wanneer ek iets wil doen, of ’n artikel wil aanskaf … ensovoorts … ensovoorts … wie stel in elk geval belang in hierdie goed? As die dag langer was, het ek myself heel waarskynlik dood gerook. Net sowel, dus.

## Die volle waarheid | Eksistensiële vraag

Donderdag 16 September 2004

**Die volle waarheid, eensaamheid, en praktiese reëlings**

Ek voel steeds alleen, maar nie soveel as ’n jaar of drie gelede nie. Een rede is omdat ek nou weet mense het mekaar nodig vir die vervulling van ’n reeks behoeftes – beide emosioneel en fisies. Indien die behoefte weggeneem word, verander alles.

* * *

Die opvatting in talle kulture is dat die mens ander mense nodig het, dan nie?

Ja, omdat “talle kulture” probeer uitwerk hoe om basiese vertroosting te bied aan die enkeling in die aangesig van ’n verskriklike realiteit. Dis ’n praktiese reëling – soos jou naam. Dis nie die Volle Waarheid nie.

Maandag 20 September 2004

**Vir die rekord**

Ek kontempleer al vir weke lank ’n keuse, in verskeie vorms: Om te leef vir hierdie wêreld, of om te “sterf” in hierdie wêreld.

As ek kies om te leef, is my huidige half-lewe nie goed genoeg nie.

As ek kies om te “sterf”, is my huidige half-dood ook nie goed genoeg nie.

* * *

Sommige mense vind dit uiters stresvol om te verskyn in die wêreld; uit die aard van die saak probeer hulle dit soveel as moontlik vermy. Ek begryp dit.

**Eksistensiële vraag**

Die vraag bly: Moet ek voortgaan om te wees wat ek uitgewerk het ek wil wees in ag genome al die gegewe faktore – om as “Brand Smit” ’n verhouding te bewerkstellig met die wêreld, en as “Brand Smit” te verskyn aan die wêreld op ’n daaglikse basis, om ’n hopelik konstruktiewe rol te speel en ’n positiewe bydrae te maak terwyl ek funksioneer, vir alle praktiese doeleindes, as “Brand Smit” … OF … onttrek ek uit die spel, en staak my verskyning en gepaardgaande rol en funksionering as “Brand Smit”, en kyk waarheen dit my vat?

## Woestyn of stad, en ’n beginsel

Dinsdag 21 September 2004

**WOESTYN of STAD?**

Om jou identiteit-ter-wille-van-funksionering te verloor, of om dit te aanvaar en te wees ter wille van ’n (goeie) doel … sê jy stap al vir jare lank in sirkels en loop kruis en dwars oor dieselfde areas maar jy kry dit reg om lank genoeg koers te hou, en jy kom by die rand van die STAD, net voor jy die WOESTYN betree, waar jy nie meer hoef te funksioneer volgens konvensies van tyd en plek nie, en jy draai om en stap terug, weer die STAD binne, om met die kennis wat jy het oor wie en wat jy waarlik is, en wie en wat jy moet wees om te oorleef en te funksioneer, jou lewe te leef in diens en nastrewing van ’n Goeie Saak … tot die tyd aanbreek wat jy die WOESTYN in ’n ander gedaante sal betree.

Donderdag 23 September 2004

**’n Beginsel …**

Vele van ons bly vasgevang in ’n lewe wat nie die beste is wat ons kan bewerkstellig nie, want om verstellings te maak, sal meer energie verg as wat dit vat om die huidige, soms frustrerende lewe bloot te onderhou op ’n daaglikse basis.

Dit is hoekom verandering gewoonlik volg op ’n bliksemstraal wat ons tot aksie skok – ’n gebeurtenis of insident wat ons huidige bestaan ondraaglik maak.

# VERSKYN of VERDWYN?

Donderdag 23 September 2004

Vir jare het ek gesoek na wie ek is, en probeer uitwerk hoe ek moet verskyn aan die wêreld. Ek het uiteindelik tot die insig gekom dat jy jou "gegewe self" moet konfronteer, moet aanvaar wat jy nie kan verander nie, en dan in ag genome die gegewe materiaal, asook gegewe tyd en plek, moet definieer wie jy wil wees, hoe jy aan die wêreld wil verskyn, of jy enigsins 'n rol wil speel in die wêreld, watse rol jy wil speel, waar jy hierdie rol wil speel, asook hoe jy beplan om in jou behoeftes te voorsien op die plek waar jy is en in ag genome wie jy gedefinieer het jy wil wees en watse rol jy wil speel, of watse bydrae jy wil maak.

Een vraag bly egter na jy hierdie dinge uitgesorteer het: WIL JY VERSKYN?

Indien jy kies om wel te verskyn, skop al jou antwoorde op bogenoemde vrae in.

Sou jy kies om nié te verskyn nie, verander alles. Dit maak meeste van jou antwoorde nutteloos, met nuwe vrae wat beantwoord moet word om 'n ander stel behoeftes te vervul (of soortgelyke fisiese behoeftes, maar sielkundig verskillend).

Dit is die vraag wat ek op hierdie punt van my lewe kontempleer. Wil ek wees wie ek (tans) is, op die plek waar ek gekies het om hierdie "ek" te wees, en die rol vervul wat ek vir myself gedefinieer het, of wil ek verdwyn … of dan slegs minimale, en meestal anonieme verskynings maak ten einde my basiese fisiese behoeftes te vervul?

Sondag 10 Oktober 2004

**Noodwendige verloop van spirituele ewolusie?**

Jy raak moeg daarvoor om jouself te verduidelik aan ander mense. Jy raak ook toenemend bewus van jou eie karikatuur

in verskyning aan die wêreld. Jy begin toenemend ’n behoefte te ervaar om te onttrek.

Is dit ’n noodwendige verloop van spirituele ewolusie? Kan dit vermy word dat jy jouself toenemend wil losmaak van die wêreld?

# Oor ape en (sogenaamde) oorspronklikheid

Donderdag 7 Oktober 2004

Mens word gebore met min of meer geen identiteit nie, behalwe vir ’n naam. Binne enkele maande, of dalk ’n jaar of drie, begin jy ander mense in die omgewing se gedrag en taal na-aap. Soos jy ouer word, smelt hierdie na-apery saam met ander maatreëls om jou persoonlike veiligheid te bevorder – maatreëls wat relevant is tot partikulêre tyd en plek.

Wanneer ’n persoon ver genoeg weg beur van dit wat ander na-aap en goedvind vir hulself, gebeur dit dat die etiket van “oorspronklik” om hul nekke gehang word. Hierdie etiket is natuurlik nooit ten volle akkuraat nie, want selfs die sogenaamde “oorspronklike” kry sy idees van êrens af, geklee in ’n taal wat hy nie self geprakseer het nie.

Die punt hier is graad. Sommige mense aap ander so slaafs na dat mens skaars ’n verskil kan bespeur tussen die een wat nageaap word, en die aap self. En dan is dit natuurlik moontlik dat selfs die model ’n kloon is van iemand anders wat weer aanvanklik iemand anders slaafs nageaap het wat, êrens in die verre verlede, iets gedoen het wat tot ’n betekenisvolle graad verskil het van dit wat ander in daai tyd en plek nageaap het as Modelle van Funksionerende Volwassenheid.

Sê ek mense is gemeganiseerde vlees-kreature wat geprogrammeer word deur die soms subtiele, en soms eksplisiete voorskrifte van ander in die omgewing. Uhm … nee. Net omdat ek op die oomblik ’n paar denims aanhet, is nie te sê ek noem myself “Elvis” nie. Net omdat die buurvrou haar hare tease, is nie te sê sy weet wie Dolly Parton is nie. My punt is eerder dat iemand – wat ek aan gebrek aan ’n beter woord ’n “oorspronklike” sal noem – byvoorbeeld op een wonderlike dag besluit het om in die tradisionele werkersgewaad van denims te klim om inkopies te gaan doen, of om op enige ander uitstappie te gaan as na die naaste fabriek, en die wêreld was nooit weer dieselfde nie.

Die Nuwe Mens – kleuter, tiener, of jong volwassene – kyk na ander in die omgewing vir leidrade oor hoe om op te tree, wat om aan te trek, wat om wanneer te sê, en oor watter klanke gevorm moet word om bepaalde resultate te bewerkstellig. Dit is 'n natuurlike proses. Selfs die rebel wat die eerste keer 'n paar denims aangetrek het om te verskyn in 'n ander omgewing as een waar sy hande vuil sou raak, het opgetree na ander aksies eers geneem was – denim klere was ontwerp en vervaardig lank voor hy dit begin dra het buite sy werksplek. Sy aanpassing van hierdie verskynsel, aan die ander kant, was relatief oorspronklik (dis nou te sê as daar regtig ooit so 'n Eerste Denim Rebel was).

Enkele ander voorbeelde kan genoem word waarmee meeste lesers kan vereenselwig: die woordeskat en uitdrukkings wat mense benut om hulself in die guns van ander te bring; die wyses waarop arms geswaai word op 'n dansvloer; die tipe motorvoertuig waarop besluit word; die arbeid wat mense kies om te verrig om 'n inkomste te genereer; die juweliersware wat mense aanskaf om aan hul ledemate te hang; die oortuigings wat mense huldig aangaande godsdiens, politiek, en wat mens met jou lewe moet doen.

Is dit belangrik om nié te doen wat die spreekwoordelike *almal* doen nie? Om nie te lyk of te klink soos meeste van jou tydgenote nie? Om nie met jou lewe te doen wat omtrent almal wat jy ken met hulle lewens doen nie? My antwoord op hierdie vrae is intiem verweef met my eie siening van sake, met my eie agtergrond, met my eie onsekerhede en vrese, en met my beskouing van 'n groot persentasie van my tydgenote.

Ek glo wel dat daar drie moontlikhede is: 1) om slaafs na te volg wat deur jou omgewing voorgeskryf word ter wille van aanvaarding deur 'n spesifieke gemeenskap; deur Wie Jy Is te vorm om die aambeeld van wat aan jou voorgehou word as die norm van tyd, omgewing en gemeenskap; 2) om te kyk na wat aan jou voorgehou word as die norm van tyd, omgewing en gemeenskap, sommige van hierdie dinge te aanvaar, en sommige te verwerp in 'n KRITIESE EN KREATIEWE

PROSES, en dan te verskyn aan die gemeenskap as ’n eiesoortige weergawe van wat breedweg aanvaarbaar is, en as sulks te funksioneer; en 3) om na voorbeelde en leidrade te soek buite jou onmiddellike tyd, omgewing en gemeenskap, en ’n model van verskyning en funksionering te definieer wat tot so ’n mate verskil van wat oorspronklik aan jou voorgehou is, dat jy en jou lewe ’n primêre voorbeeld word wat ander sal oorweeg in hul eie soeke na leidrade en antwoorde op vrae wat, sal ons toegee, almal op een of ander stadium wakker hou.

## Vir as enige iemand vergeet het

Saterdag 23 Oktober 2004

Ons het nodig om te funksioneer, en om dit te kan doen het ons inligting nodig – wie ons is, wat ons is, wat ons nodig het, wat ons wil hê, en wat ons moet en mag doen om te kan kry wat ons nodig het en/of wat ons wil hê.

Ons moet ook ’n omgewing skep, of ons deel bydra in die skepping van ’n omgewing, wat bevorderlik is vir ons om te word wat ons wil wees.

Hierdie proses van “word” moet egter nie beperk word tot mense wat net hul eie agendas dien nie, wat net hul eie behoeftes en begeertes najaag nie. Die deelname van individue in ’n groter proses wat gemik is op ’n resultaat waarby meer as net ’n enkele persoon of ’n handvol individue sal baat, moet altyd opreg en aktief aangemoedig word.

Hoekom? Vir een rede, soos jy bydra tot die verbetering van iemand anders se omgewing, so dra iemand anders by tot die verbetering van joune. Ons deel ook omgewings, beide in die groter sin van die woord en in ’n meer plaaslike sin. As ons almal bydra tot die verbetering van ons gemeenskaplike omgewings, trek ons almal individueel voordeel daaruit.

## ’n (nuwe) Bestaan in drie noodsaaklike stappe

Dinsdag 9 November 2004

[Nie die eerste vermelding van hierdie gedagtes nie, maar wie hou telling as iets in stappe uitgedruk kan word?]

Stap Een: Konfronteer jou Gegewe Self, en aanvaar wat jy nie kan verander nie.

Stap Twee: Definieer, in ag genome onveranderbare aspekte van jou Gegewe Self, wie jy wil wees, hoe jy wil verskyn aan die wêreld, en watse rol jy wil speel. Besluit of jy sal verkies om alleen te wees, of saam met ’n ander persoon. Besluit ook wáár jy alleen jou lewe wil spandeer, of waar jy dit sáám met iemand wil doen.

Stap Drie: In ag genome al bogenoemde besluite, stel was op watter wyses jy in jou daaglikse behoeftes kan voorsien wat nie net nié die Self wat jy wil wees, sal verloën nie, maar wat dit wie jy wil wees, jou rol, en jou ideale bydrae tot die samelewing, sal bevorder.

## Die sondes van die BRON word besoek …

Dinsdag 16 November 2004

Die mens ontvang die inligting wat aan hom ’n aanvanklike aanduiding gee van wie en wat hy is of veronderstel is om te wees – die boustene waarmee identiteit saamgestel word – van ’n BRON, of dan verskeie “agente” van die BRON.

My vraag is, wat as die BRON om verskeie redes gebrekkig is, of bederf? (Wat sou dit beteken om ’n bron *bederf* te noem?)

Ook, wat is die doel van die BRON? Is dit nie om die mens in staat te stel om te funksioneer in ’n partikulêre plek en tyd nie? Dan moet die BRON sekerlik volgens hierdie doel beoordeel word.

Wanneer is ’n BRON bederf? Hoeveel mense se programmering en funksionering moet gebrekkig wees tot ’n groot mate as gevolg van die BRON voordat die BRON as *fataal bederf* geag kan word?

As ’n primêre doel van die BRON is om mense in staat te stel om ’n goeie idee te ontwikkel van wie en wat hulle is en funksionering moontlik te maak, wat is die primêre doel van die mens se bestaan? Om identiteit te bewerkstellig en suksesvol te funksioneer? Wat is “suksesvolle funksionering”? Oorlewing? Ek glo nie.

Ek glo as die BRON bederf is, verlaag dit die waarskynlikheid dat mense hul ware einddoel sal verwesenlik. ’n BRON wat bederf is, is soos ’n kanker wat geïdentifiseer en uitgesny moet word om die liggaam ’n kans te gee om te oorleef.

[Ek het ’n verwysing in die laaste paragraaf na “ware einddoel” laat deurglip. Is daar so iets? Is dit verder moontlik dat ’n “bederfde BRON” steeds kan lei tot ’n goeie lewe wat ’n goeie doel dien, juis as gevolg van die lewensreis waarop ’n persoon geforseer is deur die “bederfde BRON”?]

## Vrye en onvrye verskynings

Donderdag 2 Desember 2004

As mens te veel gebuk gaan onder voorskrifte van wat jy mag sê en wat nie, wáár jy sekere dinge mag sê en waar nie, hoe jy dinge sê en hoe nie, en as jy gebuk gaan onder die voorskrifte oor watter woordeskat jy mag uiter en watter nie, is jou spraak – die primêre wyse waarop meeste mense uiting gee aan hulle werklikheidservaring – nie vry nie. Indien jy nie vryelik uiting kan gee aan jou werklikheidservaring nie, of dit slegs doen op wyses wat aan jou voorgeskryf word, *is jy nie vry nie*. En siende dat die wyse hoe jy uitdrukking gee aan jou ervaring van die werklikheid tot ’n groot mate bepaal hoe jy verskyn aan die wêreld, word dit uiteindelik deel van WIE JY IS. Wie jy is, is dan tot ’n betekenisvolle graad die resultaat van *onvrye* selfuitdrukking. Wie jy is, is dan ’n resultaat goedgekeur volgens die voorskrifte van ’n spesifieke tyd en plek.

Vrydag 3 Desember 2004

“Betrap jy my nou tydens ’n anonieme verskyning. Nou moet ek skielik weer iemand wees!” sê “Brand” aan sy vriend [O.] toe laasgenoemde hom uit die bloute konfronteer waar hy ’n sigaret staan en rook buite ’n 7-Eleven.

## ’n Ietwat slordige proses

Donderdag 16 Desember 2004

KONFRONTEER (jouself)
… aanvaar (wat jy nie kan verander nie)
… verander (wat binne jou vermoëns is om te verander)

DEFINIEER (wie jy wil wees)

WORD (wie jy gedefinieer het jy wil wees)

Natuurlik volg die drie stappe nie netjies op mekaar nie. Jy’s besig om iets of iemand te WORD. Jy besef dis nie wat of wie jy wil word nie. Jy KONFRONTEER jouself … hoewel jy dit eintlik reeds gedoen het toe jy besef het jy wil nie wees wat jy besig was om te WORD nie. Jy was ook reeds onbewustelik besig om jouself te DEFINIEER toe jy besef het jy wil nie wees wie jy besig was om te WORD nie. Jy gaan voort met jou DEFINISIE terwyl jy jouself KONFRONTEER. En, omdat jou lewe nie vir een sekonde stilstaan nie, gaan jy gedurende hierdie hele KONFRONTEER en DEFINIEER proses voort om te WORD.

# Insigte op Vrydagoggend 17 Desember 2004, soos hulle gearriveer het

1) […]

2) In die klas, ’n paar minute later, is ek besig om die Engelse name van ’n dosyn groente aan ’n groep vyfjariges te leer. Ek vra vir die een kind – ’n nuweling – iets in Chinees, en ek reken dat hy nie te verbaas lyk dat ek as Westerling, nie een van “sy mense” nie, Chinees kan praat nie. Dink ek verder, “[vervolg]”

* * *

Nuwe insig! Is daar iets soos “Tevrede Gegewe Self”? Ek glo dit is ’n kwessie van graad, op ’n spektrum wat strek van “absolute selfminagting, gevaar vir self en gemeenskap” tot “oortuig sy is ’n inkarnasie van een of meer gode”. (Interessant dat in beide gevalle die persoon ’n goeie kans staan om opgesluit te word in ’n inrigting.)

In die middel kry jy … sal ons maar sê, 99% van die volwasse mensdom? Die formule, Konfronteer (aanvaar, verander), Definieer, en Word is dus geldig vir meer as nege uit elke tien mense!

Vraag: Inligting, opsies en moontlikhede spruit steeds uit ’n partikulêre bron. Watter bron? Meestal die Gegewe Bron, en in die geval van ’n minderheid, uit Meer As Net Gegewe Bron.

Nog ’n vraag: Wat is jou Gegewe Bron?

Laaste vraag: Wat is gegewe? (Stel ’n lys op …)

* * *

(Terug na die vorige nota:)

Dink ek toe verder: Hierdie kind verwag heel moontlik dat alle volwassenes (ten minste) Chinees kan praat, want dit is sy gegewe taal, en hy’t sover nog geen rede gehad om die verskynsel van Chinees as Absolute Taal te bevraagteken nie.

Wanneer sal hy die absolute waarde van die Chinese taal bevraagteken? Wanneer hy gekonfronteer word met, of homself bevind in ’n omgewing waar ’n ander taal, soos Engels of Japannees of Spaans, deur meeste lede van die gemeenskap beskou word as dominant.

Dit is op hierdie oomblik, wanneer wat voorheen beskou was as absolute gegewe blootgelê word as nie die enigste moontlikheid nie, wat die vonke begin spat op die skrynwerkerstafel van identiteit.

[’n Ander voorbeeld wat genoem kan word, is dié van ’n jong persoon wat sy of haar vormingsjare in relatiewe isolasie deurgebring het, en wat nie net partikulêre taal nie, maar ook partikulêre religieuse verwysingsraamwerk as absoluut beskou het. Wat gebeur wanneer hierdie jong persoon skielik ’n betekenisvolle periode van tyd spandeer in ’n omgewing waar ’n ander taal, en ander religieuse simbole as standaard beskou word? Natuurlik hang dit af van persoonlikheid en persoonlike situasie, maar die waarskynlikheid is groot dat die persoon vrae sal begin vra aan mense wat hulle sal sien as gesagsfigure, en uiteindelik ’n ander identiteit sal ontwikkel as wat die geval sou wees indien hulle sou voortgaan om in relatiewe isolasie te leef.]

3) Volgende klas dink ek hoe sommige taalkundiges reken kinders moenie te vroeg ’n “vreemde” taal geleer word nie, soos in die geval van Engels in Taiwan.

Reken ek, as Engels van jongs af as ’n gegewe aangebied word veral by die huis – die belangrikste bron van gegewendheid, sal dit nie bevraagteken word nie, maar heelhartig geabsorbeer word saam met al die ander gegewe data.

Wonder ek toe watse data gee ouers – as primêre gewers van data – aan hul kinders, nie net in terme van taal nie, maar in terme van morele waardes, gedrag, en dan veral vir latere toepassing, moontlikhede vir ’n volwasse bestaan. Natuurlik sal ’n duisend stemme in ’n honderd verskillende tale opgaan wat almal verskillende antwoorde gee, of soortgelykes, met verskillende detail. My punt, egter, is dit: verander die gegewe, en jy beïnvloed fundamenteel die eindresultaat. (En weet ouers wat hulle gee?)

Ten einde reken ek, ek het nie al hierdie insiggewende brokkies data ontvang toe ek in die bed gelê het, of toe ek agter die rekenaar gesit het nie. Ek het dit gekry in klaskamers gevul met ’n klomp raserige kinders, en ook buite in die straat op pad na die klaskamers.

Gevolgtrekking? Verskynings buite my woonstel dien ’n doel, en voorsien in vele gevalle stimulus vir nuwe beskouings en insigte.

* * * * * * * * * * * * * * * *

Hoekom "gly" sommige Christene soms terug op die "ou pad"? Een moontlike rede is omdat hulle nie gemaklik is met hul nuwe religieuse identiteite nie – identiteite wat hulle nie self gedefinieer het nie, maar wat aan hulle voorgeskryf is. (Wat my 'n nuwe gedagte gee: gegewe, gekose, en *voorgeskrewe*?)

* * * * * * * * * * * * * * * *

Daar word soms gepraat van mense wat "vol" is van hulleself. My vraag is, waarvan is hulle vol – van dit wat aan hulle *gegee* is, of van iets wat hulle *self* uitgerig het? Ook, wat is die teenoorgestelde daarvan om "vol" te wees van jouself?

* * * * * * * * * * * * * * * *

# Oor prosesse, frases en keuses

Woensdag 22 Desember 2004

## Die prosesse wat bevorderlik is

Om Taiwan toe te kom, baie tyd op my eie te spandeer, te dink oor dinge en te skryf, was bevorderlik vir my om te formuleer wat my gegewe is, te definieer wat ek wil wees en ’n rol te kies wat toepaslik is vir my.

Vir ’n ander persoon is ouerskap, om ’n kind van hul eie te hê, bevorderlik vir soortgelyke resultate – of indien dan nie soortgelyk nie, miskien goed genoeg vir die persoon om ’n bestaanstoestand te bewerkstellig wat ek sal herken as soortgelyk aan die stand van my eie lewe.

## Oor frases en keuses

“Om jouself te vind” ~ die konvensionele frase

“Om wat aan jou gegee is, te konfronteer; om binne die raamwerk van wat aan jou gegee is, asook partikulêre tyd en plek en behoeftes van die gemeenskap te definieer wie jy wil wees; om te besluit watse rol die toepaslikste is vir jou in ag genome al bogenoemde, en dan aksies te neem om hierdie wie-en-wat te word” ~ my woordkeuse

## Die aanhoudende herverskyning van ou materiaal … en natuurlik oor verskyning

Vrydag 24 Desember 2004

Ek kan sê ek oordoen dit op die oomblik, dat ek moet ophou om tot vervelens toe ou materiaal te hersien. Waaroor dit egter gaan, is die sinchronisasie van interne en eksterne verskynings. As ek aan myself verskyn … as ek bestaan in my woonstel, is ek ’n skrywer – maar meer as dit, ek is ’n noteerder van fantastiese insigte wat ek glo ek nie soseer uitdink, as ontvang nie.

Die oomblik wanneer ek egter die wêreld buite my woonstel betree, en veral dan as ek *sosiale* verskynings maak, is ek net ’n 33-jarige man van Suid-Afrikaanse herkoms, Afrikaans van taal en kultuur, wat al ses jaar in Taiwan woon, en geld verdien – soos honderde ander Westerlinge in hierdie stad – as ’n Engelse onderwyser, en wat meeste van die tyd nie saam met ’n intieme metgesel gesien word nie. Dis al.

Dis nie meer goed genoeg nie. Eksterne verskynings moet noodwendig hersien word.

Maandag 27 Desember 2004

Nog iets: self-waarneming, self-definiëring, verskyning … self-waarneming, self-definiëring, verskyning … Dis ’n deurlopende proses. Patrone word gevestig wat herhaal word; verstellings word gemaak; onakkurate inligting, en verskynings wat nie strook met jou selfbeskouing nie, word reggestel; nuwe aspekte van identiteit word gedefinieer, of aspekte wat meer gepas is vir die omgewing waarin jy jouself bevind; verskynings word weer gemaak; jy neem jou “self” weereens waar; jy dink weer, definieer weer, verskyn weer …

## Om te word wat jou sal bring waar jy moet wees

Woensdag 29 Desember 2004

Feit is, ek funksioneer nou beter as ’n mens as wat vier jaar gelede die geval was. Ek is meer bewus van die Reëls van die Spel, en ek het geleer hoe om volgens die reëls te speel sonder om myself te verloën. Ek is meer oortuig van my relatiewe waarde in die Breë Gemeenskap, en dan spesifiek ook in die Gemeenskap van Partikulêre Taal en Kultuur waaraan ek verbind is met die spreekwoordelike naelstring. Ek is meer oortuig van wie ek is, en ook van wie ek wil wees. Ek verstaan meer van waar ek vandaan kom, asook wat die waarde daarvan is vir die beantwoording van vrae oor wie ek is en waarheen ek op pad is. Ek verstaan ook die redes en motiverings vir hierdie spesifieke toekomsvisie. Ek is derhalwe meer oortuig van my plek in die Groter Wêreld, en meer oortuig van my eie self as ek in ’n plaaslike kroeg of eetplek instap, of arriveer by ’n braai. Laastens, omdat ek nou ’n bietjie Chinees kan lees en praat, kan ek beter funksioneer in die partikulêre omgewing waar ek elke dag woon en werk as wat die geval was ’n paar jaar gelede.

Dit is uiteindelik so prakties soos die verskil tussen ’n fietswiel wat probleme gee, en een wat werk soos hy veronderstel is om te werk. Enige een wat al ooit fiets gery het, sal die verskil kan waardeer tussen ’n wiel met gebreekte speke, ’n deurgeloopte buiteband en ’n lekkende binneband, en ’n wiel met nuwe speke, ’n nuwe, goeie kwaliteit buiteband, en ’n splinternuwe binneband. Die een is doodgewoon beter. Die een is eenvoudig meer geskik om jou te bring waar jy moet wees.

# Nog ’n jaar | Bobbejaan spanner

Vrydag 31 Desember 2004

**Aantekeninge ter afsluiting van nog ’n jaar**

Neem jouself waar – versamel data – konfronteer jou gegewens – definieer wie jy wil wees, waar, met wie, watse rol jy wil vervul, en watse resultate jy van jou bestaan wil agterlaat.

* * *

Maak ’n bydrae tot die proses wat ander in staat sal stel om gelukkige, produktiewe, vervullende lewens te lei, en om te streef na goeie resultaat.

* * *

Hoeveel van wat ons doen is werklik keuse, en tot watter graad word ons gedring deur kragte binne ons wat ons nie so mooi kan vasvat met frases soos “vrye wil” nie?

* * *

Gedagte van gisteraand op pad na die Carrefour: Writing has, in the end, outmanoeuvred, outsmarted, outgunned, and outlasted every other possibility of what I had ever wanted to do with my adult life.

* * *

**Bobbejaan spanner in die een hand**, pen in die ander, herinner ek myself daaraan dat as mens aandring daarop dat ’n ou woonstel in ’n werkersklasbuurt help om te definieer wie

jy is en wil wees, mens nie te veel moet kla as jou pype verstop raak, of disintegreer nie.

Siende dat ons op hierdie onderwerp is, en siende dat ek beplan om hierdie nota die laaste te maak van die huidige literêre projek, wat anders as woonplek definieer wie jy is, of wie jy wil wees?

Ek sou sê, die musiek waarna jy luister; hoe jy geld verdien; wat jy doen – kan ek maar die bobbejaan spanner gaan bêre? – wat jy doen as jy nie besig is om geld te verdien nie; die klere, en moontlik juweliersware, wat jy dra; of jy ’n motorkar het, en indien wel, watse tipe kar; indien jy nie ’n kar het nie, op watter wyse jy rondbeweeg as jou bestemming te ver is om te stap; mense met wie jy sosialiseer; hoe gereeld jy sosialiseer, waar, en wat julle doen (suip, dans, visvang, kegelbal of ander moontlikhede); wat jy eet, en wat jy nie eet nie (pizza, bier en oliebolle elke dag sal iets sê van wie jy is en wil wees – of nie omgee om te wees nie; ’n vegetariese leefstyl sal iets ander sê); hoe goed jy daarin slaag om in jou eie behoeftes te voorsien, spesifiek wanneer jy dit vergelyk met die standaard van die gemeenskap in wie se midde jy jouself bevind op ’n daaglikse basis (om byvoorbeeld drie keer per dag mieliepap sonder suiker te eet in ’n gemeenskap waar meeste mense gewoond is aan drie gebalanseerde etes per dag, sal benewens gevolge vir jou gesondheid ook sekere implikasies hê vir jou selfbeskouing); as jy so vooruitstrewend is om soms op vakansie te gaan, waarheen jy gaan, vir hoe lank, saam met wie, en wat jy doen terwyl jy op vakansie is; jou aktiewe belangstellings (sluit aan by wat jy doen as jy nie besig is om geld te maak nie); of jy rook, of ander tabakprodukte gebruik, en indien wel, watse tabakprodukte (sigarette, sigare, pyp) en selfs watter handelsmerk; of jy dwelms gebruik en indien wel, watse dwelms, waar, saam met wie, hoe gereeld, en in watse hoeveelhede; in watter dorp, stad of land jy woon, en ook hoe lank jy al daar woon, en hoe gereeld jy verhuis (indien enigsins); (en uiteindelik, na dertien ander items) of jy getroud is, en indien wel, wie jou

huweliksmaat is (en selfs tot ’n mate, hoe jou huweliksmaat se antwoorde op hierdie lys vergelyk met jou eie); of jy/julle kinders het of nie; indien jy ongetroud is, of jy tans in ’n intieme verhouding betrokke is; indien nie, vir hoe lank jy al enkellopend is; indien jy wel in ’n verhouding is, hoe lank jy al betrokke by hierdie persoon is, en selfs hoe gereeld jy in soortgelyke verhoudings was tydens jou volwasse lewe; of jy steel, of jouself skuldig maak aan ander onwettige gedrag; indien wel, watse kriminele gedrag, en hoe gereeld; of jy ooit betrokke raak in fisiese konflik; indien wel, met wie, om watter redes, hoe gereeld, en waar; of jy bystand lewer aan ander wat hulp benodig; indien wel, aan wie jy bystand lewer, hoe gereeld, en watse persentasie van jou tyd en geld opgeneem word deur hierdie bystand; indien jy geen tyd of geld spandeer om bystand te lewer aan jou medemens nie, watse redes jy sou gee daarvoor; (word vervolg …)

## Kern van persoonlikheid | Persoonlike woordeskat

Woensdag 5 Januarie 2005

Kan die kern van ’n persoon se persoonlikheid verander word?

Ek glo nie, want dis tot ’n groot mate ’n gegewe genetiese disposisie. Dit hang ook af van hoe “verander” gedefinieer word. Ek glo die kern van ’n bepaalde persoonlikheid kan aangepas word, en op sekere wyses volgens wil en keuse aangewend word. Maar of die kern verander kan word, is ’n ander vraag.

[“Some facets of our personality are inherited,” volgens die webblad, Mental Health and Fitness.]

[Wat bedoel ek met “kern”? Op watter wyse is die kern apart van die “res” van persoonlikheid? Is daar ooit iets soos ’n kern van ’n bepaalde persoonlikheid, of is daar bloot aspekte? Of is daar meer dominante aspekte van persoonlikheid wat argumentsonthalwe hanteer kan word as die kern?]

Donderdag 6 Januarie 2005

14:42

Elke mens is bewus van hom- of haarself.

Die vraag is, is hierdie bewussyn goed? Indien nie, hoekom nie?

Het jou huidige bewussyn te make met gegewe noodlotsdata, of met verskyning op ’n spesifieke plek? Indien eersgenoemde, wat kan verander word? Indien laasgenoemde, wat kan verander word? Ook, moet jy noodwendig op daai spesifieke plek verskyn?

21:06

Die punt is om ’n persoonlike woordeskat op te bou wat jou bestaan definieer, wat definieer wie en wat jy is, en wat jy doen met jou lewe. ’n Groot deel van my skryfwerk van die afgelope paar jare het oor presies dit gegaan: om ’n spesifieke woordeskat op te bou.

* * * * * * * * * * * * * * *

Vrydag 7 Januarie 2005

Die mens, soos ander diere, gebruik sintuie – sig, gehoor, gevoel, reuk – om te weet wie hulle is, en om hulle plek in die wêreld te vind, keer op keer.

* * * * * * * * * * * * * * *

## Bewys jou identiteit | Om niemand te wees

Sondag 16 Januarie 2005

In die movie, *Life As A House* sê die hoofkarakter aan die einde iets soos, "I've built myself the house that I wanted to be."

* * *

"I will not get lost," sê Thibault in die film, *Just Visiting*. "You can only be lost if you have no purpose, and I have purpose."

Maandag 17 Januarie 2005

As jy jou paspoort, identiteitsboekie, bankkaarte en alle ander persoonlike dokumentasie verloor, is daar geen manier wat jy jou identiteit kan bewys nie – behalwe natuurlik deur ander mense wat kan verifieer wie jy is, en selfs tot 'n mate wát jy is – goeie mens? slegte mens? betroubaar? onbetroubaar? krimineel? swendelaar? onderwyser? kunstenaar? tandarts? bankklerk? gelowige? leuenaar? waarheidsverteller? vriend of kennis? broer of suster of neef of niggie? As jy op 'n plek is waar niemand jou ken nie, of waar niemand gevra kan word nie, is jy *niemand* … is jy wie jy sê jy is. En *niemand* – kan van vooraf begin.

[Selfs al het jy paspoort, identiteitsboekie, bankkaarte en ander persoonlike dokumentasie, as jy op 'n plek is waar niemand jou ken nie, is jy niemand.]

* * *

Tom Cruise se karakter in *Vanilla Sky*: "What is the answer to 99 out of 100 questions? Money."

## Bron en funksie van identiteit

Woensdag 19 Januarie 2005

“Look at how they dress! This is the seventies! Somebody should tell them. It’s no wonder they get pointed at in the streets, if they go around looking like that!”

“Maybe. But they don’t complain about it, do they? They endure everything – mockery, hate, even disgust. That’s the price they’re willing to pay to remain who they are.”

Gesprek tussen ’n jong vrou en ’n ouerige Joodse man in verwysing na ultra-ortodokse (Harediese, of meer spesifiek in hierdie geval, Hassidiese) Jode in Antwerpen, 1972 (in die film, *Left Luggage*).

My vraag: as “ultra-ortodokse Joodsheid” in die primêre sin ’n bron van identiteit is, wat mense in staat stel om te funksioneer in ’n spesifieke omgewing en tyd (al is dit in ’n relatief geïsoleerde omgewing, en al herinner die kleredrag aan ’n vroeër tyd), het dit enige meer waarde as funksionering om ’n “ultra-ortodokse Jood” te wees?

Is dit die enigste funksie van identiteit?

En as spesifieke religie tot ’n mindere of meerdere mate ’n bepaler is van identiteit, en die waarde van identiteit gekoppel is aan die funksionering van die individu in spesifieke tyd en plek, wat kan gesê word oor sulke ekstreme bronne van identiteit as Hassidiese Judaïsme, of fundamentalistiese Islam, of ’n soortgelyke weergawe van die Christelike religie?

Ek skiet nie noodwendig die idee van konserwatiewe eenvormigheid te alle tye en in alle plekke af nie, maar ek wil tog weereens vra: kan ’n bron van identiteit verkeerd wees? Wanneer doen godsdiens, as belangrike bron en bepaler van identiteit en voorgeskrewe bewussyn, meer skade as goed?

[Spesifieke Identiteit X werk goed in Spesifieke Plek X en op Spesifieke Tyd X. Indien Spesifieke Identiteit X nie slaag daarin om die individu in staat te stel om te funksioneer in ’n spesifieke omgewing en in ’n spesifieke tyd nie, moet die individu óf verstellings aanbring aan sy identiteit, of verhuis na ’n omgewing waar daai spesifieke identiteit meer gepas sal wees. Indien tydreis ’n opsie was, sou dit ook voorgestel kon word.]

## Woordelose bewussyn

Maandag 31 Januarie 2005

Ek het nou net in die bed gelê. Ek was bewus van my liggaam. Ek was ook bewus van die gedagte dat ek bewus was van my liggaam. Ek kon ook onthou dat ek op ander tye, vroeër tye, bewus was van my liggaam. Ek kon ook onthou dat ek toe gedink het, of geweet het, dat ek bewus was van my liggaam.

Bewussyn ontwikkel; dis nie net een oomblik skielik daar nie. Tog moet daar ’n *kritieke* oomblik wees – die waterskeidingsoomblik in die ontwikkeling van selfbewussyn.

Daar kan sekerlik geen twyfel wees dat ’n fetus na 30 of so weke ’n bewussyn het nie. Die fetus se bewussyn en dié van die pasgebore baba (tot en met ’n paar maande) is wel uniek in die geskiedenis van die persoon se bewussyn: dis woordeloos.

Verskil tussen woordelose bewussyn, en bewussyn waar taal ’n rol begin speel …

* * * * * * * * * * * * * * *

Dinsdag 1 Februarie 2005

Seksuele oriëntasie is ’n uitstekende illustrasie van gegewendheid, self-waarneming, waarneming van die beskouings en sogenaamde waardes van die gemeenskap (aangaande dit wat jy waarneem van jouself), en self-definiëring – wat gepaardgaan met self-aanvaarding, met die definiëring wat amper ’n formaliteit is (miskien is etikettering in hierdie geval ’n meer akkurate term), of … aanvaarding, en toepaslike self-definiëring …

* * * * * * * * * * * * * * *

Vrydag 11 Februarie 2005

Een Griekse slaai, ’n pastaslaai, ’n halwe aartappelslaai, ’n halwe pekanneut tert, en twee koppies groentee later (o, en ’n drie uur nap en ’n warm bad): Dit was ’n bietjie van ’n skok op my innerlike organisasie om alleen in Melville te wees, die slagveld vanwaar ek net betyds, en swaar gewond en beseer geretireer het ’n paar jaar gelede. Dis ook snaaks om te verskyn as “Brand-(jy-weet? [X])”.

* * * * * * * * * * * * * * *

## Klem op persoonlike realiteit

Vrydag 22 April 2005

Vir eeue al kontempleer filosowe die vraag na wat realiteit is – wat werklik is, en wat nie.

Tot ’n groot mate aanvaar ek die materiële wêreld soos dit aan my verskyn. As ek iets sien wat ek uit ervaring herken as ’n “tafel”, dan aanvaar ek die objek voor oë as inderdaad ’n tafel. Ek aanvaar ook die geldigheid van die klanke wat verwys na die genoemde objek.

My eie belangstelling lê meer by die individuele “self”. Ek aanvaar dat stellings soos, “Ek weet wie ek is” en “Ek glo in myself”, en terme soos “selfvertroue” slegs relatiewe waarde het – dit is, relatief tot die omgewing waarin die persoon homself bevind. Maak ’n radikale skuif, of ’n radikale verandering aan die omgewing, en skielik “weet” die persoon dalk nie meer so mooi wie hy is nie; hy is moontlik ook nie meer so seker van homself nie, en sy sogenaamde “selfvertroue” kwyn heel moontlik saam met sy selfkennis en gepaardgaande selfgeloof.

Dit, wat waar is vir die persoon rakende sy eie self op ’n gegewe oomblik, dít is wat my aandag hou, nie soseer of ’n tafel of ’n telefoon of ’n sny roosterbrood werklik *werklik* is nie.

Ek weet slimmer mense kan argumenteer dat daar ’n verband is – en ek glo daar is, filosofies gesproke. Vanweë beperkte tyd kies ek egter om te fokus op wat werklik is vir die individuele persoon, óór hom- of haarself.

## My persoonlike religie

Dinsdag 26 April 2005

Om “Brand Smit” te wees, is my persoonlike religie.

As iemand tot “bekering” kom, gaan die gebeurtenis gewoonlik gepaard met gevoelens van euforie, en ’n verbeterde sin van persoonlike welstand en sekuriteit – plek in die kosmos, identiteit, sonde en verlossing, “Ewige Lewe” ensovoorts. Die Nuwe Bekeerde kan egter nie net een Vrydagaand by ’n samekoms tot bekering kom en – voila! – die wonderlike euforie en welstand en sekerheid hou vir ewig nie. Hy of sy moet van Dag Twee af gereeld sekere rituele uitvoer om sy of haar nuwe identiteit en kosmiese status te bevestig.

DINGE MOET GEREELD GEDOEN WORD OM IDENTITEIT EN KOSMIESE STATUS – JOU PERSOONLIKE VERHOUDING MET DIE HOOGSTE REALITEIT – TE BEVESTIG!

Ek kan nie net weet ek is “Brand Smit” nie. Dis doodgewoon nie goed genoeg nie. Die afgelope week of drie se kruipende grysheid het weereens bevestig wat ek ook voorheen besef het: AS EK NIE SKRYF NIE, IS EK NIE WIE EK SÊ EK IS NIE.

# Om goed genoeg te funksioneer | Belangriker as ander

Sondag 1 Mei 2005

Punt 1: Ek en [my vriendin, E.] staan by Dorex se toonbank en bestel drinkgoed. Ek sien die lang ou met die deurmekaar hare tree na vore – omdat hy Engels kan praat, en sy vroulike kollega tree terug – omdat sy nie Engels kan praat nie. Ek plaas my bestelling, reageer met voldoende maar nie oordrewe beleefdheid nie, haal geld uit my beursie, oorhandig dit, ontvang kleingeld en ’n kwitansie en ’n strokie met ons bestelnommer op, en maneuver tussen die tafels en enkele mense na waar ons gaan sit, wagtende vir ons bestelling.

Twee gedagtes registreer: 1) ek het goed genoeg gefunksioneer in die omgewing waarin ek myself bevind het; ek was inderdaad ’n redelike en beskaafde organiese robot; en 2) presies so ’n situasie en gepaardgaande funksionering kon my waansinnig gemaak het as die regte dinge nie gekliek het op die regte tye nie.

Punt 2: In ’n sogenaamde kommunistiese staat is slegs 5 tot 15 persent van die bevolking lede van die Kommunistiese Party. Die res vervul hul funksies, maak plekke vol wat min of meer belangrik is, en speel hulle min of meer belangrike rolle. Die lede van die Party het, in beginsel, belangriker ideologiese rolle om te vervul – hulle is inderdaad verantwoordelik, of dan relatief tot die res van die bevolking, méér verantwoordelik, vir die sukses van die rewolusie.

Dit laat my toe daaraan dink dat ek dalk soos ’n idealistiese rewolusionêr die boodskap probeer verkondig dat almal ewe belangrik is, dat almal belangrike rolle het om te vervul, dat almal hul ware doel, rol en funksie moet ontdek of definieer, en dit dan moet vervul om werklik waarde aan hul lewens te gee.

Maar, miskien is sommige mense belangriker as ander – in die Groter Beskouing van Dinge. Miskien is sommige mense se roepings, rolle, funksies en doele wat hulle moet nastreef doodgewoon belangriker as ander mense s’n.

## Transformasie | Voordele daarvan om nie verskyn nie

Maandag 23 Mei 2005

Wat is transformasie?

Ek kyk na myself, en sien ’n funksionerende volwasse wese. Wanneer die fluitjie blaas in die oggend, begin ook ek op my eie pas saam te draf, en teen die einde van die dag wanneer die oorlewendes getel word … wel, is ek sover nog elke keer saam getel. As oorlewing die primêre oorweging is, máák ek dit as ’n funksionerende volwassene in die tyd en plek waar ek gekies het om my bestaan te voer.

Verskeie faktore speel egter ’n rol daarin dat ek oortuig voel dat ek beter kan doen, beter kan leef, beter kan funksioneer, beter resultate kan wys aan die einde van elke dag se bestaan. Die stappe waarop ek sal besluit na deeglike oorweging, dit is transformasie.

[19/06/15: Om te besluit op stappe is nie transformasie nie; om oor te gaan tot aksie om die stappe te implementeer, kan wel gesien word as die *begin* van transformasie.]

Dinsdag 24 Mei 2005

Die wete dat jy die gras geritsel het, beteken nie dat die slang nie werklik is nie.

* * *

Wanneer jy nie verskyn nie, hoef jy nie verleë te voel, of jouself te verduidelik, of verskoning te maak vir aspekte van jou lewe of die toestand van jou woonruimte nie.

Die voordele van ’n intieme, eerlike en ernstige verhouding is welbekend. Ek noem maar net dat daar ook

voordele verbonde is daaraan om nie te verskyn nie – dit wil sê, om alleen te wees.

# Ek is sterflik, én onsterflik

Woensdag 25 Mei 2005

Ek reken die mens … of voordat ek vasval in definisies van wat "mens" beteken, laat ek konkreet wees: Ek bestaan uit twee dele. Die een deel is sterflik, en bestaan op sy beurt uit liggaam, bewussyn, persoonlikheid en identiteit (gegewe en/of self-gedefinieer). Die ander deel is onsterflik. Omdat ek oor 'n beperkte woordeskat beskik, sal ek laasgenoemde "siel" noem. Hierdie twee dele is inmekaar geweef vir die duur van my aardse bestaan.

Wat die doel van hierdie kombinasie is, weet ek nie. Hoe die kombinasie ontstaan het, weet ek ook nie (behalwe vir die biologiese deel).

EK is albei dele, en tog, indien my liggaam ophou funksioneer, en my bewussyn vernietig word, hou EK op om te bestaan – al bestaan die ander deel van my steeds.

My aardse lewe, die keuses wat ek maak en die resultate wat ek bewerkstellig van my lewe, het 'n dramatiese impak op my onsterflike deel – nog 'n illustrasie van hoe nóú die twee dele gekoppel is.

Die verbintenis van die twee dele is inderdaad iets wat ontdek moet word – hierdie ontdekking kan selfs as 'n doel opsig self beskou word.

Wat is die verskil tussen hierdie oortuiging en die Christelike weergawe (beïnvloed deur die pre-Christelike filosoof, Plato)? Die Christen glo dat die liggaam sterflik is, en die gees (of siel, self, bewussyn, persoonlikheid, "innerlike wese") onsterflik. Ek deel die "gees" of "innerlike deel" op in twee – sterflik en onsterflik.

Ek sal voortaan na bogenoemde verwys as die 25 Mei 2005 Deklarasie van Geloof.

* * * * * * * * * * * * * * * 

Vrydag 10 Junie 2005

Daar is mense wat sal kyk na ’n omvattende verslag van hoe die mens funksioneer – al die sielkunde, al die keuses wat mens moet maak wat neerkom op jy wat jy is. Hulle sal daarna kyk en sê: “Fair enough. Maar vat gerus die verslag terug. Ek is ’n besigheidsman (of ’n kolonel in die weermag, of ’n Engelse onderwyser) – dis goed genoeg vir my. Ek het nie nodig om al daai ander slim goed te weet of te verstaan nie.” Of: “Ek verstaan hoe die brein werk, hoe die psige werk, maar ek is 100% toegewyd aan my rol, my funksie en my arbeid. Ek het nie meer as dit nodig nie.”

* * * * * * * * * * * * * * * 

## Wat was jou proses?

Dinsdag 28 Junie 2005

’n Frase wat gereeld gehoor word om braaivleisvure, op stoepe of balkonne, langs ’n tafel in ’n restaurant of ’n toonbank in ’n kroeg, of ander plekke waar middelstratum mid-twenties hul tyd verwyl, is dit: “Ek weet nou wat belangrik is in die lewe. Ek weet nou wat ek uit die lewe wil hê.”

Ek is in geen posisie om wat vir hulle belangrik is, of wat hulle uit die lewe wil hê, te bevraagteken nie. Die versoeking bestaan wel om vir hulle te vra: Wat was jou proses? Op watse wyse het jy te werk gegaan om uit te vind of uit te werk wat vir jou belangrik is, of wat jy wil hê? Het jy nagte wakker gelê en gedink daaroor? Het jy jare lank die moontlikhede opgeweeg en oor en oor bedink? Vir maande lank? Weke, dalk? Het dit jou “getref” een oggend op pad werk toe? Was dit iets wat iemand gesê het by ’n braai, of op TV, of in ’n movie, of op kantoor, of op kampus een dag? Het jy ’n deeglike proses van eliminasie gevolg, waartydens jy ’n dosyn, of ten minste ’n halfdosyn moontlikhede oorweeg het, met al die moontlike pluspunte van elke moontlikheid opgeweeg teen al die moontlike nadele en al die moontlike risiko’s? Wie se spore volg jy bewustelik of onbewustelik na? Hoekom hierdie spore? Watse behoeftes hoop jy om te vervul met jou uiteindelike keuse van wat vir jou, as jong volwassene, belangrik is? Watse doelwitte sal vervul word in die nastrewing van wat jy uit die lewe wil hê? Wat is belangrik vir jou vriende, jou broers, jou susters, jou neefs en niggies? Stem wat vir jou belangrik is en wat jy uit die lewe wil hê naastenby ooreen met wat hulle wil hê, en wat vir hulle belangrik is? Indien jy ’n ander pad wil volg as hulle, wat is jou redes, jou motiverings? Indien dit wel ooreenstem, wat reken jy sou die redes wees daarvoor? En nou dat ons op hierdie vraaglyn is, wat was belangrik vir jou ouers, of jou

ooms en tantes (net vir interessantheid)? Het hulle soortgelyke dinge nagestreef as wat jy nou meen om te doen vir die volgende veertig of so jare van jou lewe? Is, of was hulle gelukkig met hul keuses? Om watter redes sou jy reken was hulle tevrede met hul keuses? Was daar dinge waaroor hulle spyt was? Wat is hierdie dinge? Is daar drome of ambisies wat jy nou reeds afskryf as onrealisties en onvervulbaar? Hoe spyt sal jy moontlik oor 10 of 20 jaar wees oor hierdie dinge wat jy as onbereikbaar beskou het in jou middel-twintigs? Wat sal opmaak vir die drome en ambisies wat jy nooit gaan nastreef nie?

Hierdie is maar enkele vrae waarvoor jy 'n uur of wat kan afknyp as dit net jy is – as jy jouself bevind in 'n plek waar jy niemand ken nie, waar bekende stemme vir die oomblik nie jou eie weergalm, of stil praat, of ondersteun nie.

## Stellings en vrae wat definieer

Dinsdag 2 Augustus 2005

Stel jouself die volgende toneel voor: 100 mense is vergader in 'n saal. Geen name word gebruik nie. Elke persoon het 'n stel wit kaartjies by hom of haar – sê so 50 kaartjies. Op hierdie kaartjies skryf die mense dan stellings wat hulle definieer: beskrywings soos, "Ek het 'n lang neus," "Ek het 'n moesie op my voorkop," "Ek vertel graag grappe," "Ek hou van tuinmaak," en dan ook ervarings soos, "Ek het geval met my fiets toe ek twaalf was en my voortande verloor," "Ek het saam met my ouers deur Europa gereis toe ek 17 was," "Ek het in my middel twintigs vir twee jaar in Suid-Korea gewerk," en so meer. Die kaartjies word dan saamgegooi, en elke persoon word dan uitgeken deur hierdie stellings en ervarings. Natuurlik sal ten minste die helfte van die mense reageer as die stelling, "Ek is 'n man" gelees word. Vele sal hul hande opsteek as die stelling, "Ek het bakore" gelees word. Sekerlik sal die semi-unieke kombinasies van fisieke eienskappe en beskrywings van persoonlikheid die een persoon onderskei van 'n ander, maar sal persoonlike ervarings die grootste unieke identifiseerder blyk te wees?

Donderdag 4 Augustus 2005

As jy nie weet wat jy met jou lewe wil doen nie, wat doen jy met jou lewe? Hoe funksioneer jy? Hoekom leef jy soos jy leef, waar jy leef, en met wie jy leef? Hoekom doen jy die werk wat jy doen? Hoekom dra jy die spesifieke klere wat jy dra?

Ek is seker daarvan daar is interessante antwoorde op bogenoemde vrae. Of, meeste mense het in der waarheid 'n idee van wat hulle met hul lewens wil doen. Indien dit die geval is, wonder ek: "Wat?" En indien iemand dan die vraag antwoord, sal ek steeds nuuskierig wees: "Hoekom?"

* * * * * * * * * * * * * * *

Sondag 21 Augustus 2005

Elkeen van ons is die resultaat van keuses wat duisende mense oor die eeue gemaak het, en aksies wat hulle geneem het of nie geneem het nie of verkeerd geneem het – van ’n impulsiewe besluit om op ’n boot te klim na ’n ander kontinent toe, of nie op ’n boot te klim wat uiteindelik op die seebodem sou eindig nie, van swaarde wat net-net ’n belangrike orgaan gemis het tot ’n voorouer wat eeue gelede ontwykende aksie geneem het om te verhoed dat ’n klip wat in sy rigting gegooi is, sy skedel kraak en sy lewe daar en dan beëindig.

* * * * * * * * * * * * * * *

Maandag 12 September 2005

Wie, wat en waarom was prominente vrae vir my die afgelope paar jaar.

“Hoe?” is nog ’n belangrike saak.

Voorbeelde: Hoe funksioneer jy? Hoe weet jy enige iets? Hoe kies jy?

* * * * * * * * * * * * * * *

Vrydag 23 September 2005

Ek is uitvoerder van gedrag, konstruktief en/of destruktief, met Doel X in gedagte, en/of in die naam van Persoon Y, en/of ter wille van Persoon Z.

* * * * * * * * * * * * * * *

# Identiteit | Sirkel van lewe

Sondag 2 Oktober 2005

’n Vraag wat soms hardop gevra word, en soms net in stilte gekontempleer word: “Hoe behoort ek te lewe?”

Woensdag 5 Oktober 2005

Ek bestaan. Ek bestaan as ’n seun, ’n broer, ’n vriend, ’n minnaar, ’n digter, ’n skrywer, ’n onderwyser, en as ’n Westerling in ’n land in Noordoos-Asië.

Ek het nie altyd bestaan in al hierdie hoedanighede nie. In watse ander hoedanighede sal ek nog bestaan?

Saterdag 8 Oktober 2005

19:08

As jy net oorleef, het jy nie noodwendig identiteit nodig nie. Oorlewing vereis soms net dierlike instink. Indien jy jouself wil aanwend tot oorlewing-plus, sal spesifieke identiteit uiters handig wees.

19:10

Elke oomblik in ’n mens se lewe is ’n volle sirkel van lewensdata. Die sirkel is konstant besig om te vibreer, maar dit is altyd vol. Sirkel-081005@19:11:38 is nie dieselfde as Sirkel-081005@19:11:39 nie. Ooreenkomste wissel van 99.99% tot veel minder.

Die mens se lewe is ’n konstante vloei van sirkels – of dan, ’n konstante vibrasie soos een sirkel oorgaan in ’n volgende sirkel.

Persoon X is die as waarom Persoon X se sirkels draai.

Verskille in inhoud van die sirkels raak duideliker hoe meer tyd verloop tussen sirkels. Belangrik egter om te onthou: elke sirkel is 100% vol.

Hoe meer data, en hoe meer uiteenlopend die inhoud, hoe ryker die lewe.

Risiko neem ook toe soos data vermeerder. Meer data kan egter ook kanse op oorlewing bevorder.

## Om jou keuses te regverdig

Maandag 17 Oktober 2005

15:42

Die kwessie van waar jy jouself vestig herinner my aan iets wat Ayn Rand geskryf het (my eie bewoording): omdat mens ’n vrye entiteit is en jou keuses uitdrukkings is van vrye wil, het jy nodig om jou keuses (aan jouself) te regverdig. As ek byvoorbeeld kies om in Taiwan te bly eerder as om terug te gaan Suid-Afrika toe, moet ek dit voortdurend aan myself kan regverdig ten einde voort te kan gaan om te glo dat dit inderdaad die regte keuse is. Soms is dit ’n probleem.

Ek wonder ook: Hoekom het ons nodig om dit te regverdig?

16:18

Is dit nie waar nie dat dit soms makliker sou gewees het as mens minder keuses gehad het, as jy minder vry was, as’t ware? Dat dit makliker sou wees om jou keuses te regverdig, want jy sou net jou skouers kon ophaal en sê, “Wat bedoel jy? Hierdie keuse was die beste onder die omstandighede.” Of nog beter: “Ek het geen ander opsie gehad nie!”

As jy egter ’n vrye individu is en jou keuses uitdrukkings is van jou vrye wil, moet jy dit aan jouself kan regverdig dat dit inderdaad, onder die omstandighede, die regte keuses was.

My vraag is steeds, hoekom?

Dinsdag 18 Oktober 2005

Ek het vroeër gewonder waarom ons ons keuses aan onsself moet regverdig. Ek reken ek het nou die antwoord.

As jy in ’n posisie is om elke dag keuses te maak, dan het jy nodig om te glo in jou *vermoë* om keuses te maak. As jy nie

daaraan glo nie, is dit soortgelyk daaraan om elke dag te moet fietsry werk toe, maar elke keer wat jy op die fiets klim, is jy onseker van jou vermoë om die fiets vorentoe te beweeg en jou balans te behou. Of om elke dag 'n bepaalde werk te moet doen, en elke dag te vrees dat jy gaan opfok, en die suur vrugte daarvan sal moet eet.

So is dit met vrye wil, en keuses. Jy moet vertroue koester in jou vermoë om die regte keuses te kan maak, of die beste keuses onder die omstandighede. Dit is hoekom jy jou keuses aan jouself moet regverdig – jy bewys aan jouself dat jy bevoeg is om te kan funksioneer as 'n vry individu. Deur oortuig te wees daarvan dat jy meeste van die tyd goeie keuses maak (of dan die beste keuses onder die omstandighede), ontwikkel jy die vertroue om dit die volgende dag weer te doen – om weereens, wanneer jy gekonfronteer word met belangrike keuses, die beste keuses te maak onder die omstandighede.

-----------

[In 'n nota op Maandag 17 Oktober om 09:26 noem ek dat ek glo dat "vrye wil nie heeltemal so vry [is] soos wat ons graag wil hê dit moet wees nie". Nietemin, ons is gewoonlik bewus van die graad waartoe ons wel die vermoë het om te kan kies tussen twee of meer opsies. Indien ons moet erken dat ons die vermoë het, of gehad het, het ons nodig om ons keuses aan onsself te regverdig.]

* * * * * * * * * * * * * * *

Sondag 20 November 2005

Ons vlees, en ons bewussyn van bestaan duur op die meeste dekades. Ons beendere, insluitende die skedel wat ons bewussyn huisves terwyl daar lewe in ons are vloei, mag moontlik oor ’n duisend jaar nog steeds bestaan.

* * * * * * * * * * * * * * *

Saterdag 10 Desember 2005

Ons bestaan is tot ’n mate ’n uitdrukking van vrye wil. Dat ons in die eerste plek ontstaan het, was egter nie ons keuse nie. Teen die tyd dat ons besef het hierdie “ding” wat ons beleef, het ’n naam, en dat dit “lewe” genoem word, was ons reeds volwaardige wesens-in-bestaan.

* * * * * * * * * * * * * * *

## Waarheid, identiteit, lewe in die stad, en Meneer S. Gautama

Woensdag 18 Januarie 2006

Ek het vanaand na my laaste klas ’n vreemde sensasie gehad: jaloesie. Nog vreemder was die persoon waarop ek jaloers was: Siddhartha Gautama, beter bekend as die “Boeddha”.

Die sensasie het gespruit uit ’n gesprek met ’n student in haar middel-dertigs wat ek twee keer per week sien vir ’n Engelse klas. Op ’n kol gedurende die klas vertel sy my van die nuwe godsdiens wat haar gewese eggenoot aanhang. Ek sê toe dit klink na ’n partikulêre waarheid, eerder as ’n “universal truth”.

“Universal truth?” vra sy my toe.

“Yes,” antwoord ek toe, “something that no person can deny.”

“Like what?”

“Well,” antwoord ek toe, “maybe you can answer that question.” (Sy is immers die student.)

“Love,” sê sy toe versigtig. “All people believe in love.”

“Love is a virtue,” help ek haar toe reg, “not really a *truth*.”

Na ’n minuut waartydens sy oor iets anders gepraat het, was ek gereed met ’n antwoord. “People are born. People die. Those are examples of universal truths that no one can deny.”

’n Opmerking van haar kant af oor Boeddhisme herinner my toe aan ’n leerstelling van daai religie wat ek nog altyd gereken het ’n universele waarde het. “All suffering is caused by desire,” resiteer ek toe. “That could also count as a universal truth.”

Konsensieus soos sy is, skryf sy dit toe neer in haar notaboek. “What do you think of that?” vra sy my toe.

“I think it’s not that simple,” antwoord ek. “Say I want to assist someone in need and act on this desire, but suffer painful consequences because of my assistance, where did I

go wrong? Should I not have assisted the person in need? Am I being punished because of my benevolence?"

"The Buddha said …" reageer sy toe, maar ek kon nie lekker volg wat sy sê nie (sy is geneig om haarself verskeie kere in die verloop van 'n sin te korrigeer, en ek het begin dink aan my aandete wat spoedig sou aanbreek).

"That's interesting," sê ek toe sy klaar gepraat het.

Ons sessie eindig toe kort na ons gesprek oor die Boeddha. Toe ek by die klaskamer uitstap, kry ek die sensasie wat ek geïnterpreteer het as jaloesie. "Daar's geen twyfel daaroor dat die Boeddha veel wyser was as wat ek is nie, en sekerlik baie slimmer," dink ek hardop. "As ek vir 'n paar jaar in die bosse kon verdwyn en my baard en hare laat groei en nooit my tande borsel nie – wie weet waarmee 'n mens vorendag kan kom?"

Op pad terug van die groente-en-vleis plek dink ek toe verder: "Miskien moet ek meer uitvind oor hierdié man, die Boeddha, en oor die idees wat hy aan die wêreld gegee het."

Die rede hoekom ek meer wil weet oor die Boeddha is nie om myself uiteindelik as 'n Boeddhis aan die wêreld te kan voorstel nie. My identiteit, soos ek myself op hierdie stadium van my lewe ken en aan mense voorstel, is voldoende. Ek het nie nodig om te sê "Ek is …" en dan die sin te voltooi met 'n verwysing na een of ander religie nie. Godsdiens is vir miljoene mense 'n onvervangbare bepaler van identiteit. Gelowiges voer ook aan dat die godsdienste waaraan hulle glo die draers is van universele waarhede – terwyl dit in werklikheid die draers is van 'n aansienlike hoeveelheid kulturele taboes, voorkeure, vooroordele en reëls wat voorgehou word as "waarhede". Vir vele mense is die soektog na 'n identiteit egter van groter belang as waarheid. Godsdiens X is dan vir Persoon Y die waarheid, want hy is 'n volgeling van Godsdiens X, eerder as dat hy 'n volgeling is van Godsdiens X want, soos hy dalk kon verduidelik, "Na deeglike oorweging en jare se studie het ek gevind dat hierdie religie die mees omvattende begrip verskaf van die lewe soos ek dit ervaar, en is dit derhalwe my volgelingskap waardig."

Nietemin, die rede hoekom ek meer wil lees oor Meneer Gautama is omdat ek nuuskierig is om te weet met watse idees 'n man vorendag kom as hy jare lank in die wildernis woon, met min, of geen kontak met ander mense nie. Met watse begrip van die lewe en van menslike bestaan sal 'n mens vorendag kom as jy vir maande lank alleen in die bosse woon, nooit skeer nie, nooit jou tande borsel nie, nooit bad nie, nooit jou klere was nie, op die grond slaap, water uit 'n rivier drink, siek word maar nie dokter toe gaan nie, tandpyn ontwikkel maar nie tandarts toe gaan nie; as jy blare en wortels en vrugte eet, en geen vleis nie, en jy dae en nagte spandeer deur meestal onder 'n boom te sit en te dink oor vrae aangaande die menslike bestaan? Met watse antwoorde sal jy vorendag kom?

-----------

Ek het 'n tyd gelede gevra: Woestyn of Stad? Verskyn of Verdwyn? In ag genome waar ek vandaan kom, en in ag genome die wêreld waarmee ek bekend is, het ek gekies vir Stad, en derhalwe om te verskyn, eerder as om te verdwyn soos 'n moderne askeet en om in stilte, en op my tyd, menslike bestaan te kontempleer.

Ek het ook gesê, as ek Stad kies, as ek kies om te verskyn as die spesifieke persoon wat ek ontdek het in my kop en in my liggaam, en wie ek gedefinieer het om te wees en wie ek kies om te wees, kan ek dit nie langer alleen doen nie. Ek het 'n maat nodig, het ek neergeskryf in een of ander notaboek.

Enkele weke na ek bogenoemde gedagtes noteer het, het ek 'n jong vrou ontmoet. Binne enkele maande het ons gevind dat ons dinge in mekaar sien, en het ons geglo dat ons iets by mekaar sal vind, wat nie een van ons tot op daai punt in ons lewens by 'n ander persoon gesien het of kon vind nie.

En so is my lewe in die Stad verseker, en my verskyning as "Brand Smit" onbepaald hernu.

Steeds wonder ek: Wat sal 'n mens vind as jy die wildernis betree vir 'n onbepaalde tyd, sonder die gerief van 'n tandarts

of ’n dokter, of die luuksheid van lopende water en ’n spoeltoilet en toiletpapier, of die vermaak wat ’n TV, of die internet, of koerante en boeke, of vriende, of filmteaters mens gee. Inderdaad, wat vind ’n mens sonder liefde – as jy ’n vae idee het hoe om te soek wat jy nie noodwendig kan verwoord nie?

# “Ek” en die taal wat ons praat

Donderdag 30 Maart 2006

Ek dink: tot in my diepste wese kan ek dit aanvoel – the mother and child reunion is getting close.

Toe dink ek: “my diepste wese”? Ons word van jongs af geleer dat dit verkeerd is om te sê, “Ek praat met *ek*,” en “*Ek* diepste wese”, maar is dit verkeerd?

Taal speel ’n kardinale rol in hoe ons oor onsself dink, hoe ons oor onsself praat. Maar behoort filosowe of sielkundiges nie ’n groter sê te hê oor hierdie spesifieke aangeleentheid as taalkundiges nie?

Is dit regverdigbaar dat taalreëls en taalkundiges aan ons dikteer in watse filosofiese terme ons aan onsself moet dink en oor onsself moet praat?

Die woord “my” is ’n besitlike voornaamwoord wat gebruik word om eienaarskap aan te dui, soos in, “my huis”, “my boek”, “my pen” – maar dit dui ook verhouding aan, soos in “my vrou”, “my kind”, ensovoorts. Tog, “ek” en “myself” is nie twee verskillende entiteite nie – ek IS myself. Is dit nie dan meer akkuraat om te sê, “Ek praat met *ek*,” en “*Ek* diepste wese” nie?

## ’n Paar dae weg van Benewelde Lig

Maandag 10 April 2006

Dag 9 van my vakansie in Suid-Afrika

Elke mens het ’n omgewing waar hy of sy optimaal funksioneer – waar jy op jou beste is, of waar jy jou beste werk produseer. Die omgewings waar ek tans vakansie hou, vereis van my ’n bepaalde verskyning – om beleefd te wees, om goeie geselskap te wees, om ’n goeie gas te wees, ensovoorts. Hoewel ek reken ek oukei doen daarmee, is ek bewus daarvan dat hierdie nie die omgewings is waarin ek optimaal funksioneer nie. Ek doen geen werk hier nie; ek produseer niks; ek skep niks. En hierdie is dinge waaraan ek waarde heg om myself te definieer en myself te onderskei van ander mense rondom my.

Donderdag 13 April 2006

Dag 12 …

’n Week in die Kaap, amper twee weke uit Benewelde Lig, sien die volgende gedagte as resultaat:

Religie – ritueel – omgewing met kernpunt – omgewing verander – ritueel word nie geadministreer nie vanweë afstand van kernpunt – religie word ondermyn

Identiteit – aksies wat identiteit bevestig– omgewing met kernpunt – omgewing verander – aksies wat identiteit bevestig kan nie gedoen nie vanweë afstand vanaf kernpunt – identiteit word ondermyn

Resultaat: selfvertroue word ondermyn, spanning verhoog, potensiaal vir interpersoonlike konflik neem toe

Kort-termyn oplossing: geloof

* * * * * * * * * * * * * * *

Dinsdag 13 Junie 2006

21:20

Uitstaande kenmerke wat jou lewe op stadium X gedefinieer het wat teen stadium Y "verval" het, en kenmerke wat in stadium Y jou lewe definieer, wat op stadium X geen rol gespeel het nie. Dit impliseer dat jy op een of ander stadium stadig maar seker opgehou om X te wees, en begin het om Y te word.

Dus: stop, en begin om te word.

21:23

Sekerlik is daar vele mense wat nooit bewus is van hierdie proses nie. Die intellektueel verligte persoon is nie net bewus van hierdie proses nie, maar kan berekend wees daaroor.

* * * * * * * * * * * * * * *

Dinsdag 5 September 2006

Ek raak toenemend bewus van die tekortkominge in my begrip van die lewe en hoe dinge werk – en ek dink nie dit is omdat ek enige iets vergeet het wat ek voorheen verstaan het nie!

Dis soos om 'n boek te lees, om te blaai … en niks. Jy blaai terug: daar's die teks en die eerste deel van 'n sin, maar die sin gaan nie voort op die volgende blad nie – asof dit nog nie klaar geskryf is nie.

Dit sê vir my dat ek moet gaan soek vir die res van die teks, of ek moet die regte skrywer opspoor – of ek moet wag dat die res van die teks na my toe kom sodat ek self die res van die bladsye kan opvul.

* * * * * * * * * * * * * * *

Vir sommige mense raak identiteit ’n krisis wanneer hulle besef hulle het veelvuldige keuses, opsies, en moontlikhede.

* * * * * * * * * * * * * * *

## Vind eers, definieer dan jouself

Maandag 25 Junie 2007

Jy gaan op ’n “soektog” om jouself te “vind” omdat jy glo jy “verlore” is – en dan, so glo baie mense, kom jy op ’n punt waar jy ontdek wat jy veronderstel is om te wees, of jy sien bloot wat oorbly na die “soektog” weggeskraap het wat jy gedink het jy moet wees. Dit laat mens dink aan iemand wat in ’n winkelsentrum rondstap vol klerewinkels en nie regtig weet waarna hulle soek nie, maar wat nietemin probeer om soveel as moontlik te sien, en dan hulle reaksies te evalueer op wat hulle sien.

Om jouself te definieer is meer soos iemand in dieselfde winkelsentrum wat besig is om klere aan te pas en ’n uitrusting bymekaar te sit wat ’n uiterlike manifestasie sal wees van wie en wat hy of sy wil wees. Hoe het hierdie persoon in die eerste plek uitgewerk wie hulle wil wees? Deur rond te stap, soveel as moontlik waar te neem, en hulle reaksies te evalueer.

* * * * * * * * * * * * * * *

Maandag 8 Oktober 2007

Ek het ’n paar dae gelede twee dokumentêre programme oor Noord-Korea gekyk. Enkele opmerkings: Noord-Koreane werk met die realiteit waarmee hulle gebore is. Hulle kan nie funksioneer asof hulle byvoorbeeld Amerikaners is wat in Chicago gebore is nie, want dit sal eenvoudig nie bevorderlik wees vir hulle daaglikse voortbestaan nie. Hulle praat Koreaans; hulle resiteer hul ede van lojaliteit aan die Beminde Leier; hulle werk, eet, slaap, neem deel aan massa-uitvoerings, trou, kry kinders, lag, huil, kry swaar; hulle geniet die klein dingetjies in die lewe, en die samesyn van vriende en familie; hulle kritiseer nie die staat of die owerhede, of die Beminde Leier se lengte of gewig of haarstyl nie; en uiteindelik gaan hulle dood.

* * * * * * * * * * * * * * *

Donderdag 21 Februarie 2008

Die eerlikste verskyning wat mens ooit sal maak, is wanneer jy slegs aan jouself verskyn.

Probleem is, as jy altyd slegs aan jouself verskyn, sal jou kanse skraal wees om te ervaar wat beskryf kan word as geluk. Of jy ooit sal voel jou lewe het enige betekenis, is ook debatteerbaar. So, om geluk te ervaar en betekenis aan jou lewe te gee, verskyn jy aan ander mense.

Hoe belangrik is eerlike verskyning – vir jou? Hoe kan eerlike verskyning gedefinieer word? Kan jy geluk ervaar as jou verskynings nie eerlik is nie? Kan jou lewe waarde hê al is jou verskynings nie eerlik nie? (Ek dink, ja.) Kan jy ’n bewussyn hê daarvan dat jou lewe betekenisvol is as jou verskynings nie eerlik is nie? Kan jy ’n bewussyn hê daarvan dat jou lewe betekenisvol is al beteken jou lewe nie enige iets

vir iemand anders nie, maar jou beperkte verskynings is eerlik?

* * * * * * * * * * * * * * *

Woensdag 5 Augustus 2009

Sekerlik is daar mense wat sê, “My naam is Jan Burger. Ek het al gelees en gehoor dat mense praat van vind jou ware self, kies jou eie naam en sulke goed, en ek weet my naam is nie *wie* ek is nie – maar dit werk goed genoeg vir my.”

Ook: “Ek weet nie altyd wat bedoel word met ’n agenda nie. Ek weet ook nie of ek ook het wat party mense noem, ’n *persoonlike* agenda, nie. Ek werk vir ’n saak waaraan ek glo. Ek doen my bes om mense by te staan wat sukkel om hulle eie koppe bo water te hou. Of my naam Jan of Koos, of Oom of Boet is, dit maak minder saak as my aandeel in hierdie stryd. Persoonlike agenda? Ek dink party mense fokus dalk te veel op hulleself.”

* * * * * * * * * * * * * * *

Dinsdag 10 Augustus 2010

Dit kom nou al ’n paar maande. ’n Week of twee gelede wou ek ’n nota daaroor maak: die Waarheid.

Die Waarheid is vibrerende subatomiese deeltjies. Dit – dit is die werklike, eindpunt-na-jy-al-die-res-afgestroop-het, werklik-soos-wat-werklik-kan-wees waarheid.

Wat ons dink en wat ons doen as deel van hierdie “Uber” Realiteit, word óns realiteit, óns lewens.

* * * * * * * * * * * * * * *

## Heel waarskynlik nie wat jy dink jy is nie

Dinsdag 6 Maart 2012

Soos ek deur my Julie 2004 notas oor die SELF lees, word ek herinner daaraan dat die konsep van die "persoon" moeilik is om vas te vat.

Fisies is 'n persoon 'n versameling selle (meer as tien triljoen van hulle), wat op hulle beurt bestaan uit proteïne en nukleïnesure en ander biomolekules, wat op hulle beurt bestaan uit nog kleiner dele genaamd atome, wat weer bestaan uit subatomiese deeltjies. Meeste van die selle waaruit die mens bestaan, wat hare vorm, en vel, en naels en bloed en geraamte, word vervang teen wisselende spoed – van elke paar dae tot elke paar jaar. Fisies is 'n betekenisvolle persentasie van jou dus nie werklik ouer as 'n paar jaar nie. Jy is tot 'n groot mate nie dieselfde versameling selle wat jy was tien jaar gelede nie!

As jy dink die fisieke aard van die mens is moeilik om vas te vat, gaan die psigiese aard van die mens jou nog meer laat gryp na iets om aan vas te hou. Hoe presies werk geheue? Hoe weet jy wie jy is? Hoe vorm persoonlikheid, en hoe verander dit? Hoe maak jy keuses? Hoe besluit jy op jou voorkeure en jou afkeure? Hoekom hou jy van sekere dinge of van sekere mense of plekke, en jy haat ander dinge of plekke, en vermy sekere mense soos die pes? Hoeveel *besluit* jy, en hoeveel *ontdek* jy? Tot watter mate is sogenaamde vrye wil 'n illusie?

Woensdag 7 Maart 2012

Moontlikhede vir die onstaan van die SELF:

Moontlikheid een: Binne enkele oomblikke nadat die kind gebore word, is daar 'n "wind" wat deur die vertrek waai. Die pasgebore kind se bewussyn van self word kort daarna geaktiveer, as't ware. In hierdie geval sal dit sin maak om te

vra, “Wie of wat het dit veroorsaak?” Dit maak verder sin dat mens by hierdie bewussyn-aktiveerder (of Bewussyn-Aktiveerder) antwoorde, of dan ten minste leidrade, sal soek oor die doel en betekenis van jou bestaan.

Moontlikheid twee: Dit is ’n stadige proses wat in klein inkremente gebeur: aanvanklik niks, of amper niks; later sal ’n mens kan sê dat “êrens tussen Maart en Junie” die kind ’n bewussyn van homself ontwikkel het. Dit sal dalk verduidelik hoekom ’n pasgebore baba soveel skree. As hulle die woorde geken het, sou hulle heel moontlik wou gil: “Wat de hel?! … was die een oomblik nog deel van iets … en die volgende oomblik … Wat gaan hier aan? Wat is ek?!” In hierdie geval is daar geen dramatiese oomblik waar die bewussyn geaktiveer is nie, so daar is niemand of niks om te probeer kontak vir antwoorde nie.

## Die man sonder identiteit

Dinsdag 1 Mei 2012

Ek lees deur die 2004-stuk, "Ek besit sewe onderbroeke …". Weereens interesseer die idee my: Wat sal gebeur as iemand – miskien in sy tienerjare (jonger is te vroeg, later is dalk te laat) – moet sê: "Ek sien wat hier aangaan, en ek gaan nie saamspeel nie."

Hierdie persoon ontken dan sy gegewe naam, en weier om enige ander naam aan te neem. Hy weier om vrae te beantwoord oor waar hy vandaan kom. Hy bely geen geloof nie. Hy verwoord geen ambisies of drome nie. Hy besit niks; nie eens die klere aan sy lyf nie (hy sou kaal rondgeloop het, maar hy het moeg geraak daarvoor om gearresteer te word). Hy uiter nooit enige woord nie – siende dat amper enige iets wat hy sal sê, hom sal identifiseer as deel van 'n sekere taalgemeenskap.

Is dit onvermydelik dat hy weggesluit sal word, en as geestelik versteurd bestempel sal word?

Hoe sou sy lewe ontvou in die dekades na sy rewolusionêre besluit?

# Een of twee punte oor identiteit en geldmaak

Woensdag 4 Julie 2012

Ek het voorheen gereken dat om te sê, “Ek is ’n advokaat,” moet nie gesien word as ’n stelling van identiteit nie. Dit is bloot hoe jy geld maak. Ek het gereken as jy jou werk wil noem, dit meer korrek sal wees om te sê, “Ek maak geld as ’n advokaat,” as om te sê, “Ek is ’n advokaat.”

Toe, oor die volgende paar jare raak dit toenemend duidelik aan my dat hoe jy geld maak, ’n redelike belangrike deel is van jou identiteit – klink sinvol genoeg, maar dis steeds die tipe ontdekking wat ek self, op my eie tyd moes maak. Jy kan dus nie sê, “Ek is X” en “Ek maak geld met Y” en verwag dat die een niks met die ander te doen sal hê nie. “Ek is ’n advokaat” is nie ’n stelling wat ’n persoon se hele identiteit verteenwoordig nie, maar dit is wel ’n belangrike aspek van daai persoon se identiteit.

Die ander groot ontdekking was te verwagte. As jy nie weet wie jy is as geldmaker nie, gaan jy dit moeilik vind om geld te maak.

Ook goed om die teenoorgestelde in ag te neem: As jy deur die proses gegaan het om uit te sorteer, te ontdek en te kies hoe jy wil geld maak – en dan op ’n manier, of selfs maniere, wat jou persoonlikheid en talente pas, sal jy heel waarskynlik vind dat jy minder struikelblokke onbewustelik in jou eie pad rol.

* * *

Wat doen ’n mens dan met Karl Marx wat geskryf het in ’n meer ideale wêreld sal dit moontlik wees om vandag een ding te doen, en môre ’n ander – om groente te plant in die oggend, vis te vang in die middag, na jou koeie om te sien in die aand, en na aandete ’n toespraak af te steek oor ’n politieke traktaat

wat jy gelees het, sonder om ooit groenteboer, visserman, beesboer of politikus te word?

Dalk het Marx veronderstel dat mens nie nodig sal hê om geld te maak in ’n ideale wêreld nie. Iemand sou wel moes jag of groente plant; iemand sou moes visvang; vee en ander diere sou steeds gevoer moes word; en iemand moes steeds opinie kon vorm en opinie kon kritiseer. In Marx se ideale wêreld, as jy dus bekwaam was in enige of al hierdie terreine, het jy die werk gedoen sonder om aan jouself te dink as groenteboer, visserman, beesboer of politikus. Verwyder geld uit die storie, en verwag dat dinge anders daarna sal uitsien.

Maandag 9 Julie 2012

Ek glo in myself – oftewel, ek het sekerlik wat beskryf kan word as ’n positiewe selfbeeld (redelik belangrik siende dat mens sonder ’n positiewe selfbeeld 98 meter agter die ander atlete is in ’n 100-meter resies). Ek weet ook dat dit tot ’n groot mate ’n vertoning is, maar dat dit belangrik is omdat die vertoning praktiese waarde het. In werklikheid is daar veel meer onsekerheid. Dit moet so wees as mens eerlik wil wees.

## Identiteit en onbekende situasies

Saterdag 10 Mei 2014

My identiteit funksioneer optimaal binne sekere situasies. Hierdie situasies sluit in

- ’n verhouding met ’n spesifieke persoon;
- om ’n buitelander te wees in Taiwan;
- om in Taiwan te woon spesifiek as Suid-Afrikaner;
- om op my eie te wees; en
- om te werk as Engelse onderwyser.

Sal my spesifieke identiteit goed genoeg werk as ek skielik onderhandelings moet doen met iemand in Meksiko vir twee ton staal? Wat van as ek moet gaan werk op ’n skaapplaas in Australië?

’n Uitdaging soos hierdie sal afhang van hoe aanpasbaar my identiteit is. Dalk is daar aspekte van my identiteit in ’n intieme verhouding wat van toepassing kan wees. Of dalk is daar aspekte van my identiteit as Suid-Afrikaner in Taiwan, of as Engelse onderwyser, of waar ek op my eie aan my eie projekte werk, wat aangepas kan word vir ’n situasie wat betekenisvol verskil van die omgewings en van situasies waar my identiteit optimaal funksioneer.

As ek nie my identiteit kan aanpas by ’n nuwe omgewing nie, of in ’n situasie waarmee ek nie bekend is nie, is ek in die moeilikheid.

Dit volg derhalwe dat ek óf moet bly in omgewings en situasies waar my partikulêre identiteit optimaal kan funksioneer, óf ek sal noodgedwonge my identiteit moet … verbreed. (Hoe verbreed ’n mens jou identiteit? Onder andere deur jouself bloot te stel aan ’n wye verskeidenheid situasies, omgewings, ervarings, en aan ’n wye spektrum van mense.)

Die vraag is ook, hoe goed wil jy hê moet jou identiteit funksioneer in daai onbekende situasie of omgewing? Wil jy ’n goeie indruk maak op álmal wat jy teëkom? Wil jy erken word as gesaghebbend op een of ander gebied? Of wil jy net ’n

sekere taak verrig, waar jou unieke identiteit en persoonlikheid vir tyd en wyl tot ’n mate opgehef kan word?

## Die SELF as miljoene brokkies data

Sondag 12 Oktober 2014

’n Digitale videogreep is in werklikheid miljoene brokkies data, maar dit beweeg so vinnig, en is op so ’n wyse gegroepeer, dat die illusie geskep word van bewegende beeld – wat sin maak, en waarmee die kyker bekend is.

Bewussyn van self is dalk iets soortgelyks. Daar is nie ’n vaste punt waarna jy kan wys, of wat geïsoleer kan word as “die self” nie. Die bewussyn dat jy ’n persoon is met ’n kernpersoonlikheid wat min of meer dieselfde bly, is ’n illusie wat geskep word deur voortdurend veranderende bewussyns. Hierdie bewussyns vervang mekaar egter so vinnig – soos die brokkies data van ’n digitale videogreep, dat dit vir alle praktiese doeleindes vóél asof jy ’n enkele bewussyn-van-self het.

[Hierdie gedagte is geïnspireer deur iets wat ek gelees het in die boek, *Guide to Philosophy*, deur C.E.M. Joad.]

-----------

Op Woensdag 19 Junie 2013 het ek gelees wat die Skotse filosoof, David Hume, gesê het oor oorsaak.

My konklusie daai dag: “Die goeie nuus … nee, die slegte nuus is dat jy nie werklik bestaan nie. Die goeie nuus is dat dit nie werklik saak maak nie, want jý glo jy bestaan, en op die vreemde wyse wat ervarings gesien word as waarheid, bevestig jou daaglikse ervarings jou geloof dat jy werklik bestaan.”

## ’n Naam wat jou sê waar om te soek

Maandag 22 Desember 2014

’n Naam, dit weet almal, is meer as ’n klank wat geuiter word wanneer iemand spesifiek jóú aandag wil trek. Dis meer as ’n trek van lyntjies en krulle op papier vir administratiewe doeleindes. ’n Naam koppel jou aan mense, en aan verhoudings. Ek is nie net “Brand Smit” nie – ek is “Brand”, seun van “Barend” en “Adriana”.

Hierdie verbintenis gee vir jou ’n aanduiding van hóé en moontlik selfs wáár jy jouself moet posisioneer. Byvoorbeeld, is “Barend” en “Adriana” figure in die Russiese kriminele onderwêreld? Is hulle Inuïete wat woon in ’n nedersetting in die noorde van Kanada? Is hulle wynboere in Chili?

Soos dit uitgewerk het, is my ouers pottebakkers en besigheidsmense van meestal Europese afkoms, wat Afrikaans praat en grootgeword het in hoofsaaklik Afrikaanse gemeenskappe in Suidelike Afrika. Dit gee vir my iets om mee te werk, of dit het vir my iets gegee om mee te werk beginnende ’n bietjie meer as veertig jaar gelede.

Daar is een belangrike punt wat ek vermoed baie mense miskyk, of misverstaan. Hierdie inligting oor my kulturele, etniese en linguistiese herkoms het nie vir my gesê wié om te wees of wát om te doen nie, dit het bloot vir my gesê wáár om te kyk vir idees oor wat om te doen en wie om te wees. Dit sê dus nie, wéés dit nie. Dit sê: Soek hier.

## Jy – is ’n vloeibare konsep

Woensdag 11 Maart 2015

Ek dink gisteraand hoe dit gewoonlik nie veel vat om weer my belangstelling te prikkel in die konsep van identiteit nie. Een van die dinge wat dit so interessant maak is dat baie mense hul identiteit verabsoluteer – hulle glo wie en wat hulle is, is vasgelê, en dis eenvoudig hoe dit is.

Een voorbeeld is ’n 22-jarige vrou wat in ’n selfoonwinkel werk. Sy dink dalk aan haarself op ’n sekere manier, maar verander haar omgewing, die mense om haar, die ekonomiese behoeftes van die gemeenskap, en binne ’n paar jaar is sy ma van ’n paar kinders en getroud met ’n arm boer wat ’n bestaan probeer maak uit ’n lappie droë grond.

Natuurlik is dit elkeen van ons se eie besigheid om te wonder watse ander rolle of identiteite binne ons sluimer wat dalk nie tans ’n geleentheid het om uit te kom nie. Jy is dalk tans ’n losloper man of vrou in jou dertigs, maar binne jou skuil ’n hoogs bevoegde ma of pa. Jy sukkel dalk tans in jou beroep, maar binne tien jaar doen jy praatjies oor beroepskeuses en hoe om jou kanse op sukses te verbeter. Of, jy sukkel dalk tans met gesondheidsprobleme of selfs met verslawing, maar binne jou skuil ’n gesondheidskonsultant of fiksheidsinstrukteur.

Identiteit is ’n vloeibare konsep – moenie jouself toesluit voor jou beste identiteit kans gehad het om te ontwikkel nie.

* * * * * * * * * * * * * * *

Donderdag 3 Desember 2015

Die lewe is …

- wat aan jou gegee is – genetiese samestelling, sosio-ekonomiese agtergrond, taal, kultuur en etnisiteit;
- wat ander mense doen;
- jou eie keuses;
- ander mense se reaksies op jou keuses en handelinge; plus
- wat die natuur doen.

Dit wil sê, die lewe soos ons dit ken, bestaan uit drie dele waaroor ons geen beheer het of beheer gehad het nie, een deel waar vrye wil tot ’n mate saak maak, en een deel wat vloei uit ons keuses en handelinge maar waaroor ons nie veel beheer uitoefen nie.

* * * * * * * * * * * * * * *

* * * * * * * * * * * * * * *

Indien jy hierdie bundel geniet het, of dit opvoedkundig gevind het, oorweeg dit asseblief om ’n gedrukte kopie te koop, of ’n elektroniese kopie vir jou leestoestel.

Onthou: die skrywer moet ook eet en huur betaal!

BRANDSMIT.NET/**BOEKWINKEL**

* * * * * * * * * * * * * * *



* * * * * * * * * * * * * * *

Beskikbare titels deur Brand Smit – in beide digitale en gedrukte formaat:

*In die greep van ketters – of, Die Christen*
*Nie tafel, hond of potlood nie*
*Die werklike, of nie-werklike doel van ons bestaan*
*Solank jy staande bly …*
*Die noodsaaklike onaangenaamheid*
*Die volwasse lewe*
*Oor skryfwerk en die skrywer*
*Ballingskap*

*Dertien minute op 'n Saterdagaand*
*Tyd vlieg nie regtig nie*

*Koors/Fotografie: Twee versamelings gedigte*

Meer inligting is beskikbaar op die skrywer se webwerf:

BRANDSMIT.NET

* * * * * * * * * * * * * * *